# DIE "NEW RIGHT"-BEWEGING AS REAKSIE OP DIE SEKULêR-HUMANISTIESE OPVOEDINGSGEDAGTES IN NOORD-AMERIKA

Henning Johannes Joubert, Hons. B.A., B.Ed., TOD

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Educationis in die Fundamentele Opvoedkunde (Nagraadse Skool vir Opvoedkunde) van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. dr. J.L. van der Walt

Potchefstroom

Mei 1994

**INHOUDSOPGAWE**


| | | |
|---|---|---|
| Voorwoord | | vi |
| Dankbetuigings | | vii |
| Opsomming | | viii |
| Summary | | x |
| 1 | DIE NEW RIGHT-BEWEGING AS REAKSIE OP DIE SEKULêR-HUMANISTIESE OPVOEDINGSGEDAGTES IN NOORD-AMERIKA | 1 |
| 1.1 | Inleiding | 1 |
| 1.2 | Agtergrond en konteks van die probleem | 1 |
| 1.3 | Probleemstelling | 3 |
| 1.4 | Aktualiteit | 4 |
| 1.5 | Die doel van die navorsing | 6 |
| 1.6 | Metode van ondersoek | 6 |
| 1.6.1 | Literatuurstudie | 6 |
| 1.6.2 | Die metode van fenomeenanalise | 6 |
| 1.6.3 | Die prinsipieel-besinnende metode | 7 |
| 1.6.4 | Die prinsipieel-beskrywende metode | 7 |
| 1.6.5 | Die probleemhistoriese metode | 7 |
| 1.6.6 | Die transendentaal-kritiese metode | 8 |
| 1.6.7 | Die struktuur-empiriese metode | 9 |
| 1.7 | Terreinafbakening | 10 |
| 1.7.1 | Wetensgebied | 10 |
| 1.7.2 | Geografiese gebied | 10 |
| 1.7.3 | Belangrike begrippe | 11 |
| 1.8 | Die program van ondersoek | 11 |
| 1.9 | Samevatting | 12 |
| 2 | PRESISERING VAN DIE BEGRIP NEW RIGHT: DIE ONTSTAANSOORSAKE VAN DIE NEW RIGHT-BEWEGING EN 'N TIPERING VAN DIE SEKULêRE HUMANISME | 13 |
| 2.1 | Inleiding | 13 |
| 2.2 | Presisering van die begrip New Right | 13 |
| 2.3 | Sekulêre humanisme | 15 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.3.1 | Algemeen | 15 |
| 2.3.2 | Sekulêr | 15 |
| 2.3.3 | Humanisme | 15 |
| 2.3.4 | Die saamgestelde begrip: Sekulêre humanisme | 17 |
| 2.3.5 | Enkele kenmerke en beginsels van die New Right Beweging | 17 |
| 2.4 | Die ontstaansoorsake van die New Right-beweging | 19 |
| 2.4.1 | Inleiding | 19 |
| 2.4.2 | Sosiopolitieke en ekonomiese oorsake | 20 |
| 2.4.3 | Godsdienstige oorsake van die ontstaan van die NR | 21 |
| 2.5 | Vraagstukke waarmee die NR hom besig hou en strategieë ter oplossing daarvan | 23 |
| 2.5.1 | Inleiding | 23 |
| 2.5.2 | Die gesinslewe | 24 |
| 2.5.2.1 | Algemeen | 24 |
| 2.5.2.2 | Aborsie | 25 |
| 2.5.2.3 | Die Equal Rights Amendment (ERA) | 25 |
| 2.5.3 | Pornografie | 25 |
| 2.5.4 | Onderwys | 26 |
| 2.5.4.1 | Inleiding | 26 |
| 2.5.4.2 | Skepping en evolusie | 27 |
| 2.5.4.3 | Gebed | 28 |
| 2.5.4.4 | Enkele ander vraagstukke oor die onderwys | 28 |
| 2.5.4.5 | Ateïstiese humanisme | 30 |
| 2.5.4.6 | Privaatskole | 30 |
| 2.5.5 | Die Christian Day school Movement | 30 |
| 2.5.5.1 | Algemeen | 30 |
| 2.5.5.2 | Oorsake van die Christelike skoolbeweging | 31 |
| 2.5.5.3 | Kenmerke van die Christelike dagskole | 33 |
| 2.5.5.4 | Implikasies van die stigting van Christelike dagskole | 35 |
| 2.5.5.5 | Enkele kritiese opmerkings oor die Christian Day school Movement | 36 |
| 2.5.5.6 | Gevolgtrekking | 38 |
| 2.5.6 | Politiek en ekonomie as vraagstukke waarmee die NR hom besig hou | 38 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.5.7 | Godsdiens | 40 |
| 2.6 | Algemene kritiek teen die NR | 42 |
| 2.7 | Samevatting | 45 |
| 3 | DIE FILOSOFIESE UITGANGSPUNTE, GRONDSLAE EN OPVOEDINGSLEER VAN DIE NEW RIGHT-BEWEGING | 47 |
| 3.1 | Inleiding | 47 |
| 3.2 | Filosofiese grondslae/(voor-)teoretiese uitgangspunte van die NR | 47 |
| 3.2.1 | Teo-logie (Godsbeskouing) | 47 |
| 3.2.2 | Kosmologie (werklikheidsbeskouing) en ontologie (synsleer) | 48 |
| 3.2.3 | Religie | 49 |
| 3.2.4 | Antropologie (mensbeskouing) | 49 |
| 3.2.5 | Morele/etiese beskouing van die NR | 51 |
| 3.2.6 | Die NR se samelewingsteorie | 52 |
| 3.2.6.1 | Algemeen | 52 |
| 3.2.6.2 | Die kerk | 53 |
| 3.2.6.3 | Die skool | 53 |
| 3.2.6.4 | Die gesin | 54 |
| 3.2.6.5 | Die staat | 54 |
| 3.2.7 | Kennisbeskouing (epistemologie) van die NR | 55 |
| 3.3 | Enkele teoretiese grondslae van die NR | 57 |
| 3.3.1 | Algemeen | 57 |
| 3.3.2 | Die wetenskaplike vertrekpunt van die NR | 57 |
| 3.3.3 | Die aard van wetenskaplike kennis | 57 |
| 3.3.4 | Kennis soos uitgedruk en saamgevat in skoolvakke (vergelyk ook 3.4.3) | 58 |
| 3.4 | Opvoedingsteorie van die NR | 58 |
| 3.4.1 | Die wese van opvoeding | 58 |
| 3.4.2 | Die doel van opvoedende onderwys | 60 |
| 3.4.3 | Inhoud (kurrikulum) | 60 |
| 3.4.4 | (Opvoedende) onderwysmetodes | 63 |
| 3.4.5 | Die noodsaaklikheid van opvoedende onderwys | 63 |
| 3.4.6 | Die Christelike skool | 64 |
| 3.4.7 | Tug | 65 |
| 3.4.8 | Gesag en dissipline | 66 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4.8.1 | Algemeen | 66 |
| 3.4.8.2 | Gesag | 66 |
| 3.4.8.3 | Dissipline | 67 |
| 3.4.9 | Die rol van die ouer in die opvoedingsituasie | 68 |
| 3.4.10 | Die rol van die onderwyser | 69 |
| 3.4.11 | Kindbeskouing | 70 |
| 3.4.12 | Die gemeenskap | 71 |
| 3.4.13 | Die kerk | 71 |
| 3.4.13.1 | Algemeen | 71 |
| 3.4.13.2 | Die doel van die kerk se opvoedende onderwystaak | 73 |
| 3.4.13.3 | Metodes in kategese-onderrig | 73 |
| 3.5 | Samevatting | 73 |
| 4 | DIE BETEKENIS VAN DIE NEW RIGHT VIR (MOONTLIKE) ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE RSA | 75 |
| 4.1 | Inleiding | 75 |
| 4.2 | Enkele prinsipiële onderwysvraagstukke in die RSA | 77 |
| 4.2.1 | Inleiding | 77 |
| 4.2.2 | Christelike opvoedende onderwys en die demokratiese beweging | 78 |
| 4.2.3 | Toepassing van die beginsels uitgespel in die RGN verslag (1981) | 79 |
| 4.2.4 | Een onderwysstelsel vir almal | 80 |
| 4.2.5 | Die vraag na relevante onderwys | 82 |
| 4.2.6 | Soewereiniteit in eie kring | 83 |
| 4.2.7 | Die invloed van rasionalisering in die onderwys op Bybelonderrig | 83 |
| 4.2.8 | Onderwysvernuwingstrategie (1992) | 84 |
| 4.2.9 | 'n Algemene toestand van onsekerheid | 85 |
| 4.2.10 | Christelike onderwys in die toekomstige bedeling | 86 |
| 4.2.10.1 | Algemeen | 86 |
| 4.3.10.2 | Historiese oorsig oor Christelike onderwys in Suid-Afrika | 86 |

4.2.10.3 Christelike onderwys in die toekoms (ook met verwysing na Bybelkunde en Bybelonderrig) 87
4.2.11 Sekulêre humanisme in 'n nuwe bedeling in die RSA 92
4.2.12 Skeiding tussen kerk en staat 96
4.2.13 Die gesinslewe 96
4.2.14 Christelike opvoeding deur middel van privaatskole 97
4.3 Gevolgtrekking 99

5 BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 102
5.1 Inleiding 102
5.2 Bevindings 102
5.3 Gevolgtrekking 105
5.4 Aanbevelings 106
5.4.1 Aanbevelings voortvloeiend uit die studie 106
5.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing 107
5.5 Samevatting 108

BRONNELYS 110

**VOORWOORD**

Hierdie studie is onderneem om 'n bydrae te probeer maak ter bevordering en behoud van Christelike opvoedende onderwys. Die studie is onderneem vanuit die gesigspunt van 'n Bybelkunde- en Bybelonderrigonderwyser wat 'n Christelik-Reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing huldig.

Toe die studie 'n aanvang geneem het (1988), was dit nog nie 'n uitgemaakte saak dat die omstandighede in die RSA tot so 'n mate sou verander as wat tans (April-Mei 1994) die geval is nie. Die grondwetlike veranderinge in die land het bykans elke lewensterrein beïnvloed. Maar al sou niks verander het nie, sou die denkrigting in die opvoedkunde waaroor gehandel word, naamlik die sekulêre humanisme, nog steeds 'n gevaar vir die Christelike opvoedende onderwys gebly het. Die gevaar het tewens groter geword en uit die studie blyk dit dat die gevaar in die toekoms nog groter sal word.

Toe die studie voltooiing nader, het die politieke en onderwyssituasies so vinnig begin verander en verduister, dat dit moeilik geword het om tred te hou met kontemporêre verwikkelinge. Hierdeur word die aktualiteit van die navorsing wat onderneem is, miskien beklemtoon. Opdaterings, byvoegings en bronverwysings kon net gedoen word tot op 10 Mei 1994 om die verhandeling gereed te kry vir eksaminering. Na 27 April 1994 het 'n nuwe hoofstuk in die land se onderwysgeskiedenis begin; iets wat nie in hierdie studie verreken kon word nie.

Op die oog af lyk dit of die studie handel oor iets wat nie op die situasie in die RSA betrekking het nie. Noord-Amerika is so ver hiervandaan. Tog is die bedreiging wat die sekulêre humanisme vir opvoedende onderwys inhou, net so aktueel as in in Noord-Amerika. Iemand het al gesê dat alles wat in die VSA misluk of verwoesting saai, oorwaai na Suid-Afrika. Die sekulêre humanisme blyk een van dié dinge te wees.

**Dankbetuigings:**

* Aan my vrou, Elsie, en die kinders, Marietjie, Henning en Annalize, vir meelewing met en belangstelling in my studie.
* Aan die Transvaalse Onderwysmediadiens, vir die vriendelike, gewillige en vinnige reaksie om bronne oor die onderwerp te vind en te versend.
* Aan mevrou Engela van der Walt van die Ferdinand Postma-biblioteek, vir die gespesialiseerde hulp met die versorging van die bronnelys.
* Aan prof. Annette Combrink, vir die vertaling van die opsomming.
* Aan mej. Sophia Swart vir die taalversorging van die verhandeling.
* Aan mnr. T. van Rooyen, hoof van die Hoërskool Schoonspruit, vir sy tegemoetkomende gesindheid, veral gedurende die laaste fase van my studie.
* Dit bly vir enige student 'n voorreg om aan die voete van 'n Gamaliël te sit. Prof. J.L. van der Walt is so 'n uitnemende leermeester - een van die grotes van ons tyd. Sy skerp intellek, akademiese vermoëns en styl, gespesialiseerde kennis oor 'n wye front, simpatieke leiding en aanmoediging was van onskatbare waarde.

Die Hemelse Vader het toegelaat dat hierdie navorsing bygedra het tot geestelike verryking en verdieping vir myself. Mag onderwysers so gelei word dat ons voortdurend kan besef dat ons met Christelike opvoedende onderwys en met verbondskinders aan die hand op heilige grond staan.

**Opsomming**

Gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu was die openbare skole in Noord-Amerika nog, wat hulle gees en rigting betref, baie na aan die ideaal van die Christelike skool. Gaandeweg het daar egter 'n sekulariseringsproses (verwêreldliking) ingetree.

Openbare onderwys het 'n laagtepunt bereik as gevolg van die invloed van die sekulêre humanisme. Deur wetgewing is God (Bybellees, gebede en Bybelonderrig) uit die openbare onderwys geban en daarom het die humanistiese opvoeding in botsing gekom met die Christelike opvoeding wat ouers graag vir hulle kinders wil gee. Die afgelope drie dekades is daar dus in die VSA 'n tendens dat Christelike privaatskole toeneem teen 'n geweldige tempo. Die rede daarvoor kan gesoek word in die wydverspreide ontevredenheid met die openbare onderwys. Die New Right-beweging is 'n Christelik-konserwatiefgesinde beweging wat hom beywer vir Christelike optrede op alle lewensterreine, maar vir die doel van hierdie ondersoek is hoofsaaklik gekonsentreer op die New Right (NR) se steun aan Christelike opvoedende onderwys.

In die RSA is ingrypende grondwetlike veranderinge besig om plaas te vind. Van owerheidsweë is die inligtingsvloei oor die bestaan en aard van Christelike onderwys in die toekoms redelik skaars. 'n Nuwe regering van nasionale eenheid sal waarskynlik nie pertinent gerig en gelei word deur Christelike norme en waardes nie, maar wel vermoedelik deur humanistiese en rewolusionêre opvattings. Alles dui daarop dat Christelike opvoedende onderwys in die toekoms nie deur wetgewing beskerm sal word nie. Tesame daarmee is geestelike vervlakking, morele verval, dalende onderwysstandaarde en kulturele en lewensbeskoulike diversiteit onder die Suid-Afrikaanse bevolking 'n gunstige teelaarde vir die sekulêre humanisme om sy greep op Christelike opvoedende onderwys op die lang duur te verstewig. Die twee wagwoorde van die sekulêre humanisme, naamlik **vryheid** en **demokrasie**, figureer reeds sterk op die politieke en onderwysterreine in die RSA.

In dié ondersoek is bevind dat die NR se opvoedingsleer ooreenstem met dié van voorstanders van Christelike opvoedende onderwys in die RSA.

Deur literatuurstudie is die volgende gevolgtrekkings gemaak:

* Die Christelik-religieuse grondmotief moet steeds 'n deurslaggewende rol in opvoedende onderwys speel.

* Ouerbetrokkenheid en -inspraak is deurlopend nodig om lewensbeskoulike kontinuïteit tussen die huis en die skool te handhaaf.
* Een onderwysstelsel wat die religieuse en kulturele diversiteit van die inwoners ignoreer, is nie verantwoordbaar nie.

Dit word aanbeveel dat die sekulêr-humanistiese aanslag in die RSA teengewerk moet word deur volgehoue Christelike opvoedende onderwys, die stig van privaatskole, staatsondersteunde skole met 'n sterk inspraak deur ouers en die ywer van toegewyde Christenonderwysers.

**Summary**

During the first decades of twentieth century public schools in North America were still, with regard to their spirit and direction, very similar to the ideal of the Christian school. Gradually, however, a process of secularization began to take place.

Public education reached a nadir as a result of the influence of the influence of secular humanism. Through legislation God (represented by Scripture reading, prayers and religious instruction) was banned from public education and humanist education came into conflict with parents who wanted their children to have a Christian education. During the past three decades there has therefore developed a trend in the USA of private schools springing up all over. The reason for this can be sought in the widespread dissatisfaction with public education. The New Right Movement is a Christian conservative movement working towards a Christian way of doing things in all spheres, but for purposes of this investigation I concentrated on the New Right Movement's support for Christian educative teaching.

In the RSA radical constitutional changes are taking place. From the side of government the flow of information about the existence and nature of Christian education in future is very thin. A new government of national unity will probably not be pertinently directed at and directed by Christian norms and values, but will probably be guided by humanist and revolutionary views. Everything points towards Christian educative teaching not being protected by law in future. Concomitant with that, spiritual superficiality, moral decay, falling educational standards and cultural and lifeview diversity among the South African population constitute a fertile soil for secular humanism in the long term to strengthen its grip on Christian educative teaching. The two catchwords of secular humanism, viz. **freedom** and **democracy**, already figure strongly in the fields of politics and education in the RSA.

The literature survey made possible the following conclusions:

* The Christian religious ground motif should still play the decisive role in educative teaching.
* Parental involvement and the right to have a say remain necessary on an ongoing basis to maintain the link between the parental home and the school in the field of lifeview.
* A unitary education system, which ignores the religious and cultural diversity of the inhabitants of the country, cannot be justified.

It is recommended that the secular-humanist onslaught in the RSA can be countered by sustained Christian educative teaching, the founding of private schools with a strong input by parents, and the energy and enthusiasm of devoted Christian teachers.

# 1 DIE NEW RIGHT-BEWEGING AS REAKSIE OP DIE SEKULêR-HUMANISTIESE OPVOEDINGSGEDAGTES IN NOORD-AMERIKA

## 1.1 Inleiding

Die een of ander hartsgegrepenheid (religie) lê opvoeding altyd ten grondslag. Alle opvoeding word dus uit die een of ander lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging gedoen. Opvoeding is nooit lewensbeskoulik neutraal nie (Van der Walt, Blaauwendraat & Kole, 1993:7). Christelike of Skrifmatige opvoeding is in Suid-Afrika goed bekend. Christenopvoedkundiges en -opvoeders is daarvan oortuig dat sodra opvoeding losgemaak word van sy fundamentele Skrifgebondenheid en sy gerigtheid op die ware God, dit mensgerig raak. As opvoeding mensgesentreerd raak, en nie meer die heerskappy van God erken nie kan dit volgens genoemde opvoeders en opvoedkundiges beskou word as 'n vorm van sekulêre humanisme (Carper, 1983:138).

Gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu was die openbare skole in Noord-Amerika nog, wat hulle gees en rigting betref, baie na aan die ideaal van die Christelike skool, maar gaandeweg het 'n sekulariseringsproses ingetree (Van der Walt & Postma, 1987:4). As gevolg van die invloed van die sekulêre humanisme word die openbare skool in Noord-Amerika steeds hewig gekritiseer: dwelmmisbruik, dalende akademiese standaarde, onbekwame onderwysers, skoolgeweld en burokrasie is onder andere as besware teen die skool aangevoer (vergelyk Reese, 1985:178).

Dit is dan die doel van hierdie hoofstuk om die navorsingsprobleem, samehangend met wat pas in die vorige paragrawe gesê is, te omlyn, die aktualiteit van die navorsing te beredeneer, die doel van die ondersoek te stel en om die metodologiese verantwoording van die navorsing te doen.

## 1.2 Agtergrond en konteks van die probleem

In Noord-Amerika is daar in onlangse tye 'n tendens dat Christelike privaatskole toeneem teen 'n tempo van twee tot drie per dag (Evearitt, 1982:26; Carper, 1983:135) vanweë wydverspreide ontevredenheid met die openbare onderwys (Reese, 1985:177). Daar is selfs beweer dat die openbare onderwys 'n laagtepunt bereik het (Brodinsky, 1983:6; Carper, 1983:142). In die openbare skool heers daar byvoorbeeld swak dissipline. Swak akademiese prestasies, die onderrig van evolusionisme en seksopvoeding stuit Christenouers veral teen die bors (Carper,

1983:135-136). Volgens Carper (1983:138) is die opvoeding in die openbare skole mensgesentreerd en gekenmerk deur sekulêre humanisme. Verskeie bronne meld dat die sekulêre humanisme een van die grondoorsake was en is vir die stigting van Christelike privaatskole. Omdat die sekulêr-humanistiese opvoeding in botsing is met die gees en rigting van die Christelike opvoeding wat die kind tuis en by die Kerk ontvang, het Christenouers in die VSA hulle begin wend tot sulke Christelike privaatskole (Dreckmeyr, 1986:36).

Hoewel kerkskole reeds sedert die volksplanting aldaar deel van die Amerikaanse samelewing was (Dreckmeyr, 1986:36), het Protestantse ouers tradisioneel nie hulle kinders daarheen gestuur nie. Fundamentele Protestante was tewens deurentyd ondersteuners van die openbare skool (Reese, 1985:176; Carper, 1983:136). Protestante het dus gehelp om beslag te gee aan openbare skole, tot dié mate dat toe die Rooms-Katolieke in die 1840's begin aandring het op belastingverligting met die oog op kerklike opvoeding, sommige Protestante dit teengestaan het omdat die privaatskole gesien is as 'n bedreiging vir die openbare skole (Reese, 1985:177).

Sedert die vroeë sestigerjare van hierdie eeu beleef Christendagskole (privaatskole) egter 'n ongekende groei. Een van die onderwyskundige strominge wat in Noord-Amerika groot opgang gemaak het, is die sogenaamde Christian Day School Movement (Carper, 1983:136). Hierdie Christelike privaatskole ontstaan onder andere uit reaksie teen rasse-integrasie en is al in die verlede afgemaak as "religious bigotry" (Reese, 1985:176). Tog is die landswye gewildheid van hierdie skole opvallend in die resente kulturele en opvoedkundige geskiedenis van Noord-Amerika (Reese, 1985:175-176).

Die klem ten opsigte van die Protestante se onderwysbenadering het dus intussen begin verskuif: Evangeliese Protestante het Christelike dagskole begin stig (Carper, 1983:136). Sulke dagskole word wel hoofsaaklik deur blankes bygewoon, maar om rassisme as rede vir hulle bestaan aan te voer, sou onakkuraat wees (Reese, 1985:177). Die hoofrede vir die ontstaan van Christelike privaatskole is volgens Reese (1985:179) dat ouers 'n behoefte het om hulle kinders basiese dinge te leer vanuit 'n Christosentriese gesigspunt.

Die Christelike konserwatiefgesinde bewussynsbeweging wat hom onder andere beywer vir Christelike opvoedende onderwys in die VSA, staan bekend as die New Right (NR). Brodinsky (1983:6) tipeer hierdie Christelike beweging as "afwykend-konserwatisties" en sê dat die beweging gelei word deur "selote en ekstremiste".

Volgens hom staan die raserige/ oorywerige kern daarvan bekend as die New Right. Die New **Christian** Right is 'n ongestruktureerde, maar identifiseerbare segment van die samelewing wat glo dat Amerika sy Christelike waardes oorboord gegooi het en dat 'n koersaanpassing nodig is om dit te herwin (Van Brummelen, 1989:2). Die New (Christian) Right is 'n beweging wat sy invloed gedurende die 1980's laat begin geld het en dit konsentreer veral op drie sake, naamlik die televisie, die gesin en die skool (Van Brummelen, 1989:2).

Dit is duidelik dat die term **New Right** in sekere kringe 'n skeldnaam is vir mense met 'n konserwatiefgesinde Christelike bewussyn. Van der Walt en Postma (1987:1) toon twee motiewe aan waarom kampvegters vir 'n religieus-neutrale skool neerhalend praat van die **New Right**. Aan die een kant word die beweging gekontrasteer met die sogenaamde **Old Right** wat in skering en inslag antisosialisties en antikommunisties was (vergelyk ook Ravitch, 1983:6). Aan die ander kant word die beweging gekontrasteer met die **New Left**, 'n kontrakulturele beweging of stroming van die sestiger- en sewentigerjare van hierdie eeu.

Persone wat teen die New Right gekant is, gebruik naas hierdie benaming ook ander woorde soos "new conservatists", "new rightists", "Christian rightists", "fundamental protestants" (Pierard & Clouse, 1983:194-196), "conservative religionists", "Biblical fundamentalists", "religious conservatives", "sectarians" (Asimov [ed], 1986:40,41) en "new religious right" (Johnston, 1984:4).

## 1.3 Probleemstelling

Teen die agtergrond soos hierbo uiteengesit, moes die volgende drie probleemvrae deur navorsing beantwoord word:

1 Wat is die ontstaansoorsake van die New (Christian) Right-beweging?
2 In welke opsigte is die New (Christian) Right antiteties ingestel teenoor die sekulêre humanisme en sy gepaardgaande opvoedingsgedagtes?
3 Wat is die moontlike betekenis van die New (Christian) Right-beweging vir die onderwysontwikkeling in die RSA?

## 1.4 Aktualiteit

Die sekulêre humanisme het 'n verwoestende uitwerking op die opvoedende onderwys in Noord-Amerika gehad. Dit vertoon nie net 'n nie-Christelike karakter nie, maar selfs 'n anti-Christelike karakter (Carper, 1983:136).

Hoewel wetgewing in die Republiek van Suid-Afrika tot nou toe (1994) bepaal het dat opvoedende onderwys vir blankes 'n Christelike karakter moet dra (Wet 39/1969), neem sedelike vervlakking hier ook opsigtelik en onrusbarend toe. Die redes daarvoor kan in 'n wye spektrum van oorsake gevind word, byvoorbeeld die invloed van televisie, rolprente, geweld, die New Age-beweging, sekularisme en Satanisme. Dis egter nie die doel van die studie om al hierdie oorsake te bespreek nie.

Dit is verder belangrik om in gedagte te hou dat die RSA besig is met ingrypende konstitusionele ontwikkeling. Ten spyte van die vermelde wetgewing is die staatskool in Suid-Afrika reeds lewensbeskoulik "neutraal". Die moontlikheid bestaan dat Suid-Afrika ook mettertyd kan sit met 'n "ontploffing" van (konfessionele) privaatskole (Postma & Van der Walt, 1984:134,135) uit ontevredenheid met die gees en rigting van die openbare skool.

Gedurende die loop van 1989 het die Suid-Afrikaanse Regskommissie 'n voorgestelde **Handves van Menseregte** die lig laat sien. Dit hou ook belangrike implikasies in vir onder andere die verhouding tussen staat en Christelike onderwys. Raath (1990:5,6) wys daarop dat dit insiggewend is om te let op die drastiese implikasies wat soortgelyke maatreëls elders in die wêreld gehad het en in die besonder vir die regstelsel van die RSA kan hê. Hy wys op 'n aantal moontlike implikasies vir die Suid-Afrikaanse samelewing soos:

* Geen Bybelonderrig aan leerlinge in openbare skole nie, al sou ouers toestemming daartoe gee.
* 'n Skooldag mag nie met Skriflesing en/of gebed geopen word nie.
* Geen finansiële bystand aan private kerkskole nie; ook nie staatsubsidie om salarisse van onderwysers te ondersteun nie.
* Wanneer so 'n **Handves van menseregte** geïmplementeer word, sal dit waarskynlik die spore van die klassieke rewolusionêre menseregte dra, terwyl God en 'n Godsbelydenis daaruit geban sal wees (Raath, 1993[b]:14).

In Julie 1992 het 'n konsepverklaring van die Wêreldkonferensie oor godsdiens en vrede in Suid-Afrika (World Conference on Religion and Peace, South Africa) die lig gesien. Die opstellers van die dokument is van oortuiging dat godsdiens in die verlede gebruik is om by te dra tot die lyding, onderdrukking en uitbuiting van mense (WCRP-SA, 1992:1). 'n Versluierde implikasie van die dokument is dat die Christelike godsdiens in die RSA nie in die toekoms sal kan staatmaak op 'n bevoorregte posisie nie. Staatskole "should provide a multifaith religious education curriculum ..." (WCRP-SA, 1992:2).

Anders as die toestand in die VSA, is dit bemoedigend om te sien dat daar in die voorgestelde verklaring wel voorsiening gemaak word vir 'n formele skakeling tussen die staat en godsdienste (WCRP-SA, 1992:2).

Dit is dus noodsaaklik en aktueel om navorsing oor Christelike privaatskole en hulle opvoedingsteorieë te doen. Die Christelike skoolbeweging in die VSA en Kanada plaas opnuut die soeklig op die eis om Christelike onderwys, ook in die RSA (Dreckmeyr, 1986:41).

Aangesien die Noord-Amerikaners goeie ondervinding van die invloed van sekulêre humanisme en die verskillende reaksies daarop het, kan navorsing daaroor vir die opvoedende onderwys in Suid-Afrika nuttig wees. Die Christelike privaatskool het byvoorbeeld 'n moontlike alternatief geword wat nie sonder meer geïgnoreer kan word nie (Dreckmeyr, 1986:41).

Samevattend kan gesê word dat 'n studie van die New Right-beweging se reaksie op die sekulêre humanisme relevant kan wees vir die Christelike onderwys in Suid-Afrika. In die VSA is daar wetgewing wat Christelike onderwys verbied. Dit is moeilik om op hierdie stadium te antisipeer hoe die konstitusionele ontwikkelinge en onderwyswetgewing in die toekoms in Suid-Afrika gaan verloop.

In hierdie studie sal daar ook gefokus word op die New Right se hantering van Christelike privaatskole, omdat soos pas gesê is, Christelike privaatskole in Suid-Afrika 'n moontlike alternatief vir die toekoms is.

Sonder om die Suid-Afrika van die toekoms en Noord-Amerika geforseerd te vergelyk, lyk dit dus of daar raakpunte kan wees sover dit die hantering van Christelike onderwys betref.

## 1.5 Die doel van die navorsing

Na aanleiding van die voorafgaande uiteensetting was die doel van hierdie studie:

1 om vas te stel wat die verskillende redes vir die ontstaan van die New (Christian) Right-beweging is;
2 om die opvoedingsteorie van die New (Christian) Right onder woorde te bring en te bepaal in welke mate dit antiteties teenoor die sekulêre humanisme as ideologie staan; en
3 om die betekenis van die New (Christian) Right-beweging vir moontlike toekomstige onderwys-ontwikkeling in die RSA te bepaal.

## 1.6 Metode van ondersoek

### *1.6.1 Literatuurstudie*

Die literatuurstudie het primêre en sekondêre bronne, 'n rekenaarsoektog en tydskrifartikels betrek. Heelwat literatuur was oor die onderwerp beskikbaar. Primêre bronne, geskrifte deur persone wat oorspronklike opmerkings oor die onderwerp maak, is geraadpleeg (Van der Walt, 1982:36). Sekondêre bronne, wat dikwels nuwe perspektiewe op die studieveld bied, is eweneens deurgewerk (Van der Walt, 1982:36).

Die volgende rekenaarsoektogte is onderneem: ERIC, NAVO, *In U Lig* en *Repertorium* van Suid-Afrikaanse artikels. Die volgende trefwoorde is gebruik: New (Christian) Right, New Religious Right, New conservative Right, sekulêre humanisme, humanism(e), secular humanism, Christian education, fundamentalism, Christian day school movement.

### *1.6.2 Die metode van fenomeenanalise*

Langs hierdie weg is 'n oorsig gekry oor die lewens- en wêreldbeskouing van die New Right en van die sekulêre humanisme.

Die vertrekpunt by hierdie metode is die sogenaamde ontologiese vraag, die "Wat is"-vraag (Van der Walt, 1982:33). Deur die metode van fenomeenanalise kon antwoorde verkry word op vrae soos: Wat is sekulêre humanisme, fundamentalisme, Christelike onderwys, die New Right en ander verskynsels?

### *1.6.3 Die prinsipieel-besinnende metode*

Dit is die metode waarvolgens deur prosesse van besinning en herbedinking tot sekere fundamenteel-opvoedkundige oortuigings en gevolgtrekkings gekom kan word (Van der Walt, 1982:37) aangaande die New Right en sekulêre humanisme. Sulke prinsipiële stellings en beginseluitsprake kan nie sonder meer empiries getoets word nie (Van der Walt, 1982:37).

By die studie van die New Right-beweging met sy Christelike bewussyn en die studie van die sekulêre humanisme met sy nie-Christelike inslag, moes prinsipieel besin word oor sake, onder meer deur die lig van die Skrif daarop te laat val.

### *1.6.4 Die prinsipieel-beskrywende metode*

Hiervolgens kan die navorser sy bevindings, gevolgtrekkinge en aanbevelings op 'n beredeneerde en logiese wyse neerskryf, sodat die navorsing vir ander lesers toeganklik kan wees (Van der Walt, 1988:226).

### *1.6.5 Die probleemhistoriese metode*

Hierdie studie handel nie oor 'n historiese probleem nie, maar daar moes gelet word op die historiese aanloop van die probleem. Dit was nodig om te let op die ontstaansoorsake van die New Right-beweging. Sonder om te oortree op die terrein van die historiese opvoedkunde, kon die historiese aanloop tot die ontstaan van die New Right nie buite rekening gelaat word nie. Met hierdie metode is daar teruggekeer na die kultuurhistoriese konteks waarin die probleem sy oorspronklike ontstaan gehad het (Van der Walt, 1988:224).

Dié metode bring ook die religieuse grondmotief en die basiese voorveronderstellinge waarmee skrywers of denkers werk, na vore (Van der Walt, 1988:224). Die probleemhistoriese metode is geskik om probleme in die opvoedingsverlede mee te ondersoek. 'n Mens leer die historiese opvoedingswerklikheid eers waarlik ken as 'n mens doelgerigte vrae daaroor stel, dit wil sê as jy 'n pedagogiese probleem kies wat vandag nog in die middelpunt van bespreking staan, en dan vasstel wat die verlede hieroor meedeel (Bisschoff & Kruger, 1981:4).

Deur gebruik te maak van dié metode word insig verkry in die opvattinge van 'n bepaalde opvoedingsdenker of -filosoof en die ontwikkeling van hierdie denke. Die

denker se verband met sy voorgangers, tydgenote en opvolgers word blootgelê (Van der Walt, 1978: 27).

### *1.6.6 Die transendentaal-kritiese metode*

In hierdie studie was dit nodig om 'n evaluering te maak van stellings en teorieë. Dit was essensieel dat die wetenskaplike deur kritiese besinning kom tot die onderkenning van daardie vooronderstellings wat die agtergrond uitmaak en die kontoere van sy wetenskaplike teorieë bepaal (Botha, 1990:13). Die Christelike wetenskapsbeoefening veronderstel dat die veld van ondersoek verlig sal word deur die Woord van God (Van der Walt, 1978:7). Die transendentaal-kritiese metode is veral gerig op die ontmaskering van religieuse grondmotiewe (Van der Walt, 1988:225). Daar word onderskei tussen vier fases waardeur die metode beweeg:

**Fase 1: Immanente kritiek**

Immanente kritiek kan ook **interne kritiek** genoem word (Botha, 1990:123). Met behulp van immanente kritiek kan logiese en ander tekortkominge en swakhede van 'n argument aan die kaak gestel word (Van der Walt, 1988:225).

Immanente kritiek is feitelike kritiek, byvoorbeeld die aanduiding van argumente wat in stryd is met bepaalde stande van sake waaroor daar reeds geldige wetenskaplike insigte verwerf is, of wat in die lewenspraktyk ervaarbaar is (Schoeman, 1983:80).

Met behulp van die immanente kritiek word inkonsekwenthede, innerlike teenstrydighede en ander foute wat iemand in sy denke maak, blootgelê. Dit beteken dat 'n mens enige teks of teorie as't ware "met 'n potlood" moet lees om vas te stel of die argumente gangbaar is en nie vol inkonsekwenthede is nie (Van der Walt, 1982:42).

**Fase 2: Transendentale kritiek**

Transendentale kritiek staan ook bekend as **vooronderstellingskritiek** (Botha, 1990:123)) waarmee deurgevra kan word na die teoretiese en voorteoretiese vooronderstellings en uitgangspunte waarop die betrokke denker sy standpunt baseer. Met dié metode kan bepaal word watter religieuse grondmotief in 'n bepaalde teorie werksaam is (Van der Walt, 1982:41; Dooyeweerd, 1953:68).

Die uitgangspunt van die Reformatoriese denker se transendentale kritiek is dat die rede van die mens nie outonoom is nie (Schoeman, 1983:80). Die religieuse grondmotief wat beslag gelê het op die hart van die mens spreek baie duidelik mee in sy wetenskapsbeoefening.

Om transendentale kritiek op 'n andersdenkende eksponent van 'n bepaalde wetenskapsrigting te lewer, beteken letterlik om jouself in sy posisie te stel en te probeer aandui hoedat sy denke deur besondere vóór-teoretiese en teoretiese voorwaardes bepaal en gelei word (Schoeman, 1983:81).

**Fase 3: Transendente kritiek**

Transendente kritiek staan ook bekend as **eksterne kritiek** waarin religieuse gegrepenhede teenoor mekaar gestel kan word en die eie standpunt teties en antiteties gestel kan word (Van der Walt, 1988:225).

Schoeman (1983:81) sê egter oor hierdie fase: "Om tydens kritieklewering bloot die eie standpunt teenoor 'n ander standpunt te stel, is geheel en al verydelend, aangesien één standpunt nie 'n ander net só kan ophef nie". Met transendente kritiek word dus gepoog om tot 'n **eie standpuntinname** te kom: die saak moet as't ware **vanuit jou eie standpunt** ingeklee of verreken word.

**Fase 4: Eksherente kritiek**

Met behulp van eksherente kritiek kan vasgestel word wat aanvaarbaar, uitvoerbaar en toepaslik gevind word in die denker se gedagtegang. Die teorie op sigself is dalk onaanvaarbaar, maar steek daar nie dalk iets van die waarheid in nie? (Van der Walt, 1982:43).

*1.6.7 Die struktuur-empiriese metode*

Dié metode wil in die Skriflig begrondend deurvra na die transendentale, respektiewelik grondliggende strukture van dinge wat binne die ervaringsveld van die mens voorkom, dog sonder om enige besondere "skepselgegewe" te wil uitsonder as finale verklaringsgrond of verklaringsbeginsel vir dinge in die skeppingsverskeidenheid (Schoeman, 1978:801).

Volgens Venter (1983:45) hou die struktuur-empiriese metode die moontlikheid in dat die opvoedkundige nie net die waarneembare objek hanteer nie, maar ook dié gegewens in verband bring met die ganse skeppingswerklikheid. Die metode verloop in drie fases:

**Fase 1: Oriënteringstap**

Die opvoedkundige maak 'n posisiekeuse - hy stel hom in op die verskynsel wat waargeneem word. Vrae soos die volgende word gestel: Waar word die opvoedingsverskynsel aangetref? Wie bring die opvoedingsverskynsel in aansyn? Wanneer is die opvoedingsverskynsel in aansyn geroep? (Venter, 1983:50).

**Fase 2: Die vraag na die ontiese status van opvoeding**

Die struktuur-empiriese metode word gebruik om die syn van die opvoedingsverskynsel te deurgrond en te ontleed. Daar is veral drie gesigspunte (kante) van die opvoeding, naamlik die ontiese, die antropologiese en die verloopswyse-kante (Venter, 1983:50).

**Fase 3: Intersubjektiewe kontrole en sistematisering (Venter, 1983:50)**

## 1.7 Terreinafbakening

### *1.7.1 Wetensgebied*

Die ondersoek lê op die terrein van die fundamentele opvoedkunde, aangesien dit handel oor die beginsels van en lewensbeskoulike vraagstukke waarmee die New Right te make het. Die studie val om 'n ander rede ook binne die vakgebied van die Fundamentele opvoedkunde: dit het te doen met die religieuse grondmotiewe van die New Right en die sekulêr-humanistiese opvoeding.

### *1.7.2 Geografiese gebied*

Die New Right-beweging kom in verskeie lande voor, naamlik in die Verenigde State van Amerika, Australië, Engeland, Nederland en onlangs (Julie 1992) het die term ook, miskien nie in dieselfde konteks nie, op die politieke horison van die RSA

verskyn. In hierdie verhandeling word net gefokus op die New Right in Noord-Amerika, dit wil sê die Verenigde State van Amerika, en Kanada.

*1.7.3 Belangrike begrippe*

**New Right**. Die term word in 2. verduidelik, maar kortliks kan die New Right aangedui word as 'n kollektiewe benaming vir konserwatief (-Christelike) Amerikaners wat ontevrede is met die sekularistiese gees en rigting van die openbare skool in die VSA en wat daarop aandring dat hulle kinders 'n Christelike opvoeding moet kry. (Die afkorting **NR** word deurgaans vir die **New Right** gebruik.)

**Sekulêre humanisme**: Dit is die lewensbeskouing waarvolgens God, die Bybel en geloof niks te make het met die res van die mens se lewensbestaan nie. Dit slaan die vryheid van die mens en vertroue in die rede en intelligensie van die mens hoog aan.

**Reaksie**: Met **reaksie** word aktiewe weerstand bedoel, nie rewolusionêre opstand nie. Die reaksie van die NR bestaan uit openbare debatte, publikasies, komitees, politieke druk en die stigting van Christelike privaatskole.

**Noord-Amerika**: Die Verenigde State van Amerika en Kanada.

## 1.8 Die program van ondersoek

Hierdie verhandeling (synde 'n navorsingsverslag) word in die volgende hoofstukke ingedeel:

1 Inleiding, probleem- en doelstelling, metodologiese verantwoording.
2 Presisering van die begrip **New Right**.
Die ontstaansoorsake van die New Right-beweging, en ook 'n tipering van die sekulêre humanisme.
3 Uitgangspunte, grondslae en opvoedkundige teorie van die New Right-beweging.
4 Die betekenis van die New Right vir (moontlike) onderwysontwikkeling in die RSA.
5 Bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.9 Samevatting

Daar is gepoog om die verloop van die navorsing te verantwoord. Die New Right-beweging is 'n belangrike verskynsel op die opvoedkundige en politieke horison in Noord-Amerika, vandaar die aktualiteit van die ondersoek.

Christelike opvoeding is klaarblyklik een van die belangrikste invloedsfere van die New Right. Dit blyk verder dat die New Right alles in sy vermoë doen om die sekulêre humanisme te ontmasker en te beveg. Aangesien die New Right taamlik "ongestruktureerd" is, vertoon dit baie fasette. Nogtans is dit goedgeorkestreer en slaag New Right-leiers goed daarin om mense op alle samelewingsterreine te motiveer en aan te moedig om 'n hoë premie op Christelike opvoedende onderwys te plaas.

Voordat die opvoedingsteorie van die New Right onder oë geneem word, sal in die volgende hoofstuk eers in meer besonderhede ingegaan word op die ontstaansoorsake van die New Right-beweging.

# 2 PRESISERING VAN DIE BEGRIP <u>NEW RIGHT</u>: DIE ONTSTAANSOORSAKE VAN DIE NEW RIGHT-BEWEGING EN 'N TIPERING VAN DIE SEKULêRE HUMANISME

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n omskrywing gegee van die begrip **New Right (NR)**, 'n bespreking gedoen van wat **sekulêre humanisme** is, 'n historiese oorsig verskaf oor die ontstaan van die NR, aandag gegee aan die vraagstukke van die NR en sy werkwyse, asook kritiek teen die NR vermeld.

Die ontstaansgeskiedenis van die NR hou verband met sekere konserwatiewe bewegings in Noord-Amerika se verset teen fundamentele veranderings wat in die Amerikaanse samelewing plaasgevind het gedurende die afgelope drie of vier dekades.

Hierdie veranderings is hoofsaaklik meegebring deur sogenaamde liberaliste, en wel onder die invloed van die humanisme. In die literatuur word dikwels verwys na "sekulêre humanisme", wat 'n negatiewe invloed op die Amerikaanse samelewing uitoefen. Die NR staan sterk antiteties teenoor hierdie sekulêre humanisme.

Wanneer twee of meer sulke sterk denkrigtings met wye invloed met mekaar in spanning verkeer, is daar gewoonlik reaksie van verskillende kante. Omdat die sekulêre humanisme en daarteenoor die Christelike bewussyn se invloed bykans op alle lewensterreine (die politiek, godsdiens, ekonomie, onderwys, ens.) sigbaar is, word in hierdie hoofstuk ingegaan op die ontstaan en werkwyses van die sekulêre humanisme, die reaksie van die NR daarop en albei se invloede op diverse terreine.

## 2.2 Presisering van die begrip <u>New Right</u>

Die benaming **New Right** was nie van die begin af op konserwatiewes in Noord-Amerika van toepassing nie. Viguerie (1980:55) sê dat die term in 1962 (waarskynlik die eerste keer) deur Lee Edwards in 'n artikel gebruik is. Die konserwatiewe rubriekskrywer M. Stanton Evans het die benaming in 1969 weer gebruik, eerstens om aan te toon dat daar 'n groeiende konserwatisme op kollegekampusse is en tweedens om die New Right en die New Left met mekaar te kontrasteer. Dit was egter die politieke rubriekskrywer Kevin Phillips wat in 1975 die term in verband met "social conservatives" gebruik het om die kollektiewe optrede van Paul Weyrich, Howard Phillips, Terry Dolan, Richard Viguerie en andere mee aan te dui.

Die benaming **New Right** word veral (neerhalend) gebruik deur kampvegters vir die sogenaamde lewensbeskoulikneutrale openbare skool. Die NR word enersyds gekontrasteer met die sogenaamde Old Right en andersyds met die New Left, 'n kontrakulturele beweging van die sestiger- en sewentigerjare (Van der Walt & Postma, 1987:1).

Die ontstaan van die term NR hou ook verband met die ontstaan van die Christian Day School Movement. Persone van sterk sekulêr-humanistiese, liberalistiese en selfs neo-Marxistiese oortuigings gebruik die term spottend en neerhalend in verband met mense van konserwatief-Christelike bewussyn (Van der Walt & Postma, 1987:1).

Die term **New** toon aan dat die beweging in onlangse tye ontstaan het. Die term **Right** verwys klaarblyklik na die konserwatiewe gesindheid van die lede van die Christian Day School Movement (Van der Walt & Postma, 1987:1).

Volgens Van Brummelen (1989:2) is die New Christian Right (NCR) 'n ongestruktureerde dog identifiseerbare segment van die samelewing wat glo dat Noord-Amerika sy Christelike waardes oorboord gegooi het en dat 'n koersaanpassing nodig is om dit te herwin.

Om die NR te definieer is moeilik, want dit hang af van wié dit definieer (Ellerin & Kesten, 1981:10). Volgens Pierard (1987:131) sluit die NR 'n aantal konserwatiewe magte in wat gedurende die 1970's uit die Amerikaanse Christendom verrys het. Hierdie magte het in 1979-1980 met die politieke (New) Right saamgesmelt. Farmer (1982:158) beskryf die NR as 'n konserwatiewe en reaksionêre beweging, gelei deur evangeliste en wat verbind word met verskeie amptelike organisasies soos die Moral Majority en Christian Voice.

Samevattend is die term **New Right** dus 'n kollektiewe benaming vir 'n komplekse samestelling van konserwatief (-Christelike) Noord-Amerikaners wat op alle lewensterreine in hulle samelewing die sekulêr-humanistiese invloede teenstaan en die Woord van God beskou as primêre riglyn vir die Christen se geloof en lewe.

## 2.3 Sekulêre humanisme

### *2.3.1 Algemeen*

Bykans alle vraagstukke waarmee die NR te make het, kan op die een of ander manier verbind word met hulle weerstand teen die sekulêre humanisme. Dit wil selfs voorkom asof die terme **liberalisme, humanisme** en **sekulêre humanisme** as sinonieme of korrelatiewe deur hulle gebruik word.

### *2.3.2 Sekulêr*

Die term **sekulêr** hou verband met die lang geskiedenis van skeiding tussen kerk en staat in Amerika. Die gedagte het gaandeweg posgevat dat daar 'n skerp skeiding is of behoort te wees tussen die wêreldlike en die geestelike terreine. Dinge wat met God, die Bybel en geloof te make het, is die geestelike (die sakrale) en het niks te make met die wêreldlike of die sekulêre nie (vergelyk die Deïsme). **Sekulêr** beteken dan bemoeienis met die wêreldlike dinge en nie met die kerk en godsdienstige sake nie (Welsch, Medeiros & Tate, 1981:207). Die kerk het net met die godsdienstige sy van die lewe te make en alle ander lewensterreine is sonder godsdienstige invloed (Kranendonk, 1978:19).

Volgens Bush (1984:6) beteken **sekulêr** "profaan, van die wêreld, nie heilig of godsdienstig nie". Om sekulêr te wees is om gemoeid te wees met die huidige wêreld. Dit veronderstel 'n gebrek aan 'n transendente belewenis van die werklikheid en die werklikheid van God. Sekularisme is die leerstelling dat moraliteit gebaseer is op die wel(-)syn ("well-being") van die mens in die huidige lewe, dog sonder om in God te glo.

### *2.3.3 Humanisme*

Die uitgangspunt in die **Handves van die Humanisme** (1973) is dat daar geen God is wat die mens sal red nie. Die mens moet vir homself sorg (Van der Westhuizen, 1990[a]:14). Die humanisme is gebou op die aanspraak dat die mens sy eie god is (Kranendonk, 1978:20).

Die Christenopvoedkundige vind die humanistiese opvoeding verwerplik vanweë die mensgesentreerdheid in plaas van die Godgesentreerdheid daarvan (Van der Walt,

1983:39). Ook die moderne vorm van humanisme slaan die vryheidsideaal hoog aan (Dooyeweerd, 1953:68).

Dreckmeyr (1986:36) gee die volgende interpretasie van die humanistiese filosofie:

* Die mens is oppermagtig (daar is geen God nie, of God word nie erken nie).
* Die mens het ontwikkel uit laer vorms van lewe (daar is geen skeppingsdaad nie) (vergelyk ook Van der Westhuizen, 1990(b):14; Pierard, 1987:135).
* Die mens is 'n dier (daarom het hy nie 'n siel nie) (vergelyk ook Carper, 1983:140).
* Die mens is inherent goed (daarom benodig hy nie 'n Verlosser nie) (vergelyk ook Welsch et al., 1981:208).
* Algemene gebruike bepaal die standaarde (daarom is daar geen absolute morele standaarde nie) (vergelyk ook Carper, 1983:140).
* Misdadigers is bloot antisosiaal (daarom is hulle nie sondaars nie).
* Wanaanpassings verklaar alle menslike gedrag (daarom is daar nie iets soos skuld nie).
* 'n Swak omgewing moet geblameer word vir sonde (daarom is die mens nie verantwoordelik nie) (vergelyk ook Pierard, 1987:135).
* Die aard van die werklikheid soos dit deur die moderne wetenskap beskryf word, maak enige bonatuurlike waardestelsel onaanvaarbaar (Van der Westhuizen, 1990(b):14).
* Van der Westhuizen (1990[c]14) maak die afleiding dat die humanisme gelyk is aan die heidendom, omdat "geloof in God verkeerd, verouderd, waardeloos, skadelik en ongeloofwaardig" geag word.
* Die rede en intelligensie van die mens is die effektiefste instrumente waaroor die mens beskik (Van der Westhuizen, 1991:14). Die mens sal langs die rasionele weg self sy probleme oplos, los van die beperkinge van God en die kerk. Net wat die mens sintuiglik kan ervaar of via sy analitiese vermoë kan begryp, word as waarheid aanvaar (Schoeman, 1983:22).
* Seksuele gedrag tussen volwasse instemmende individue moet volgens die humanisme vrylik en sonder veroordeling van die samelewing kan geskied (Van der Westhuizen, 1991:14; ook Pierard, 1987:135).
* Die humanisme is verenigbaar met baie godsdienste (Brodinsky, 1982:90).

Kort saamgevat beteken **humanisme** dus dat die mens en sy behoeftes in die middelpunt staan en dat Bybelse norme tersyde gelaat of ontken word.

### *2.3.4 Die saamgestelde begrip: Sekulêre humanisme*

Dit blyk uit verskeie bronne dat daar eintlik geen verskil, of hoogstens 'n nuanseverskil, is tussen "humanisme" en "sekulêre humanisme".

Die sekulêre humanisme is téén enige Christelike (of ander pertinent godsdienstige) geloofsoortuigings of morele standpunte gekant. Dit ontken nie alleen die sin van godsdiens nie, maar ook die bestaan van God. Die sekulêre humaniste sê: "Secular humanism places trust in human intelligence rather than in divine guidance" (Kurtz, 1980:24; vergelyk ook Welsch et al., 1981:208; Pierard, 1987:135; Jordaan (red.), 1992(b):ongenommer).

Die feit dat Christelike waardes en perspektiewe uit die openbare onderwys in Amerika verdwyn het, het gelei tot die vestiging van die godsdiens van sekulêre humanisme in die openbare skool (Carper, 1983:140).

Die Academy of Humanism reageer op konserwatiewe "religionists" se kritiek teen sekulêre humanisme deur te verklaar dat hulle (die konserwatiewes) enige poging veroordeel om 'n rasioneel-etiese filosofie te vestig en enige poging verwerp om waardes ("values") te bespreek sonder om na die Bybel te verwys (Asimov (ed.), 1986:41).

### *2.3.5 Enkele kenmerke en beginsels van die sekulêre humanisme*

Die sekulêre humanisme se uitgangspunte verskil radikaal van die Christelike (uitgangspunte). Verskillende skrywers tipeer die sekulêre humanisme baie duidelik en aan die hand daarvan kan enkele hoofkenmerke en beginsels van die sekulêre humanisme onderskei word:

* Twee sleutelwoorde van die sekulêre humanisme is **vryheid** en **demokrasie**. Sekulêre humanisme het in die moderne tyd 'n opbloei getoon namate vryheid en demokrasie gegroei het (Kurtz, 1980:8).
* Vryheid van ondersoek sonder vervolging word beklemtoon (Kurtz, 1980:11; Jordaan [red.] 1992[b]). Vryheid van keuse geniet voorrang sonder om na die Bybel te verwys (Asimov [ed.], 1986:41).
* Skeiding tussen kerk en staat word gemaak (Kurtz, 1980:12). Deur 'n aantal besluite dat godsdiens totaal geskei moet word van openbare onderwys,

regering, burgerlike verantwoordelikheid en van wetenskap is die godsdiens van die sekulêre humanisme gevestig (De Jong, 1982:14).

* 'n Sedelike/morele lewe word gepropageer wat gebaseer is op 'n kritiese verstand (die rede), los van enige godsdienstige invloede (Kurtz, 1980:13-15), vir 'n gelukkige lewe hier en nou (Jordaan [red.], 1992[b]; vergelyk ook Asimov [ed.] 1986:41).
* 'n Godsdienstige skeptisisme word veronderstel wat die bestaan van God ontken en net glo in dit wat deur wetenskaplike ondersoek verstaan word (Kurtz, 1980:17).
* Die evolusieteorie is die aanvaarbaarste wyse om die ontstaan van die wêreld te verstaan (Kurtz, 1980:21). Die heelal is selfonderhoudend en is nie geskep nie. Die mens is deel van die natuur en het ontstaan as gevolg van 'n aanhoudende proses (Bush, 1984:11).
* Die mens bepaal sy eie bestemming, en wetenskaplike ondersoek verklaar die onbekende (Kurtz, 1980:24; Brodinsky, 1982:90).
* Waarheid word nie gesien as absoluut nie, maar as 'n hoë graad van waarskynlikheid (Farmer, 1982:159).
* Etiese relativisme is die uitgangspunt van die sekulêre humanisme (Farmer, 1982:159). Die etiek van die sekulêre humanisme is gegrond op menslike ervaring en nie op "revealed religion" nie (Kurtz, 1980:14; Bush, 1984:11).
* Die bestaan van 'n gebedverhorende God kan nie bewys word nie. Dit is 'n illusie dat daar iets soos verlossing bestaan. Die mens moet homself verlos (Bush, 1984:11).

Samevattend kan dus gesê word dat die sekulêre humanisme die lewensbeskouing is waarvolgens God, die Bybel en geloof niks te make het met die res van die mens se lewensbestaan nie. Dit ontken die Bybelse waarheid dat die mens in 'n verbondsverhouding met God staan en oorbeklemtoon die vryheid van die mens. Dit beskou die tradisionele Christelike geloof oor die bestaan van God as betekenisloos, ontken die Godsopenbaring, verlossing en die Godheid van Jesus Christus (Kurtz, 1980:18).

Daar is uiteenlopende menings oor die vraag of die sekulêre humanisme 'n godsdiens is of nie. As dit gesien word as 'n ideologie of filosofie (soos Farmer, 1982:160 doen), is dit in elk geval 'n heidense filosofie (vergelyk ook Van der Westhuizen, 1990[c]:14). As dit gesien word as 'n godsdiens, is dit nie 'n georganiseerde godsdiens met 'n kerk, liturgiese handelinge en belydenis nie (Welsch et al., 1981:208). Gabler (soos aangehaal in Pierard, 1987:135) waarsku dat die sekulêre

humanisme die godsdiens van 'n nuwe era is en dat Christene dit moet teenstaan en bedag moet wees op die invloed daarvan op kontemporêre onderwys.

> Secular humanism is a vital force in the contemporary world ... It is opposed to all varieties of belief that seek supernatural sanction for their values ... (Kurtz, 1980:7).

Dit is dus duidelik dat die sekulêre humanisme nie net anti-godsdienstig of neutraal is nie; dit is selfs anti-Christelik en Godslasterlik. Van der Walt (1994:3) tipeer die sekularisme in die VSA as 'n religie, maar dan wel 'n leë religie.

Omdat opvoeding wat op hierdie lewens- en wêreldbeskouing gebaseer is in botsing is met die Christelike opvoeding wat die kind tuis en in die kerk ontvang, het Christenouers in die VSA hulle gewend tot die alternatief van Christelike privaatskole (Dreckmeyr, 1986:36).

## 2.4 Die ontstaansoorsake van die New Right

### *2.4.1 Inleiding*

Omdat die NR 'n "netwerkbeweging" is, is dit moeilik om 'n sistematiese historiese weergawe te gee van die verloop van sy ontstaansgeskiedenis. 'n Mens sou kon sê dat die NR saamgestel is uit verskillende fasette, byvoorbeeld politiese, onderwys- en opvoedings-, godsdienstige, ekonomiese en ander fasette. Dan nog is daar soveel oorvleueling tussen die verskillende fasette dat dit moeilik bly om sommige van die fasette, byvoorbeeld onderwys en politiek, of ekonomie en politiek, van mekaar te skei.

Om hierdie oorsig te struktureer kan 'n mens breedweg onderskei tussen politieke en godsdienstige oorsake vir die ontstaan van die NR. In die vyftiger- en sestiger-jare van hierdie eeu het 'n vloedgolf van liberale opvattings in die VSA begin posvat. Sedert die laat sestigerjare het mense met 'n konserwatiewe gesindheid meer doelgerig begin weerstand bied teen die humanistiese invloede. Sedert die laat sewentigerjare het kragtige konserwatiewe leiers georganiseerd begin leiding neem op alle lewensterreine en onbeskaamd die Christelik-konserwatiewe lewens- en wêreldbeskouing begin verdedig.

Hoewel die NR-beweging sedert die sestigerjare bestaan en sy hoogtepunt waarskynlik in die 1980's gedurende die Reagan-era bereik het, bestaan die beweging vandag nog (1994). Literatuurverwysings oor die NR in hierdie navorsing dateer dus hoofsaaklik uit 1978 tot 1991 op die laatste.

### *2.4.2 Sosiopolitieke en ekonomiese oorsake*

Bohannon, Buckley en Osborne (1983:7) meen, uit 'n kritiese gesigshoek, dat die NR in sy historiese verband gesien moet word. Die NR is 'n reaksie teen fundamentele veranderings in die Noord-Amerikaanse samelewing tussen die laat vyftigs (toe burgerregbewegings begin ontstaan het) en die laat sewentigs (toe die Viëtnam-oorlog geëindig het). Die "veranderings" in die samelewing sluit die volgende in:

* Die seksuele en sosiale rewolusie wat uitgeloop het op die verwerping van tradisionele gesinsnorme.
* Die "Anti-war-movement" het Amerika se "Viëtnam-avontuur" beëindig.
* Die "Women's movement" het veroorsaak dat baie jong Amerikaners hulle eie rol in die samelewing begin bevraagteken het.
* Inflasie het geweldig toegeneem.
* 'n Vlaag misdaad het die Amerikaanse stede getref.

Vir baie mense wat bly vashou het aan die tradisionele Amerikaanse lewenstyl was die sestiger- en sewentigerjare 'n tydperk van ontwrigting. Vraagstukke wat toe ontstaan het, is deur NR-leiers volgens hulle kritici op "slinkse" wyse uitgebuit. Hulle het (gewaande) bedreigings in baie dinge gesien en 'n aantal minder belangrike en ook eenvoudiger vraagstukke aangegryp en 'n beweging daarrondom opgebou, meen Bohannon et al. (1983:7).

Die ontstaan van die NR-beweging word deur Ellerin en Kesten (1981:10 e.v.), ook uit 'n anti-NR oogpunt, teruggevoer na die 1964-presidentsverkiesingsveldtog. Maar eintlik het die NR sedert 1974 'n nuwe entiteit geword - veral na die Watergate-skandaal. Drie persone, Richard A. Viguerie, Paul Weyrich en Howard Phillips, word gesien as die grondleggers van die beweging. Die oorspronklike plan van die drie leiers was om saam met ander New Righters 'n derde party (naas die Demokratiese en Republikeinse partye) te vorm in die 1976-presidentsverkiesing. Hulle stig daarvoor 'n nuwe organisasie, The Conservative Caucus (TCC). Die planne vir die derde party is mettertyd laat vaar, maar die TCC het bly voortbestaan. Die TCC was bereid om enigeen - Demokraat of Republikein - as lid te aanvaar solank

hy net op die NR-manier stem (Ellerin & Kesten, 1981:12). Viguerie (1980:17) verklaar self dat die NR verbind is tot beginselpolitiek en nie soseer tot partypolitiek nie. "We must always be firm in putting principle before party" (Viguerie,1980:116). Bohannon et al., (1983:1) dateer die ontstaan van die NR as 1978. Die doel daarvan moes wees om 'n klompie liberale senatore te verslaan.
Verskeie konserwatiewe senatore en Demokratiese Party-amptenare is deur die NR geldelik en andersins gesteun in hulle benoemings- en verkiesingsveldtogte (Viguerie, 1980:95). Die NR wou nie die bestaande politieke struktuur elimineer of tot niet maak nie, maar wou politici beïnvloed om die konserwatiewe siening te aanvaar, want "dit is die siening van die meerderheid Amerikaners" (Viguerie, 1980:117).

Teen die einde van 1974 was die sleutelkomponente van 'n nuwe politieke organisasie gevestig: daar bestaan teen hierdie tyd 'n beleidmakende dinkskrum, 'n nasionale reklamekomitee en 'n suksesvolle organisasie om fondse in te samel (Ellerin & Kesten, 1981:12).

Die NR-leier Richard Viguerie (1980:12) vertel dat hy een oggend in Augustus 1974 geskok was toe president Ford aankondig dat Nelson Rockefeller die volgende visepresident sou wees. Viguerie en 'n paar vriende wou dit verhoed, maar kon dit nie regkry nie. Een ding wat uit hulle poging duidelik geword het, was dat daar onder konserwatiewes nie op daardie stadium 'n dinamiese leier was wat daadwerklik kon optree nie. Volgens Viguerie (1980:53) blyk dit op daardie stadium dat lede van die Old Right soms traag was om op te tree. Hulle het dikwels 'n defensiewe en défaitistiese houding ingeneem. Die jonger manne was moeg om te wag vir ouer manne om die leiding te neem. Sedertdien het die NR egter meer georganiseerd begin optree.

### *2.4.3 Godsdienstige oorsake van die ontstaan van die NR*

Uit die geraadpleegde literatuur blyk dit dat die NR eerder politieke as godsdienstige oorsake het. Anders gestel: op godsdienstige gebied was daar baie dinge wat konserwatiefgesinde Amerikaners al vir baie jare steur, maar dit was nie die NR as sodanig wat daarteen begin optree het nie. Namate die (politieke) NR bekendheid begin verwerf het, het die beweging ook op godsdienstige gebied begin optree. Van Brummelen (1989:2) sê dat die NR oortuig is dat Amerika sy Christelike waardes oorboord gegooi het.

Dieselfde mense wat in die sestigerjare bedreigd gevoel het oor die uitbreiding van die Liberalisme het ook op godsdienstige en onderwyskundige gebied bedreigd gevoel oor aborsie, dwelmmiddels en die openbare skool wat onder sekulêr-humanistiese opvattings begin deurloop het.

Dieselfde mense wat van die sestigerjare af politieke bekommernisse gehad het, byvoorbeeld oor die vermoede dat die konserwatiewe ingesteldheid bedreig word deur die Liberalisme, het ook kommer gehad op die sosiaal-maatskaplike terrein oor die agteruitgang van standaarde in die openbare skool.

Die ontstaan van die NR hou verder verband met die skeiding tussen kerk en staat in Amerika. Die kunsmatige skeiding tussen kerk en staat bly steeds 'n toestand wat Protestantse Christene verontrus. Vir baie mense, en dit sluit welmenende Christene in, is God op deïstiese wyse beperk tot die ewige, die anderwêreldlike. Vir hulle is God transendent, nie immanent nie (De Jong, 1982:14).

'n Integrale deel van die Protestantse geloof is die begrip **koninkryk**. Jesus Christus is soewerein, daarom is dit onaanvaarbaar dat sy heerskappy deur mense beperk word. Die kunsmatige skeiding tussen kerk en staat vind neerslag in wat in Amerika bekend staan as die "wall of separation". Hierdie skeiding het sedert 1947 ingewortel geraak in die Amerikaanse regspleging en dít het weer daartoe aanleiding gegee dat die Hooggeregshof Bybellees en gebede in die openbare skool verbied het. God is in al hoe kleiner kompartemente "verpak" (De Jong, 1982:14). Kranendonk (1978:20) maak die afleiding dat die hofuitsprake daarop neerkom dat God nie gesag oor die mens het nie en dat die mens sy eie heerser ("master") is op alle lewensterreine.

Die uitdrukking "wall of separation" is 'n interpretasie van die sogenaamde First Amendment van die VSA se konstitusie wat Thomas Jefferson in 1802 opgestel het. Die First Amendment lui só: "Congress shall make no law respecting an establishment of religion or prohibiting the free exercise thereof". Die opstellers van die First Amendment, Thomas Jefferson en James Madison, is beide beïnvloed deur John Locke wat geglo het dat godsdiens 'n persoonlike saak is "which should be beyond the reach of civil magistrates" (McCarthy, 1985:279).

Reeds in die vroeë geskiedenis van Amerika het 'n skeiding tussen kerk en staat ontstaan (Kranendonk, 1978:18). Namate die Amerikaanse samelewing ontwikkel het, het die skeiding tussen kerk en staat verdiep (Van der Walt & Postma, 1987:3). Die kerk het hom gaandeweg aan die skole onttrek en die staat het die beheer oorgeneem.

Na Wêreldoorlog II het 'n gees van militante ateïsme hom in die skole sigbaar gemaak; die gevolg hiervan was dat alle spore van enige godsdiens (gebed en Skriflesing) uit die openbare skole verwyder is. De Jong (1982:16) wys verder op die diskrepansie dat daar wel in die Withuis en in die Kongres gebid mag word, maar nie in die openbare skool nie. Hierdie toestand het die ontstaan van die Christian Day School Movement aangevuur. Die Christian Day School Movement was 'n poging om terug te vind wat deur die proses van paganisering (verheidening) en sekularisering verlore gegaan het (Van der Walt & Postma, 1987:4). Die Bybel, die kerk en God het niks oor die mens in sy wêreldse situasie te sê nie. Die mens is baas oor sy eie lewe - 'n duidelike trek van die sekulêre humanisme.

Van Brummelen (1989:6) toon aan dat verskeie vraagstukke meegewerk het om die NR in 'n identifiseerbare organisasie saam te trek, byvoorbeeld Skriflesing en gebed op skool, aborsie, gesinsverbrokkeling, ensovoorts. Die NR het gemene saak gemaak met ander sosiomorele programme en politieke optredes.

Samevattend kan gesê word dat die godsdienstige oorsake van die ontstaan van die NR die volgende is: Christelike beginsels wat oorboord gegooi is, die skeiding tussen kerk en staat, kwynende standaarde in die openbare skool, die ontstaan van die Christian Day School Movement en die invloed van die sekulêre humanisme.

As daar verder gelet word op die vraagstukke waarmee die NR te kampe het, kom die ontstaansoorsake van die NR nog beter in perspektief.

## 2.5 Vraagstukke waarmee die NR hom besig hou en strategieë ter oplossing daarvan

### *2.5.1 Inleiding*

Die NR erken die onfeilbaarheid en gesag van die Bybel as Woord van God. Hulle is voorstanders daarvan dat 'n mens met die volle inset van jou lewe jou aan God moet wy. Hoewel daar onder die lede van die NR ook mense is wat die Bybel anders interpreteer as wat Reformatories gangbaar is, wend hulle daadwerklike pogings aan om dit wat in die samelewing onder liberalistiese en humanistiese invloede skeefgetrek is, in die geloof in Jesus Christus te ontmasker.

Hoewel sy bydrae krities bedoel is, vat Bohannon et al. (1983:8) die NR se werkwyses goed saam: "Over the last ten years they have turned up the heat in almost every state legislature, city and school board in the country".

### *2.5.2 Die gesinslewe*

#### 2.5.2.1 Algemeen

'n Gesonde gesinslewe is vir die NR 'n nasionale prioriteit (Viguerie,1980:199). Hy (Viguerie, 1980:195) kritiseer wat hy graag die liberaliste noem, omdat hulle die standpunt huldig dat die tradisionele gesin dood is. Voorts noem hy enkele ander sake wat die gesinslewe bedreig:

* Elke tweede huwelik eindig in egskeiding.
* Een uit elke vyf geboortes is buite-egtelik.
* Gedurende 1979 was daar na raming 12 miljoen gevalle van geslagsiektes onder jongmense.
* Sedert 1973 was daar naastenby 1 miljoen aborsies per jaar.
* Ses uit tien getroude vrouens met skoolgaande kinders werk.
* In Los Angeles alleen is sowat 30 000 kinders betrokke by pornografiese boeke en tydskrifte.

Die NR beywer hom vir die bestryding van liberalistiese maatreëls wat die gesinslewe benadeel. Medewerkers van die "pro-family movement" is die Library Court (1979) (Viguerie,1980:197). Viguerie (1980:204) maak die volgende aanbevelings om die gesinslewe te beskerm en te verbeter:

* Die inflasiekoers moet afgebring word sodat dit nie nodig sal wees dat moeders moet werk nie. 'n Skuldlas veroorsaak argumente in die gesin.
* Dwelmmiddels moet uit die skole en gemeenskappe geweer word.
* Verminder die minimumtoelaag vir werklose jongmense. As hulle aangemoedig word om te werk, is hulle van die strate af.
* Kry gebed terug in die skool.
* Verwyder seks en geweld van die televisie af en uit tydskrifte en video's uit.

"The last stronghold of private freedom is the family," hou hy vol (Viguerie, 1980:211).

2.5.2.2 Aborsie

Aborsie is 'n baie belangrike en hoogs emosionele vraagstuk waarmee die NR hom besig hou (Bohannon et al., 1983:8-9). In die VSA bestaan daar meer as 'n honderd voorgestelde stukke wetgewing om die toestaan van aborsie te verbied of te bemoeilik. Sedert 1973 toe aborsie deur die Hooggeregshof toegelaat is, het baie NR-gesteunde groepe ontstaan om aborsie teen te staan. Die NR beskou aborsie as onskriftuurlik en is gekant teen staatsgesubsidieerde aborsies.

2.5.2.3 Die Equal Rights Amendment (ERA)

Die grootste bedreiging vir die tradisionele gesin is die veranderde/veranderende rol van die vrou in die samelewing. Hierin speel die ERA 'n belangrike (negatiewe) rol volgens die NR (Viguerie,1980:196). Volgens Bohannon et al. (1983:8) was Phyllis Schlafly, wat beskou word as 'n invloedryke NR-leidster, aan die voorpunt van 'n veldtog om die ERA ongedaan te maak. In dié veldtog is daarin geslaag net voordat die genoemde amendament bekragtig sou word. In die NR se suksesvolle poging om die ERA te blokkeer, stel hy homself lynreg teenoor die "women's rights movement" (Pierard & Clouse, 1983:195).

*2.5.3 Pornografie*

Volgens Viguerie (1980:168) en ander outeurs (vergelyk Pierard, 1987:132; Pierard & Clouse, 1983:196; Van Brummelen, 1989:2; Van der Walt & Postma, 1987:5) neem pornografie onrusbarend toe in die openbare skool. Viguerie (1980:168) gee 'n aanhaling uit 'n voorgeskrewe boek **Blue Denim** wat hardop voorgelees moet word vir twaalf- en dertienjariges:

> "Ernie: At first he thought he'd get four other guys to swear she'd put out to them too, but then he decided he'd better do the honourable thing and get her an abortion."

Verder bestaan die neiging op televisie dat pornografiste gewaagde tonele uitbeeld. Sodra kykers daaraan gewoond is, kom die volgende vlak. Met pornografiese tydskrite verloop dit net so. Viguerie (1980:170) moedig mense aan om iets daaraan te doen: hulle kan hierdie vloedgolf stuit deur gemeenskapsdiens, kerklike aksies, politieke betrokkenheid, gebed en vas.

Pornografie en "gay rights" is volgens Bohannon et al. (1983:10) twee van die NR se prominente teikens in sy aanvalle op die sekulêre humanisme. Uit sy anti-NR gesindheid rapporteer hy dat daar tot in 1983 nog nie veel gebeur het met hierdie veldtogte nie, veral omdat die destydse Reagan-administrasie ten opsigte van pornografie net lippediens gelewer het en niks verder aan die stryd gedoen het nie.

### *2.5.4 Onderwys*

#### 2.5.4.1 Inleiding

Martha McCarthy (1985:285) noem dat Protestantisme vir baie eeue (tot in die huidige eeu) 'n beduidende invloed op die openbare onderwys gehad het (vergelyk ook Carper, 1983:136). Baie skrywers, waaronder selfs kritici van die NR, is dit eens dat die openbare onderwys in Noord-Amerika 'n laagtepunt bereik het (Bohannon et al., 1983:9; Brodinsky, 1982:88; Brodinsky, 1983:6; Kranendonk, 1978:13; Van Brummelen, 1989:5; Viguerie, 1980:209).

Bordewyk ([ed.] 1991:4) beweer op kritiese trant dat baie Christene mense (onnodig) wil laat glo dat die openbare skole draers van 'n gevaarlike heidense filosofie is. Intussen lyk die toestand in openbare skole min of meer soos volg: handboeke mis en minimaliseer die invloed van godsdiens, "values clarification classes" ignoreer die bestaan van morele waardes, seksonderrig bevorder "safe sex", homoseksualisme en lesbianisme word voorgehou as 'n alternatiewe lewenstyl, meditasie en ander mistieke elemente van Oosterse godsdienste sluip die klaskamer binne, studente word aangemoedig om hulle eie besluite te neem afgesien van hulle ouers se oortuigings. Kinders word as't ware as gyselaars in klaskamers aangehou terwyl hulle geestelike welsyn op die spel is.

Carper (1983:136) tipeer die openbare skool as rassisties, permissief, outoritêr, "trendy", areligieus, te liberaal en te betrokke by sosiale verandering. Dit voldoen nie aan individuele en openbare behoeftes nie. By hierdie lys van ontoereikendhede voeg hy ook nog: onsekerheid oor gesag, kwynende akademiese standaarde, afname van die Evangelie as kultuurvormende mag, scientisisme, gebrek aan dissipline, dwelmkultuur, onverantwoordelike onderwysers en die verontrustendste van alles: die sekularisme (Carper, 1983:139) en die sekulêre humanisme (Brodinsky, 1983:8).

Benewens hulle politieke betrokkenheid het die fundamentalistiese regses baie krities teenoor die openbare skool geword (Farmer, 1982:158). Ben Brodinsky (1982,88;

1983:7) is van oordeel dat die NR se aanvalle op 'n tydstip kom wanneer openbare onderwys op 'n laagtepunt is.

Deur hofuitsprake (1962 en 1963) wat Skriflesing en gebed in skole onwettig verklaar, is die godsdiens van sekulêre humanisme gevestig (Carper, 1983:140). Daarbenewens word Christelike perspektiewe in handboeke geïgnoreer, morele waardes word ondermyn deur evolusionisme en situasie-etiek (Carper,1983:140). Van Brummelen (1989:9) noem laasgenoemde "ethics without virtue". Ouers ondervind probleme met die behaviouristiese opvatting dat die mens 'n sosiale dier is en nie na die beeld van God geskape is nie (Carper, 1983:141).

Selfs 'n vurige kritikus van die NR, Diane Ravitch (1983:6), verklaar dat "education without values is clearly impossible, for the very act of teaching expresses belief in the value of learning and human progress".

Bohannon <u>et al</u>., (1983:9) beskuldig daarteenoor die NR daarvan dat die beweging probeer om onderwys te verander volgens NR-riglyne. Dit sluit die volgende in:

* konserwatiewe en ultra-patriotiese standaarde ten opsigte van handboeke;
* herinstelling van gebed op skool;
* die voordra van die Eed van Getrouheid (*Pledge of Allegiance*);
* beëindiging van seksonderrig, en die
* instel van eksamens volgens onderwysers se bevoegdheid (teacher competency exams).

Ravitch (1983:6) toon dat die dilemma van die openbare skool in 'n pluralistiese samelewing lê in die vraag: moet die skool die algemeengeldende en gedeelde waardes van die samelewing oordra en reflekteer, of moet die skool bewustelik probeer om die gemeenskap se waardesisteem te verander?

#### 2.5.4.2 Skepping en evolusie

Ten opsigte van **kreasionisme** (skeppingsleer) wys Ravitch (1983:6) daarop dat hierdie vraagstuk se wortels teruggaan na 1925 (die Scopes-verhoor) toe fundamentaliste 'n aanval geloods het op die natuurwetenskap. Ten opsigte van **kreasionisme** is die NR-eis dat die Bybelse weergawe van die skeppingsgebeure (minstens) gelyke gewig moet dra as die leer oor evolusionisme in die openbare onderwys.

**Kreasionisme** is een van die gereelde temas van Jerry Falwell en Tim La Haye se televisiedienste. Tim La Haye is 'n stigterslid van die Moral Majority en stigter van die Institute for Creation Research - een van Amerika se voorste "kreasionistiese" organisasies (Bohannon et al., 1983:12).

2.5.4.3 Gebed

Oor gebed in die skool sê Ravitch (1983:6) dat die probleem ook sy oorsprong by fundamentaliste het wat nie die geldigheid van sekulêre onderwys wou erken nie. Gebed op skool is volgens Bohannon et al. (1983:11) 'n standaard eis van die NR en dit bring wetgewers in konflik met die howe. Aangesien NR-gesteunde konstitusionele amendamente in hierdie verband nog nie geslaag het nie, meen hy dat die NR hulle pogings in die toekoms sou verskerp om dit reg te kry.

2.5.4.4 Enkele ander vraagstukke oor onderwys

Ravitch (1983:7) noem nog ander vraagstukke rakende onderwys wat aan die NR toegeskryf word, maar wat volgens haar 'n baie breër teenstand as slegs die NR het.

* Een hiervan is die "**busing**"-beleid. Die bedoeling van "busing" was om rassesegregasie in die openbare skool teen te werk. Dit was 'n liberale idee en nooit eintlik gewild onder konserwatiefgesindes nie (Reese, 1985:177). Volgens Viguerie (1980:5,6) word gesinne en gemeenskappe uitmekaar geskeur deur hierdie geforseerde maatreël. Professor James C. Coleman, wat in die 1960's verantwoordelik was vir dié beleid, het later erken dat dit verkeerd was. Reese (1985:177) maak die stelling dat die "busing"-beleid die ontwikkeling van Christelike dagskole selfs gestimuleer het.
* Oor "**book-banning**" sê Ravitch (1983:7) dat 'n klein groepie mense hulleself as die "moral guardians" van almal aangewys het. Tog handhaaf sy 'n redelike mate van balans oor die aangeleentheid. Aan die een kant meen sy dat redelike mense sal saamstem dat skoolrade en professionele opvoeders die verantwoordelikheid het om kinders aan 'n wye reeks opvattinge bloot te stel "to become enlightened citizens". Aan die ander kant kan niemand verwag dat 'n skoolbiblioteek 'n wye verskeidenheid pornografiese materiaal beskikbaar moet stel nie.

In 1983 was daar nagenoeg 'n duisend pogings van NR kant om handboeke wat as onwelvoeglik beskou word, te verban teenoor die honderd pogings per jaar van tien jaar tevore (Bohannon et al., 1983:9).

Die afgetrede egpaar Mel en Norma Gabler tree met groot sukses op in die proses van handboekkeuring. Hulle en hulle medewerkers is volgens Pierard (1987:132) die invloedrykste handboeksensors in die VSA. Volgens Melichbar (1983:56) dring die Gablers aan op: die onderrig van die skeppingsleer en nie net evolusionisme nie, "absolute values" en nie situasie-etiek nie, en dat handboeke gebruik moet word wat die VSA (en sy patriotiese helde) in 'n positiewe lig stel.

Naas "book-banning" bestaan daar volgens Pierard (1987:132) nog baie "media watchdogs". Minstens twee van hulle is skeppings van die NR:

- Citizens for Decency Through Law. Hierdie organisasie se doelstellings is om die publiek in te lig en aan te dring op wetstoepassing.
- Coalition for Better Television (gestig in 1981). Die organisasie monitor televisieprogramme en dreig vervaardigers met boikotte.

* **Seksopvoeding** ontlok ook hewige reaksie van ouers. Ravitch (1983:7) gee twee redes daarvoor: eerstens moedig beskikbare handboeke nie selfonthouding aan nie en tweedens toon die leerinhoud min respek vir die monogame huwelik. Op dié wyse vorm die kurrikulum 'n direkte uitdaging vir een van die belangrikste waardes wat ouers handhaaf. Ravitch (1983:9) voer aan dat seksonderrig in moderne kurrikula tuishoort, maar dan moet die leerinhoud nie nuwe benaderings in die seksrewolusie aanmoedig nie.

* **"Values clarification"** (morele ontwikkeling) berus volgens Ravitch (1983:8) op die wanopvatting dat daar 'n paar algemene waardes (norme) is wat sonder indoktrinasie onderrig kan word en verder word ook geïmpliseer dat alle waardes relatief en subjektief is.

Met hierdie opmerking verwerp Ravitch (1983:8) nie die "values clarification" volledig nie. Volgens haar is daar tog algemeengeldende waardes (norme) soos eerlikheid, regverdigheid, verantwoordelikheid, deursettingsvermoë, deernis en goeie burgerskap. Die probleem om algemene deugdelikheid te onderrig

sonder die lig van die Skrif, bly bestaan, ten spyte van die standpunt wat Ravitch inneem.

2.5.4.5 Ateïstiese humanisme

Kranendonk (1978:20,21) spreek hom sterk uit oor die gees van **ateïstiese humanisme** wat in die openbare skool heers. Hoër-op is reeds meer breedvoerig gehandel oor die humanisme en meer bepaald die sekulêre humanisme.

2.5.4.6 Privaatskole

Die NR werk hard aan die regte van **privaatskole**. Hulle belangrikste eis is vir belastingtoegewing vir ouers wat hulle kinders na godsdienstige privaatskole wil stuur. Die belastingtoegewing moet kom in die vorm van "tuition tax credits or vouchers" (Bohannon et al., 1983:12).

Konserwatiewes maak regsgedinge aanhangig oor die vereiste dat onderwysers van privaatskole deur die staat gesertifiseer moet word. Die NR se argument is dat godsdienstige privaatskole deur die grondwet beskerm word teen staatsinmenging. In 1982 het die NR 'n groot saak in Michigan gewen wat Christelike skole se onderwysers en kurrikula vrystel van staatsbeheer en -toesig. Soortgelyke konfklikte het ook voorgekom in Maine, Massachusetts, Iowa en Nebraska (Bohannon et al., 1983:12).

*2.5.5 Die Christian Day School Movement*

2.5.5.1 Algemeen

In hierdie ondersoek word gehandel oor die NR se reaksie op die sekulêre humanisme. Omdat die skool juis een van die terreine is waar die sekulêre humanisme se invloed die sterkste gevoel word, word daar nou eers stilgestaan by die ontstaan en bestaan van Christelike privaatskole.

Die term **Christian day school** verwys na die weekdagonderwysinrigtings waarvan baie 'n interdenominasionele karakter het en gestig is deur evangeliese Protestante sedert die middel sestigerjare (Carper, 1983:137).

Die ontstaan van Christelike privaatskole hou direk verband met die ontoereikendheid van openbare skole. In 'n kritiese opmerking teenoor die NR sê Park (1987:5) dat dit wat begin is as 'n politieke veldtog deur NR-leiers, 'n godsdienstige stryd geword het, gelei deur 'n handvol "televangelists".

Gedurende die vroeë Amerikaanse geskiedenis het 'n skerp skeiding tussen kerk en staat begin ontwikkel (Kranendonk, 1978:18). Deur hierdie tweedeling is die grondslag gelê vir die sogenaamde **neutrale onderwys** waarin geloof en waardes, en feite van mekaar geskei is (Dreckmeyr, 1986:35). Alle opvoeding is egter religieuse opvoeding. Die opvatting dat opvoeding of onderwys neutraal kan wees, is 'n mite (Kranendonk, 1978:50).

Hoewel daar baie besware teen die openbare skool is, is die Christelike privaatskool nie in die eerste plek 'n protes teen die staatskole nie, maar 'n bevestiging van die feit dat die Bybel 'n plek behoort te hê in opvoeding en is dit 'n protes teen die sekulêre onderwys (Dreckmeyr, 1986:35).

Voorheen het die kerk en die staat dieselfde Christelike waardes onderskryf (Kranendonk, 1978:18). Namate die Noord-Amerikaanse samelewing ontwikkel het, het die skeiding tussen kerk en staat verdiep. Die kerk het al minder oor die sosiale en kulturele aspekte van die lewe gepraat en selfs ortodokse Christene het nie meer die rol van die Christelike geloof in hulle lewens raakgesien nie (Kranendonk, 1978:19). Hierbenewens het grootskaalse immigrasie persone in die regering van die VSA tot die oortuiging gebring dat Christelike godsdienstige oortuigings nie in skole op mense van ander oortuigings afgedwing kan word nie (Van der Walt & Postma, 1987:3). Op hierdie manier het die gedagte begin wortel skiet dat die kerk net betrokke is by godsdiens alleen en dat alle ander lewensterreine vry moet wees van godsdienstige invloede. Die wêreldlike terreine van die lewe het neutraal en sekulêr geword (Kranendonk, 1978:19).

#### 2.5.5.2 Ontstaansoorsake van die Christelike skoolbeweging

Christelike privaatskole is nie iets nuuts nie (Dreckmeyr, 1986:35). Baie Christelike privaatskole is al oor die honderd jaar oud. Dreckmeyr verwys hier na Christelike skole wat deur Hollandse immigrante in die VSA en Kanada gestig is. Van Brummelen (1986:276) meld dat dié Hollandse Calvinistiese skole tot stand gekom het sedert die 1850's om groepsidentiteit te bewaar. Die ontwikkeling van Noord-

Amerikaanse Calvinistiese skole kan nie verstaan word sonder om in ag te neem dat hulle wortels teruggaan tot in Nederland nie (Van Brummelen, 1986:2).

Evearitt (1982:25) wys in 1982 daarop dat **fundamentalistiese** privaatskole op daardie stadium 'n onlangse ontwikkeling is. Gedurende die voorafgaande twee tot drie dekades het die aantal Christelike privaatskole toegeneem deur die stigting van skole deur sogenaamde evangeliese Protestantse groepe (Dreckmeyr, 1986:35).

Die oorsake vir die Christelike skoolbeweging kan soos volg uiteengesit word:

* Soos wat die Rooms-Katolieke in die negentiende eeu kerkskole gestig het om hulle godsdiens en kultuur te bewaar, so stig 'n groot aantal Protestante in onlangse tye skole om die sekulêre invloede teen te werk (Carper, 1983:141).
* Die Amerikaanse Hooggeregshof het in 1963 **gebed** en Bybellees in die staatskole verbied (Reese, 1985: 177).
* Die **ouer** is primêr verantwoordelik vir die opvoeding en onderrig van sy kind. Dit word deur baie voorstanders van die Christelike privaatskool as hoofrede vir die ontstaan van dié skole aangevoer (Reese, 1985:180; Van Brummelen, 1989:5,21).
* Om die "**busing**"-beleid te ontwyk het verskeie opvoedkundige instansies hulle kragte saamgesnoer en privaatskole gestig (Reese, 1985:177).
* Die **sekulêre humanisme** is een van die grondoorsake vir die stigting van Christelike privaatskole (Reese, 1985:178-179; Carper, 1983:139). 'n Gees van militante ateïsme het sigbaar geword na Wêreldoorlog II (Kranendonk, 1978:19). Die openbare skool is nie meer net sogenaamd godsdienstig en lewensbeskoulik neutraal nie, maar die vestiging van die sekulêre humanisme word gesien as 'n poging om die plek van Christelike onderwys in te neem (Dreckmeyr, 1986:35). Reese (1985:179) beaam die standpunt dat die humanisme van die openbare skool 'n oerwoud gemaak het waarin enige dier kan maak wat hy wil.
* Namate die New Christian Right (NCR) ontevrede geraak het met die toestande in openbare skole, het baie ouers hulle vertroue in Christelike privaatskole begin stel (Van Brummelen, 1989:6). Van Brummelen en ander (vergelyk verwysings algaande) noem enkele redes waarom ouers hulle kinders na Christelike privaatskole stuur:

    - Onderwysers in dié skole handhaaf hoë morele standaarde.

- Die skole staan Bybelonderrig en 'n Bybelse perspektief op die skepping voor.
- Dié skole word gekenmerk deur'n beter kwaliteit onderwys (vergelyk ook Evearitt, 1982:25).
- Dissiplineprobleme word in die openbare skole ondervind (vergelyk ook Evearitt, 1982:25).
- Geweld, dwelms en ander onaanvaarbaarhede soos die God-loosheid kom in die openbare skool voor (Evearitt, 1882:25,26).
- Ouers is bereid om finansiële opofferings te maak en selfs saamryklubs te stig (Evearitt, 1982:26), maar daar moet gewerk word aan regverdigheid ten opsigte van die befondsing van Christelike skole (Bordewyk [ed.], 1991:4).
- Ouers kan meer betrokke wees by Christelike privaatskole, omdat onderwysers en administrateurs meer simpatiek en gewillig is om na ouers se probleme te luister (Evearitt, 1982:26).
- As gelet word op die grondliggende filosofie van die openbare skool, is dit 'n sonde vir 'n ware gelowige om sy kinders daarheen te stuur (Reese, 1985:178).
- Openbare skole was eens Protestants en God-gesentreerd, maar nou is hulle humanisties, indien nie selfs ateïsties nie (Reese, 1985:179).
- Die openbare skole word gekenmerk deur doellose ronddolery, omdat die opvoedingsdoelwitte telkens verander na gelang van nuwe strominge in die opvoedingsteorie (De Jong, 1977:68)

2.5.5.3 Kenmerke van die Christelike Dagskole

* Christelike skole is meer as bloot "back to basics" - hulle is "back to God".
* Die Christelike skool erken die koningskap van Christus op elke terrein van die skoollewe.
* Die doel van die Christelike skool is om by leerlinge 'n Christelike bewussyn en 'n wêreldbeskouing wat God-gesentreerd is te kweek. Volgens Carper (1983:138) is 'n konserwatiewe Christelike perspektief gewoonlik die uitgangspunt.
* Die klem val op Christelike karaktervorming. Bybelse perspektiewe vorm 'n integrale deel van die onderrig in elke vak. "Neutrale onderrig" word verwerp. 'n Kind wat slegs in akademiese inligting en vaardighede onderrig word sonder dat sy karakter gevorm word, is opvoedkundig gestrem (Dreckmeyr, 1986:37).

* Die onderwyser vervul 'n sentrale rol in die Christelike skool. Onderwysers moet derhalwe voldoen aan bepaalde vereistes soos akademiese kwalifikasies en 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing (Reese, 1985:187). Die bestuur van Christelike dagskole is dikwels geïnteresseerd in 'n ander tipe BA-graad, naamlik "Born Again". Onderwysers werk ook dikwels vir 'n laer salaris as in die openbare skool (Reese, 1985:188).
* 'n Evalueringstelsel waar een leerling met 'n ander vergelyk word, word verwerp (Dreckmeyr, 1986:38).
* Daar val sterk klem op dissipline (Reese, 1985:192).
* Samewerking tussen die skool en die huis word beklemtoon.
* Geen koshuisakkommodasie word verskaf nie. Dit spruit uit die oortuiging dat die ouer die primêre opvoeder is.
* In die Christelike skool word elke vak uit 'n Christelike perspektief onderrig (Dreckmeyr, 1986:38). Leerinhoude word verbind aan die Bybel. Godsdiens en onderwys is onafskeidbaar aan mekaar verbonde (Reese, 1985:190). Onderwys is waarde-georiënteerd en weerspieël die Bybelse geloof van die kerk en huis (Carper, 1983:141).
* Die New Christian Right (NCR) is nie homogeen nie (Van Brummelen, 1989:26). Sommige charismatiese groepe het onder die invloed van rekonstruksioniste soos die hiper-Calvinistiese Rousas Rushdoony gekom. Hulle werkwyse kom daarop neer dat die Skrif letterlik toegepas word op die samelewing se probleme. Voorskrifte vir ou Israel word beskou as 'n bloudruk vir vandag se samelewing, byvoorbeeld dat heffings van tiendes inkomstebelasting moet vervang. NCR-skole wat 'n tradisionele anabaptistiese beskouing huldig en ook baie NCR-ouers huldig die siening dat Christus en die Christen gesien word as staande teenoor menslike prestasies, kulturele tradisies en gebruike. Hiervolgens word kinders selfs op 'n kloosteragtige wyse geïsoleer om hulle te beskerm teen moontlike wêreldlike invloede (Van Brummelen, 1989:26).

Reese (1985:185) noem nog die volgende kenmerke:

* Die skole het gewoonlik min leerlinge. Studentetalle wissel tussen 10 en 2 000 (Carper, 1983:137).
* As gevolg van hoë koste bestaan net die nodigste fasiliteite. Volgens Carper (1983:137) wissel die fasiliteite by Christelike dagskole van power tot modern.
* 'n Groot aantal van die skole word deur die kerk en ouers finansieel ondersteun. Daar bestaan uiteenlopende menings oor staatshulp aan Christelike

dagskole (Carper, 1983:137), maar volgens Reese (1985:193-194) is die algemene opvatting dat die staat nie te veel inspraak moet hê nie.

* Die skole word gewoonlik deur kinders van ouers uit die middel- en laer middelklas besoek. Reese (1985:186) wys egter daarop dat daar geen afdoende aanduiding hiervan is nie.
* Christelike skole word meestal deur blankes bygewoon, maar teoreties is almal welkom. Baie swartes assosieer dié skole met die "apartheid policies" van die vyftigerjare toe Christelike skole gevorm is uit reaksie teen die burgerregbeweging.
* Onderhorigheid aan gesag (van ouers en onderwysers) word sterk beklemtoon (Reese, 1985:192).
* Lyfstraf word soms toegepas waar ouers toestemming daartoe gee (Reese, 1985:192).

#### 2.5.5.4 Implikasies van die stigting van Christelike dagskole

Die stigting van Christelike dagskole het 'n uitwerking op die onderwys in die VSA. Die volgende vyf implikasies kan onderskei word:

1 Volgens Van Brummelen (1989:27) het die NCR gedurende die afgelope vyftien jaar die neiging tot pluralisme in die onderwys versnel deur sy stigting van Christelike privaatskole.

2 'n Groter verdraagsaamheid vir onderwysdiversiteit het posgevat. Die rigiede handhawing van die hof se interpretasie oor die skeiding tussen kerk en staat word nie meer algemeen aanvaar nie en die gedagte begin sterker na vore kom dat dit ook nie die bedoeling van die oorspronklike formuleerders van die "First Amendment" was nie.

3 Evangeliese Christene stem ook nie saam oor die befondsing van nie-openbare skole nie. Sommige glo dat openbare fondse aan die burgers behoort en daarom behoort daar ook finansieel voorsiening gemaak te word vir skole anders as die openbare skool (Van Brummelen, 1989:28). Daarteenoor glo ander mense (waaronder Christene) dat die skeiding tussen kerk en staat gehandhaaf moet word, anders kan die staat seggenskap verkry oor godsdienstige instellings.

4 In die afgelope twee dekades (sedert die sewentigerjare) het 'n beter samewerking tussen verskillende denominasionele groepe ontstaan (Van Brummelen, 1989:28). Voorheen was Rooms-Katolieke en Protestante antagonisties teenoor mekaar - nou staan hulle saam. Dit is as gevolg van die

verandering in die Amerikaanse kultuur en die aard van openbare skole (Reese, 1985:177).

5 Die ontstaan van Christelike dagskole toon dat ouers 'n basiese reg het om insette te lewer ten opsigte van die onderrig van hulle kinders (Carper, 1983:145).

### 2.5.5.5 Enkele kritiese opmerkings oor die Christian Day School Movement

Christelike dagskole neem teen 'n geweldige tempo toe om redes wat hierbo genoem is. Dit blyk ook dat alle ondersteuners van die skoolbeweging nie presies dieselfde oortuigings huldig nie. Dit word aanvaar dat daar teologiese en sosiologiese verskille tussen **fundamentalistiese** en **evangeliese Christene** is (Evearitt, 1982:25). Evearitt verduidelik nie wat die verskil tussen die twee rigtings is nie. Die afleiding kan egter gemaak word dat **fundamentalistiese Christene** die Baptistiese (charismatiese) teologiese rigting verteenwoordig en die **evangeliese Christene** die Protestants-gereformeerde rigting. Van der Walt en Postma (1987:10) onderskei minstens vier groepe privaatskole met verskillende geloofsoortuigings:

1 Die tradisionele Rooms-Katolieke privaatskole,
2 Lutherse (en ander) privaatskole,
3 Fundamentalistiese (Baptistiese) privaatskoolbeweging en
4 Evangeliese/Calvinistiese/Protestantse/gereformeerde privaatskolebeweging. Baie gereformeerd-georiënteerde skole is nie kerkskole nie, omdat hulle ook deur ouers beheer word en nie alleen deur die kerk nie (Evearitt, 1982:15).

Kritici van die privaatskole onderskei hulle nie altyd in die bogenoemde terme nie en dit lyk meestal of hulle kritiek teen enige instansie gerig is wat nie die openbare skool ondersteun nie en wat enigsins aandring op Christelike onderwys. Die volgende kritiek word onder meer teen Christelike privaatskole uitgespreek:

* Agter die debatte oor sekularisme, seksopvoeding, ensovoorts, staan daar Amerikaners wat kinders nie wil aanmoedig tot vryheid van denke en om waardes en gevoelens openlik te bespreek nie (Park, 1987:5). Soms word gesê dat die privaatskool die jeug isoleer teen die moderne wêreld. Tog wys Reese (1985:193) daarop dat dit juis waar is ten opsigte van die openbare skool, omdat hy vervreemd geraak het van die Christelike filosofie. Die openbare skool het 'n "captive audience", een wat gevange geneem is in die ateïsties-humanistiese kultuur.

* Park (1987:7) is krities daaroor dat "televangelists" die openbare mening oor skole ten gunste van Christelike privaatskole beïnvloed.
* Die beskuldiging van sekulêre humanisme het 'n handige instrument geword vir argumente om belastingvoordeel te trek vir privaatskole (Park, 1987:7). Hy maak verder die bewering dat die term **sekulêre humanisme** "strength in its confusion" het. Dit het 'n handige etiket geword vir alles wat die NR as boos of goddeloos beskou. Vir baie onderwysers en administrateurs is dit 'n verrassing om as sekulêre humaniste geëtiketteer te word. Hy beskuldig die NR van 'n sameswering teen die openbare skool en 'n georkestreerde poging om die NEA (National Education Assosiation) te verswak of te vernietig (Park, 1987:9).
* Sommige kritici van die Christian Day School Movement meen dat mense hulle Christelike verantwoordelikheid ontwyk deur hulle kinders aan openbare skole te onttrek. Die openbare skool sou dan 'n "sendingveld" wees om te ontgin en nie te verstoot nie (Carper, 1983:141).
* Christelike privaatskole is gestig om rasse-integrasie te ontwyk. Dié skole is gewoonlik blank (Reese, 1985:188). Ondersoek toon egter dat akademiese faktore in die bywoning van Christelike dagskole sterker beweegredes is as rassefaktore (Carper, 1983:142; Evearitt, 1982:25). Van Brummelen (1989:19) wys daarop dat van dié skole wat in die 1960's gestig is, steeds volhard met rassesegregasie.
* Kritiese opmerkings is ook al gemaak oor die standaard van onderwys in die privaatskole (Carper, 1983:143). Die kritiek sluit aan by Reese (1985:188) se opmerking dat in Christelike privaatskole daar dikwels van onderwysers gebruik gemaak word wat nie goed opgelei is nie, omdat goedkoper programme soos die Accellerated Christian Education (ACE) soms gebruik word.
* As die Bybel en die handboek verskil, word kinders dikwels geleer dat die Bybel eerder reg is (Reese, 1985:188). [Dit mag moontlik dui op 'n fundamentalistiese benadering waar nie rekening gehou word met die konteks waarin sekere uitsprake in die Bybel gemaak word nie- HJ.]
* Sommige Christelike dagskole loop die gevaar om byvoorbeeld in die Letterkunde op twyfelagtige wyse te vergeestelik en te moraliseer (veral met die ACE-kurrikulum) (Van Brummelen, 1989:18). Van Brummelen maak die bewering dat ACE-programme "(can) mold children into non-thinking cogs" (1989:19).
* Volgens Van Brummelen (1989:19) kom die mees snydende kritiek op Christelike dagskole uit Protestantse denkrigtings self. Die vraag word gevra

of daar nie maar net Christelike versiersuiker op 'n sekulêre koek gesit word nie. Word sekulêre humanisme nie maar net vervang deur klassieke humanisme nie?

Om die krisis in die onderwys die hoof te bied, maak Viguerie (1980:209-211) die volgende aanbevelings:

* Bevoegdheidstoetse vir onderwysers.
* Opdatering van standaarde by die 1150 onderwyskolleges.
* Die wegdoen met opvoedkundige grille soos "New Math", die "open classroom" en die "look-and-say"-benadering tot leesonderrig.
* Verbetering van die standaard van handboeke.
* Eliminering van die burokratiese regulasies wat onderwysers se tyd in beslag neem.
* Meer effektiewe hantering van geweld in skole (messe en vuurwapens word soms in skole gedra).
* Meer besliste optrede deur skoolhoofde in hulle skole.
* Die groter betrokkenheid by ouer-onderwyser-verenigings.

Die Noord-Amerikaanse onderwys kan nie uit die dilemma kom, anders as om weer die heerskappy van God te erken nie (Kranendonk, 1978:21).

#### 2.5.5.6 Gevolgtrekking

Dit blyk dat Christelike skole 'n permanente deel geword het van die opvoedkundige landskap in Amerika (Carper, 1983:143; Reese, 1985:184). Die afleiding kan gemaak word dat, al verskil stigters van privaatskole in hulle gedefinieerde geloofsoortuigings, hulle nogtans saamstaan teen 'n gemeenskaplike vyand: die sekulêre humanisme. Christelike privaatskole is dus 'n sinvolle alternatief vir die ontoereikense openbare skool (Van Brummelen, 1986:1).

### *2.5.6 Politiek en ekonomie as vraagstukke waarmee die NR hom besig hou*

In 2.4.2 is gekyk na die ontstaansoorsake van die NR. Daar is toe aangetoon dat daar onder andere politieke en ekonomiese oorsake is vir die ontstaan van die NR. In hierdie paragraaf kom politiek weer ter sprake, maar dan as een van die terreine waarop die NR aktief werksaam is.

Behalwe onderwys en maatskaplike sake is daar ook ander terreine waarop die NR aktief is. So is daar op politieke en ekonomiese gebied werkers in die veld wat probeer om wetgewing "na regs te swaai". Hierdie terreine sluit in: belasting en staatsbesteding, arbeid, buitelandse beleid en wapenbeheer (Bohannon et al., 1983:13-18). Minstens vierhonderd stukke wetgewing wat met die NR verband hou, is gedurende 1981-82 voorgestel (Bohannon et al., 1983:1).

Die doel van die NR is om die konserwatiefgesinde middelklasmeerderheid in Amerika saam te snoer (Viguerie, 1980:15). Daar is regdeur Amerika 'n hunkering na 'n "filosofie", leiers en instellings wat kan help om Amerika se vroeëre glansrykheid te herstel (Viguerie, 1980:1). Viguerie (1980:5) beskuldig die liberaliste vir die verslegtende toestand: die verlies van goeie betrekkinge met Iran, Afganistan, Viëtnam, Lagos, Kambodja, die "FBI" en "CIA" wat gekortwiek is, kinders wat nie in die skool bid nie en misdadigers wat 'n skrikbewind voer. Die liberaliste steun aborsie, en opponeer streng strawwe vir toegewyde misdadigers. Hulle kla oor groot winste van oliemaatskappye, maar swyg oor die groter winste van televisiemaatskappye wat hulle goedgesind is (Viguerie, 1980:9).

Ten opsigte van arbeid en ekonomie voer Viguerie (1980:11) aan dat liberaliste die skuld moet dra vir die grootskaalse dwelmhandel. Jeugdiges lê op straat rond omdat hulle nie behoorlike onderrig ontvang het nie. Hulle werkloosheidstoelaag is te hoog. Vakbondamptenare bedryf 'n vorm van slawehandel omdat in dertig uit die vyftig state 'n mens aan 'n vakbond moet behoort en moet betaal om 'n werk te kry. Hierteenoor sê die National Right to Work Committee dat 'n mens vry behoort te wees om aan 'n vakbond te behoort of nie. Amerikaners is moeg vir "Big Government", "Big business", "Big Labor" en "Big Education" wat vir hulle wil voorskryf wat om te doen. Die NR dring aan op 'n effektiewer ekonomiese beleid (Viguerie, 1980:229) en beklemtoon vrye onderneming.

Die NR is **proverdediging** (Viguerie, 1980:16). Mense was in 1980 ongeduldig oor die Regering se paaibeleid en die swak vertoning van die VSA se buitelandse beleid (Viguerie, 1980:16). Die NR se beleid oor verdediging kom neer op "peace through strength". Om die VSA se militêre aktiwiteite af te skaal, is 'n vorm van selfmoord, het Viguerie (1980:133) aangevoer.

Die NR maak baie gebruik van **"direct mail"**. Dit is een van die faktore wat 'n groot rol speel in sy sukses en dit is een van die effektiefste maniere van kommunikasie (Viguerie, 1980:112). Tussen 1978 en 1979 is byvoorbeeld sowat 9 miljoen briewe

aan Amerikaners gepos oor die Panamakanaalkwessie. Deur die "kanaalkwessie" het die NR nog sowat 400 000 name by hulle lys van ondersteuners gevoeg (Viguerie, 1980: 91).

Op politieke gebied was 1978 vir die NR 'n waterskeidingsjaar (Viguerie, 1980:83). 'n Rekordaantal persone het polities betrokke geraak en die NR het daarin geslaag om die politieke spektrum na regs te swaai. Dosyne Political Action Committees (PAC's) en ander organisasies het opleidingseminare aangebied oor politieke aangeleenthede (Viguerie,1980:95). Verskeie konserwatiewe senatore en selfs Demokratiese amptenare is deur die NR geldelik en andersins ondersteun in hulle benoemingsveldtogte. Sakeondernemings het meer geld aan sake bestee wat tot voordeel van die NR is.

*2.5.7 Godsdiens*

Elders (in 2.4.3) was godsdiens ter sprake as ontstaansoorsaak van die NR. In hierdie afdeling kom godsdiens weer ter sprake, maar dan as een van die belangrikste terreine van die die NR se werksaamhede.

Die NR glo onwrikbaar in God (Viguerie, 1980:16). In die laat sewentigerjare het die regeringsaanvalle op die kerk en Christene al hoe meer toegeneem (Viguerie, 1980:159). Evangeliste soos Jerry Falwell, James Robison en Pat Robertson moedig Christene gevolglik aan om polities meer betrokke te raak. Die skeiding tussen kerk en staat beteken nog nie skeiding tussen God en die regering nie, meen hulle (Viguerie, 1980:159).

'n Waardevolle bondgenoot van die NR is die "elektroniese kerk" (Van der Walt & Postma, 1987:9). Volgens Brodinsky (1983:6) is die elektroniese kerk nog 'n kragtiger middel as "direct mail". Naastenby veertig televisiestasies en sowat eenduisend radiostasies het 'n luistertal van tussen 40 en 61 miljoen (vergelyk ook Ellerin & Kesten, 1981:14; Park, 1987:6).

Ellerin en Kesten (1981:13) maak onderskeid tussen die "secular New Right" en die "Christian New Right". Die Christelike NR sou volgens hulle bestaan uit 'n aantal Protestantse leraars wat deur behendige televisie-evangelisasie nasionale bekendheid verwerf het, maar eintlik is hulle terselfdertyd ook politieke aktiviste. Ellerin en Kesten sê dis moeilik om aan te toon presies wanneer hulle (die CNR) begin het om "Godvresende" en "wedergebore" Christene in politieke ampte te verkies, maar dit het

in 1974 se verkiesingsveldtog begin deurskemer. In 1976 is die pogings voortgesit deur groepe soos die Christian Freedom Foundation, Christian Embassy en die Intercessors for America, om Christene as verteenwoordigers van die mense Kongres toe te stuur. Leiersfigure wie se name in hierdie verband genoem is, is Paul Weyrich, Howard Phillips, Robert Billings, Edward McAteer, Jerry Falwell en James Robinson (Ellerin & Kesten, 1981:13).

As die ongestruktureerde karakter van die NR in ag geneem word, is dit duidelik dat die "sekulêre" en die Christelike NR saamgespan het om in die bogenoemde geval 'n werkbare verhouding te stig. Hierdie bondgenootskap is betrokke by sake soos gesinsvraagstukke, aborsie, die ERA (Equal Rights Amendment), wetgewing oor homoseksualiteit, gebede op skool en verdediging. Die bondgenootskap het verder gelei tot die stigting van organisasies soos die Moral Majority en Christian Voice en Religious Round Table (Ellerin & Kesten, 1981:14). Die NR is voorstanders daarvan dat morele sake baie swaarder moet weeg as wat tans die geval is (Viguerie, 1980:231).

Politieke evangeliegesindes konsentreer op grondvlak ("grassroots organization") om kandidate te keur vir plaaslike verkiesings en vir die Kongres. Baie evangeliste gee ook 'n politieke inhoud aan hulle daaglikse radio- en televisieboodskappe (Ellerin & Kesten, 1981:14).

Op godsdienstige terrein is dit duidelik dat die NR heelwat gesigte vertoon. Volgens Viguerie (1980:162) werk die evangelis Jerry Falwell aan 'n koalisie van Katolieke, Jode en Mormone. Kerkleiers sê dis moeilik om Protestante, Jode en Katolieke saam te snoer, maar as dit kom by "big business", soos die massamedia wat seks uitbuit, maak dit saamstaan noodsaaklik (Viguerie, 1980:162). In 1977 is Rooms-Katolieke daarvan beskuldig dat daar 'n verband bestaan tussen Amerikaanse Nazi's en Rooms-Katolieke biskoppe. Viguerie (1980:168) sê dat dit onsin is. As biskoppe standpunt inneem teen sake soos aborsie en dit prontuit sê, is dit nog nie "Nazi-" intimidasie nie.

Die NR kritiseer die Wêreldraad van Kerke (WRK) onder andere vir sy donasie van $85 000 aan die Patriotiese Front in Zimbabwe (Aug. 1978). Kerkleiers wys op die kloof tussen die WRK en sy konstitusie (Viguerie, 1980:167).

## 2.6 Algemene kritiek teen die New Right

Omdat die NR op elke lewensterrein in die VSA 'n rol speel, is dit te begrype dat daar ook kritiek teen sy betrokkenheid sal wees. Die volgende punte van kritiek (veral van die kant van die sekulêre humaniste) word teen die NR geopper:

* Vir 'n paar dekades het kontroversie die openbare skool omwaas om redes hierbo reeds vermeld, maar toe voeg die NR 'n venynige element by die konflik, naamlik om die openbare skool daarvan te beskuldig dat die "godsdiens van sekulêre humanisme" daarin onderrig word (Pierard, 1987:134) hoewel die uitdrukking **sekulêre humanisme** ook vir die NR 'n vae begrip is. Die NR gebruik die begrip, maar kan nie 'n bevredigende definisie daarvan gee nie (Melichbar, 1983:56; Asimov [ed.], 1986:40). Sulke ongehoorde aanvalle van konserwatiewe kant stel die onderrig van natuurwetenskap, die ontwikkeling van kritiese intelligensie en die opvoedingsproses self in gevaar (Asimov [ed.], 1986:40). Dat die sekulêre humanisme gevare inhou, is 'n "vintage conspiracy theory" (Pierard, 1987:131; Melichbar, 1983:56).

  Van Brummelen (1989:4) beklemtoon egter dat die kern van ouers se bekommernis die sekulêre humanisme is, al is dit vir baie 'n vae begrip. Hy vereenselwig hom ook nie met die kritici van die NR wat beweer dat die NR met sy teenstand teen die sekulêre humanisme vrye, kritiese en wetenskaplike denke probeer onderdruk nie. Kritiese denke vind immers plaas binne 'n filosofiese raamwerk met sekere vooronderstellings.
* Die Gabler-egpaar word gekritiseer vir hulle felle kritiek teen handboeke (Pierard, 1987:132). Volgens Melichbar (1983:55) is hulle die invloedrykste NR-groep in hierdie verband.
* Die NR het 'n nostalgie na die Christelike Noord-Amerika van vorige eeue (Pierard, 1987:131).
* Die NR val die openbare skool aan omdat situasie- etiek, waarde-opvoeding (values education) en vrye uitdrukking van gedagtes in dié skole aangemoedig word (Melichbar, 1983:56). Volgens Asimov ([ed.], 1986:41) kan niemand egter aan die hedendaagse probleme en vraagstukke ontvlug nie. Deur met 'n vraaghouding te soek na alternatiewe oplossings vir die onderwys en vrye ondersoek aan te moedig, het die sekulêre humaniste 'n beter kans op sukses as hulle kritici (die NR) met hulle verskraalde studieterrein.
* Deur die skielike toetrede van NR-"aktiviste" tot die politiek, word baie Amerikaners die skrik op die lyf gejaag (Bohannon et al., 1983:12).

* Bohannon et al. (1983:13) gee 'n uiteensetting van wat "fundamentaliste" glo. Dit is enkele grepe uit die boeke Daniël en Openbaring en by nadere ontleding blyk dit die leer van die Chiliasme te wees. [Dit is egter nie alle NR-lede wat voor die voet so 'n letterlike interpretasie van die apokaliptiese literatuur daarop nahou nie - HJ.]
* Die NR buit kiesers se griewe uit om mense soos "blue collar workers" konserwatief te laat stem (Bohannon et al., 1983:33).
* Die NR word dikwels van rassisme verdink. Daarteenoor toon Viguerie (1980:221-222) aan dat:
  - dit juis konserwatiewes is wat dwelms uit swart skole en woongebiede verwyder wil kry en langer en strenger strawwe aanbeveel vir mense wat swart woongebiede terroriseer met roof, verkragting en moord (Viguerie, 1980:221);
  - konserwatiewes probeer om welsyn te bewerk vir hulle wat hulleself nie kan help nie (Viguerie, 1980:221);
  - konserwatiewes aandring op 'n beter onderwysstandaard in die openbare skool sodat swart kinders ordentliker opleiding kan kry;
  - konserwatiewes aandring op 'n laer minimumtoelaag vir werklose jongmense sodat hulle werksondervinding kan opdoen en nie so 'n swaar las op welsyn plaas nie (Viguerie, 1980:222), en
  - mense te behep is met probleme in Zimbabwe en Suid-Afrika en nie oor die probleme van swart Amerikaners praat nie (Viguerie, 1980:222).
* "Fundamentaliste" (die NR) beskuldig onderwysers in die openbare skool daarvan dat hulle die "godsdiens" van sekulêre humanisme onderrig. Tot twee jaar tevore (dus 1985) het die meeste onderwysers nog nie eers van so iets gehoor nie (Farmer, 1982:158).
* Regse fundamentaliste etiketteer te maklik gedagtes en lewenswyses wat van hulle s'n verskil as sekulêre humanisme (Farmer, 1982:158).
* Nuwe kennis kom soms in botsing met tradisionele opvattings. "Reaksionêres" (die NR) kan nie die wêreld terugneem na die "goeie ou dae" nie en kan ook nie die stroom van nuwe kennis stuit nie (Farmer, 1982:160).
* Van der Walt ([red.] 1984[a]: ongenommer) wys daarop dat, hoewel die NR gekenmerk word deur 'n begeerte om Skrifgetrou in die onderwys te bly, daar in die proses dikwels gesondig word in die rigting van piëtisme, fundamentalisme en biblisisme.

Kritici van die NR gebruik heel dikwels die term **fundamentalis(me)**. Die afleiding kan gemaak word dat verskillende komponente van die NR in die

literatuur as fundamentalisties getipeer word. Evearitt (1982:25) definieer byvoorbeeld **fundamentalistiese Evangeliegesindes** as mense wat glo in 'n bewuste persoonlike verhouding met Jesus Christus en ook in die gesag van die Bybel.

Jordaan (1991:5) onderskei tussen Amerikaanse fundamentalisme en die gereformeerd-fundamentele Skrifbeskouing. Laasgenoemde is 'n bruikbare term om die vertrekpunt aan te dui waarvandaan hierdie studie onderneem word, omdat volgens sommige definisies bykans enigeen wat in die Drie-enige God glo en 'n geloof volgens die Bybel en belydenisskrifte daarop nahou, heel maklik 'n fundamentalis genoem sou kon word.

Sommige mense dink net aan hulleself as Christene en dis juis die rede waarom hulle fundamentaliste genoem word (Barr, 1981:5). Vir 'n lang tyd is fundamentalisme beskryf as 'n rigting in die teologie wat die volgende oortuigings handhaaf:

- die onfeilbaarheid van die Skrif;
- die Godheid en maagdelike geboorte van Christus;
- die plaasvervangende versoeningswerk van Christus;
- Christus se historiese en fisiese opstanding;
- Christus se wederkoms (Jordaan, 1991:6).

Ander outeurs voeg die volgende kenmerke van **fundamentalisme** by:

- die letterlike verstaan van die skeppingsverhaal in Genesis (Kerr & Lutz, 1969:64);
- die geloof dat elke woord van die Bybel die Woord van God is;
- die ewige straf en hel (Bullock & Frombley, 1988:338);
- veroordeling van die Rooms-Katolieke kerk en moderne denkrigtings (Bullock & Frombley, 1988:338).
- reaksie teen die liberale teologie (Kerr & Lutz, 1969:64).

Die vermoede word bevestig dat die term **fundamentalisme** in die Amerikaanse konteks baie onnoukeurig en lukraak gebruik word. Uit humanistiese perspektief word daarmee selfs aangedui dat gelowiges in Jesus Christus oudmodies, konserwatief, naïef en nie krities ingestel is teenoor probleme in die Bybel nie. Jordaan (1991:5,6) waarsku tereg dat die

fundamentalistiese en gereformeerd-fundamentele benadering nie met mekaar verwar moet word nie, hoewel die twee beskouings tog ooreenkomste met mekaar vertoon.

* Die NR openbaar 'n "macho style". Die NR beskou hom as die laaste bastion van die gesin en beywer hom vir 'n geromantiseerde vorm van die patriargale stelsel. Oppervlakkig gesien is die NR se verdediging van gesinsvraagstukke positief, maar die NR het 'n verskraalde opvatting van wat dit alles behels (Pierard & Clouse, 1983:195).
* Die NR spesialiseer in "dirty tricks" soos "hit lists, morality ratings and outright lies" (Pierard & Clouse, 1983:197).
* Ten opsigte van aborsie sê Pierard en Clouse (1983:195) dat die NR se wagwoorde **vryheid** en **beperkte regering** is, maar met die NR se teenstand teen aborsie word vryheid juis vir arm vrouens ontsê. Rykes sal dit nog steeds verkry, al is dit buite die VSA. Die NR word gekritiseer omdat aborsie aan moord gelyk gestel word. Die NR se siening dat keusevryheid vir verwagtende vroue tot babamoord lei, is emosionele oordrywing. Die oordrywing word volgens Pierard en Clouse (1983:195) nog verder gevoer omdat die NR redeneer dat as fetusse se lewe so beëindig word, die volgende stap seker genadedood vir terminale pasiënte en oumense sal wees. Aborsie word volgens die kritici deur die NR uitgebuit vir politieke gewin.
* Die NR word gelei deur "selote en ekstremiste", word gesê.
* Die NR beheer en gebruik verder kragtige middele vir propaganda, reklame, fondsinsameling en proselietmakery.
* Die NR gebruik propaganda behendig, roekeloos en onverantwoordelik. Slagspreuke, swartskape, leuens, growwe veralgemenings, innuendo's, smeerwoorde en opstokery maak 'n groot deel van die propaganda uit.
* Die NR se aanvalle op die openbare skool kom op 'n tydstip wanneer die openbare onderwys op 'n laagtepunt is (Brodinsky, 1982:88).

## 2.7 Samevatting

Volgens Viguerie (1980:226) was die NR in Noord-Amerika teen 1980 gereed om die leiding oor te neem en te regeer. Die grootste probleme in Amerika en in die wêreld bestaan as gevolg van swak leierskap. Vir te lank het die konserwatiewes net woordvoerders gehad en nie leiers nie (Viguerie, 1980:239).

Hoewel hy dit krities teenoor die NR bedoel, is Brodinsky (1982:88) se opmerkings 'n goeie samevatting van die NR-strategieë: Die NR is aktief op talle fronte en sien

niemand oor nie. Die NR se teikengroepe is ouers, belastingbetalers, skoolraadslede, onderwysers, skooladministrateurs en wetmakers. Om die NR te help in sy reklameveldtog gebruik hy dinkskrums, politieke aksiekomitees (PAC's), 'n verskeidenheid onderlingverweefde organisasies wat modelwetsontwerpe opstel, gebed in skole bevorder, kreasionisme bevorder, handboeke (af)keur, vakbondoptrede in die onderwys teenstaan, belange van Christelike skole bevorder, belasting en skooluitgawes besnoei, konserwatiewe beginsels vertroetel, die sekulêre humanisme teenstaan en geld voorsien aan kolleges en universiteite wat vrye onderneming bevorder.

Dit is uit die literatuur duidelik dat bepaalde invloede op die Noord-Amerikaanse samelewing, politiek en Christelike ingesteldheid inwerk. Voorheen kon die invloede Kommunisme, Sosialisme of Liberalisme genoem word, maar tans is dit duidelik dat dit veral die sekulêre humanisme is wat reaksie van die NR ontlok en dit is dus te verstane dat die sekulêr-humanistiese invloed gelei het tot die vestiging van die NR-beweging.

Hoewel daar kritiek teen sommige van die beweging se uitgangspunte en strategieë is en kan wees, moet die NR krediet gegee word vir sy opregte bedoeling om die Christelike lewens- en wêreldbeskouing te handhaaf en te bevorder.

Bohannon et al. (1983:37) lewer skerp kritiek op die NR, maar gee toe dat die potensiaal van die beweging nie onderskat moet word nie. Die NR maak nie van verouderde metodes soos massa-optrede gebruik nie - hulle gebruik moderne metodes en tegnologie (Bohannon et al., 1983:43).

Agter die konserwatiewe en Christelike oortuigings van die NR-beweging sit daar 'n religieuse grondmotief wat vir die fundamentele opvoedkunde van belang is. In 3. word daar nou verder aandag gegee aan die opvoedkundige opvattings van dié beweging.

# 3 DIE FILOSOFIESE UITGANGSPUNTE, GRONDSLAE EN OPVOEDINGSLEER VAN DIE NEW RIGHT-BEWEGING

## 3.1 Inleiding

Dit is nie die bedoeling met hierdie oorsig om die openbare skool en Christelike privaatskole in Noord-Amerika met mekaar te vergelyk nie. Dit blyk egter uit die literatuur dat die twee tipes skole se opvoedkundige begronding en religieuse grondmotiewe lynreg teenoor mekaar staan, veral as 'n mens die NR se uitgangspunte, grondslae en opvoedingsteorie skerp onder die loep neem. In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik gelet op die filosofiese uitgangspunte, grondslae en opvoedingsteorie van die New Right. In die proses word ook gebruik gemaak van die insigte van verskeie Noord-Amerikaanse opvoedkundiges wat nêrens pertinent na die NR verwys nie, maar wel oor die opvoeding en onderwys in Christelike privaatskole skryf.

## 3.2 Filosofiese grondslae/(voor-)teoretiese uitgangspunte van die NR

### *3.2.1 Teo-logie (Godsbeskouing)*

Uit die geskrifte van lede van die NR (byvoorbeeld Viguerie, vergelyk verwysings in 2.) blyk hulle anastatiese religieuse gegrepenheid. Die NR se gerigtheid op God is so vanselfsprekend dat daar weinig pogings voorkom om te verduidelik wie hulle as God beskou (Van der Walt & Postma, 1987:12). Kranendonk (1978:28) sê voorts dat die Christen nie aan die nie-Christen kan verduidelik wie God is nie, want laasgenoemde het geen ervaring van God nie. Ervaring oor God kan net uit die geloof verkry word. Net deur geloof kan daar ware kennis oor God uit die Bybel verkry word; daarsonder kan die openbaring van God nie verstaan word nie.

Die Christen weet dat God die Skepper van hemel en aarde is. Net uit die Bybel leer hy dat God alomteenwoordig en alwetend is. Alle pogings om uit die mens se beperkte verstand die bestaan van God te bewys, is tot mislukking gedoem, omdat die mens self 'n skepsel van God is. Die Christen glo in die Drie-enige God (Kranendonk, 1978:28).

Alhoewel God Hom in die Bybel en in die skepping geopenbaar het, is die mens se kennis oor God nie volkome nie, omdat die mens se verstand beperk is (Kranendonk, 1978:29).

### *3.2.2* ***Kosmologie*** *(Werklikheidsbeskouing)* ***en ontologie*** *(Synsleer)*

Met die term **kosmologie** word bedoel die wetenskaplike siening van die geskape werklikheid en ontologie. Die struktuur van die werklikheid vertoon vier fasette, naamlik die religieuse, die bestaanswyse-, die individualiteits- en die tydse fasette (Van der Walt, Dekker & van der Walt, 1985:60). In hierdie afdeling word egter hoofsaaklik aandag gegee aan die religieuse faset omdat die klem by die NR val op die gerigtheid op God (anastaties), teenoor die apostatiese ingesteldheid van die humanistiese skole, waarteen die NR hulleself opstel.

Die NR se verhouding teenoor die wêreld/werklikheid kan soos volg uiteengesit word:

* Kinders moet volgens Hand.1:8 en Joh.15:27 in die waarheid opgevoed word sodat hulle in en teenoor die wêreld kan getuig.
* Die "wêreld" bestaan uit ongelowiges wat God haat en die duiwel dien.
* Die wêreld staan nie neutraal teenoor die dinge van God nie.
* Die wet van God op die terrein van die etiese is in hulle harte geskryf; hulle verwerp dit vir sover as wat hulle dit nie kan raaksien nie en tog kan die wêreld hom nie losmaak van die wet van God nie.
* As die openbare skool weier om in sy werksaamhede die heerlikheid van God te verkondig, dan word daar gelieg en nie ooreenkomstig die waarheid onderrig nie (Van der Walt & Postma, 1987:13).
* Rom. 1:21-23 verwys na mense wat van God weet, maar Hom nie eer en dank nie; mense wat voorgee dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas; wat in die plek van God allerhande ander denkbeelde stel. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die wêreld sy eie kop volg en vir hom 'n eiewillige godsdiens formuleer (Van der Walt & Postma, 1987:13). Fowler (ed.), Van Brummelen & Van Dyk, 1990:139,140) toon aan dat die pragmatis, kommunis en behaviouris sekere dinge verabsoluteer en hy kom tot die gevolgtrekking: "For them, a secular religion replaces faith in God".
* In die openbare skool word kinders volgens die sekulêr-humanistiese godsdiens geleer dat die mens sy eie baas/leermeester is. Hy is self die maatstaf van alle dinge en sy enigste hoop lê in die gebruik van sy verstand (Van der Walt & Postma, 1987:13; Kurtz, 1980:18).
* Die NR maak 'n besliste skeiding tussen die magte van die lig en die duisternis en verwerp alle vorme van humanisme - ook enige vorm van kompartementalisering van die lewe. Dit is onaanvaarbaar dat die kind tuis in die waarhede van die Christelike geloof onderrig word, maar in die skool aan

die religie van die sekulêre humanisme blootgestel word (Van der Walt & Postma, 1987:13; Bordewyk [ed.], 1991:4).

Die NR bely dus dat God die Skepper en Onderhouer van die kosmos is. Op alle lewensterreine moet volgens die Woord van God gehandel word, omdat die wêreld hom nie kan losmaak van die wet van God nie.

### *3.2.3 Religie*

Alle teorieë oor opvoeding het bewustelik of onbewustelik 'n religieuse uitgangspunt (De Graaff, 1966:93). Die woord **religie** beteken "terugbind" en dui op die mens se geneigdheid om sy hart aan die ware God (anastaties) of aan 'n afgod (apostaties) te bind (Van der Walt et al., 1985:61). Die sonde het 'n verwoestende uitwerking op die skepping, maar deur die versoeningswerk van Jesus Christus word die mens verlos daarvan (Van der Walt & Postma, 1987:13). Volgens die NR is die Christelike skool se uitgangspunt dat kinders opgevoed moet word in die vrese van die Here (Bordewyk [ed.], 1991:4).

Die sekulêre humanisme ontken bogenoemde uitgangspunte (vergelyk Kurtz, 1980:18). Die openbare skool is sterk onder die invloed van die sekulêr-humanistiese opvoedingsgedagtes en hang dus volgens die NR 'n onaanvaarbare religie aan.

Die NR in Noord-Amerika bestaan uit konserwatiewe Christene wat die invloed van die sekulêre humanisme teenstaan en die Woord van God beskou as primêre riglyn vir hulle geloof en lewe. Met hierdie siening van die werklikheid in gedagte, glo die NR dat Amerika sy Christelike waardes oorboord gegooi het en dat daar daadwerklik opgetree moet word om dit te herwin (Van Brummelen, 1989:2) [vergelyk ook 2.2].

Die NR bely dat God die Skepper van alles is en dit steeds deur sy voorsienigheid onderhou (Van der Walt & Postma, 1987:13). Die verwoestende werking van die sonde word erken, maar die versoeningswerk van Jesus Christus in gemeenskap met die Heilige Gees word daarmee saam bely (Van der Walt & Postma, 1987:12).

### *3.2.4 Antropologie (mensbeskouing)*

Sonder 'n opvatting van wie en wat die mens is, wat sy aard en wese is, hoe hy saamgestel is, wat sy oorsprong en bestemming is, wat sy roeping en taak is, is die opvoeding van die mens onmoontlik (Van der Walt et al., 1985:92). Enige opvatting

wat egter die een of ander aspek van die menslike lewe verabsoluteer en wat die mens verskraal tot 'n sosiale, morele, rasionele of psigiese wese, kan nie dien as basis vir 'n Skrifmatige opvoedingsteorie nie (De Graaff, 1966:93).

Die sienswyse van die NR oor die mens kan tot 'n aantal antropologiese gesigspunte herlei word (Van der Walt & Postma, 1987:13). Die NR erken die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Die mens (kind) word nie gesien as net goed of net sleg nie. De Graaff (1966:119) sê dat die mens altyd tekortkominge het in die uitvoering van sy lewenstaak en verstaan nie altyd die wil van God nie, maar in Jesus Christus is daar vergifnis, herstel en 'n nuwe begin. Die mens is 'n sondaar wat weer in Christus in 'n regte verhouding met God geplaas word (Van der Walt & Postma, 1987:13; Fowler [ed.] et al., 1990:140-141). Op die vraag: wie is die mens? sê Kranendonk (1978:26) dat die mens nie anders kan as om hom na die Bybel te wend vir die antwoord nie:

* Die mens is deel van God se plan.
* Die mens is deur God na sy beeld geskape om oor die skepping te heers en verantwoording te doen. Hy is in diens van God (vergelyk ook De Graaff, 1966:111).
* Die mens is nie outonoom nie. Selfs die nie-Christen, of hy dit wil erken of nie, word deur God gebruik om mee te werk aan die ontplooiing van God se plan (Kranendonk, 1978:27).
* Deur die sondeval is die mens se verhouding met God aangetas en is die mens dood as gevolg van die sonde. Op die hele skepping rus die vloek van God (Kranendonk, 1978:30).
* Omdat die mens 'n sondaar is, het hy die **behoefte** en die **moontlikheid** om gered te word (Rom. 3:23-24). Hoewel kinders sondaars is, beteken dit nie dat hulle voor die voet gedoem is en niks goeds in hulle het nie. Dit beteken dat hulle gedrag en optrede nie altyd 'n Bybelse lewenswyse sal reflekteer nie. Die onderwyser speel 'n belangrike rol om leiding in hierdie verband te gee (Fowler (ed.) et al., 1990:141). Satan gaan voort met sy verleiding van mense wat aan Christus behoort, maar weet dat sy pogings om die ryk van Christus te vernietig tot mislukking gedoem is. Deur die eerste Adam is die ganse skepping in diens van Satan, maar Christus, die tweede Adam, het in beginsel reeds die wêreld van sonde gered. Jesus heers as koning totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het (I Kor. 15:25) (Kranendonk, 1978:38).

* Die enigste manier waarop alles herskep kan word tot die oorspronklike staat is dat die mens terugkeer tot 'n lewende verhouding met God. Dit is alleen moontlik deur die werk van 'n Middelaar, Jesus Christus - die Herskepper (Kranendonk, 1978:32).
* Volgens I Petr. 2:9 en Openbaring 1:6 verlos en herstel Jesus die mens en maak hom koning en priester in sy skepping (Kranendonk, 1978:33).
* Die mens word uit genade gered (Ef.2:8-10). Deur genade het die gelowige die **vermoë** en **verantwoordelikheid** om sy kultuurtaak uit te voer (Kranendonk, 1978:36).

Die NR erken dus dat die mens 'n religieuse wese is wat na die beeld van God geskape is, maar dat hy in sonde geval het en dat verlossing slegs deur Jesus Christus moontlik is.

*3.2.5 Morele/etiese beskouing van die NR*

Die NR beklemtoon "rule of law", moraliteit, die tradisionele gesinslewe en deugde soos eerlikheid en respek, en staan promiskuïteit, pornografie en aborsie teë (Van Brummelen, 1989:2).

Vir die New Christian Right (NCR) is dit 'n groot probleem dat kinders in die openbare skool geleer word dat moraliteit gebaseer is op die menslike rede en nie op godsdiens nie (Van Brummelen, 1989:8; Carper, 1983:138; Kurtz, 1980:14,15). Die NR konsentreer op morele vraagstukke en blameer die sekulêre humaniste vir die ondermyning van kinders se morele waardes (Ravitch, 1983:6). Kinders word in die lastige posisie geplaas dat hulle die moraliteit wat hulle in hulle huise leer, moet verdedig.

Van Brummelen (1989:9) wys op 'n dualisme in die sekulêr-humanistiese opvatting oor moraliteit: as 'n mens dan self kan kies en besluit wat reg is, wat gebeur as kinders besluit dat dit in hulle beste belang is om oneerlik te wees in toetse? Van Brummelen (1989:9) bestempel die openbare skool se etiese beskouing as "ethics without virtue".

Van Brummelen (1989:10) wys nog 'n dualisme ten opsigte van morele opvoeding uit. The Association of Supervision and Curriculum Development (ASCD) het sy "moral education framework" vrygestel en maak daarop aanspraak dat dit afgelei is uit

universele morele en demokratiese beginsels. Die volgende ses beginsels word genoem:

1 om die waardigheid van die mens te eerbiedig;
2 om om te sien na die welsyn van ander;
3 om individuele belange en maatskaplike verantwoordelikhede te integreer;
4 om integriteit aan die dag te lê;
5 om na te dink oor sedelike keuses, en
6 om vreedsame oplossings vir konflik te vind.

Die meeste van die bogenoemde sake klink of dit die moeite werd is, meen Van Brummelen (1989:10), maar die NCR word van indoktrinasie beskuldig as die Bybel sy verwysingsraamwerk vir sodanige morele opvoeding is. As die verwysingsraamwerk egter dié van die ASCD is, is dit nie indoktrinasie nie. Om so 'n algemene moraliteit in skole te onderrig, is vir Christene onaanvaarbaar (Van Brummelen, 1989:11; Carper, 1983:140). Reese (1985:178) verwys in hierdie verband na die "moral pollution" in die openbare skool.

Van Brummelen (1989:11) wys 'n derde probleem uit wat die NR ondervind om sy beskouing oor moraliteit te handhaaf: in 'n na-Christelike era kan nie net Christelike moraliteit onderrig word nie, want dit bevredig gewoon net nie almal nie. Die Hooggeregshofuitsprake in hierdie verband laat dit duidelik blyk. NCR-ouers kan die "oorlog" nie wen nie. Hulle mag hier en daar simbolies 'n "veldslag" wen, maar hulle gaan die oorlog verloor. Moraliteit wat afgeskaal is tot 'n gemene deler om nie aanstoot te gee nie, gaan egter nie almal bevredig nie. Die VSA is trots daarop dat hy 'n "modeldemokrasie" is, maar intussen het hy een van die mees monolitiese en amorele onderwysstelsels in die Westerse wêreld.

Vir die NR is die Bybelse riglyne ten opsigte van moraliteit deurslaggewend. As dit afgeskaal of vervang word deur iets anders, is geestelike vervlakking die onvermydelike gevolg.

### *3.2.6 Die NR se samelewingsteorie*

#### 3.2.6.1 Algemeen

Vir die NR is die gesin, kerk, skool en staat samelewingsverbande wat met mekaar verweef is (Kranendonk, 1978:58), ook wat die opvoedende onderwys van die kinders

betref. Die kind se opvoeding rus op drie pilare: die Christelike kerk, skool en huis. As een van die drie vervang word deur die nie-Christelike, word die kind nie opgevoed in gehoorsaamheid aan God se totale openbaring en wette nie (Kranendonk, 1978:56).

3.2.6.2 Die kerk

Volgens Reese (1985:179) sien Reformatoriese ouers die kerk as 'n opvoedkundige (dryf)krag in die Amerikaanse samelewing, omdat die openbare onderwys nie in hulle kinders se geestelike behoeftes kan voorsien nie.

Dit word volgens die Bybel bely dat die kerk die liggaam van Christus is en die gelowiges die lede daarvan is. Die kerk staan steeds onder die aanslae van Satan, maar die Heilige Gees lei die kerk (Kranendonk, 1978:41). Die kerk moet as liggaam van Christus, en nie as denominasie of plaaslike gemeente nie, betrokke wees by opvoeding/onderwys (Kranendonk, 1978:63). (In 3.4.13 word breedvoeriger gehandel oor die kerk se betrokkenheid by opvoedende onderwys.)

3.2.6.3 Die skool

Die openbare skool in Noord-Amerika verkeer in 'n krisis. Daarteenoor word in Christelike skole gepoog om die probleme wat in die openbare skool bestaan (vergelyk 2.5.4) uit te skakel. Die NR is voorstanders van en beywer hulle vir Christelike onderwys en opvoeding (Viguerie, 1980:209). Daar bestaan veral twee NR-organisasies wat met onderwys gemoeid is:

1 Die "Moral Majority". Hierdie organisasie het twee arms: een vir die politiek en een vir die onderwys (Viguerie,1980:161).
2 The National Christian Action Coalition (NCAC). Die NCAC verteenwoordig die belange van Christenskole (Bohannon et al., 1983:26).

Christenskole het ontstaan uit die oortuiging dat ouers die Godgegewe opdrag het om hulle kinders op te voed in die vrese van die Here. Daarom word die gees in die skool beskou as 'n verlengstuk van dié in die ouerhuis en dit impliseer dat die leerinhoud (alle vakke) 'n Bybelse perspektief sal hê, sodat kinders voorberei kan word om verantwoordelike burgers te kan wees in die koninkryk van God (Bordewyk [ed.], 1991:4; Kranendonk, 1978:44). "Schools cannot perform their teaching function

properly without addressing the religious heart of their students" (Fowler [ed.] et al., 1990:140).

In die gekompliseerde moderne samelewing is die gesin nie meer in staat om te voorsien in al die kind se opvoedingsbehoeftes nie. Die gesin verwag van die skool om die meer formele deel van opvoeding te behartig (Kranendonk, 1978:58).

3.2.6.4 Die gesin

Op grond van Deut.6 word geag dat die gesin primêr verantwoordelik is vir die opvoeding van kinders. Hoewel die gesin 'n deel van sy onderwystaak aan die skool afgestaan het, bly hy aan God verantwoording verskuldig vir wat die kind in die kerk en skool leer. Binne die gesinsverband moet die kind as koninkryksburger opgevoed word (Kranendonk, 1978:58).

Alhoewel die gesin reëls maak en dissipline toepas, is hy nie die staat nie; alhoewel daar saam aanbid word, is hy nie kerk nie; alhoewel hy die kind onderrig gee ("nurture"), is hy nie die skool nie (Kranendonk, 1978:58). Kranendonk (1978:67) verwys hier na "sphere-sovereignty", 'n verskynsel wat Van der Walt ([red.], 1984[a]:ongenommer; Van der Walt, 1984[b]:77) "selfstandigheid in eie kring" noem.

'n Gesonde gesinslewe is vir die NR 'n nasionale prioriteit (Viguerie, 1980:199). Sake wat die gesinslewe bedreig is egskeiding, buite-egtelike verhoudings, aborsie, kinderbetrokkenheid by pornografie, vroue wat beroepsarbeid verrig, en dies meer (Viguerie, 1980:195). Die NR se standpunt is daarteenoor dat die gesinslewe beskerm moet word (Viguerie, 1980:204).

Agter die antigesinbeweging sit mense wat nie in God glo nie, ekonomiese opportuniste wat geld wil maak uit pornografie, aborsie, ensovoorts (Viguerie, 1980:210). David (1984:64) beskuldig op haar beurt die NR daarvan dat hy antifeministies is omdat hy die patriargale gesin wil bevorder. Viguerie (1980:211) is hierteenoor oortuig daarvan dat die gesin die laaste vesting van private vryheid is.

3.2.6.5 Die staat

In die oertye het die gesin die kultuurtaak uitgevoer. Daar was toe nog nie 'n behoefte aan die staat nie. Die staat is die produk van die ontplooiing van God se skeppingsplan. Aanvanklik (in Bybelse tye) was die staat en die kerk grootliks

deureengeweef, maar later het formele skeiding tussen die twee meer gangbaar geword (Kranendonk, 1978:65).

Die sogenaamde "First Amendment" van die Amerikaanse Grondwet (1802) veronderstel byvoorbeeld 'n skeiding tussen kerk en staat. Protestantse Christene vind hierdie skerp skeiding tussen kerk en staat egter onwenslik. Die sogenaamde "wall of separation" tussen kerk en staat het volgens hulle met die verloop van tyd veroorsaak dat God as't ware beperk word tot die ewige, die anderwêreldlike. Volgens Kranendonk (1978:65) het die skerp skeiding tussen kerk en staat ingetree omdat die voorgeslagte die feit uit die oog verloor het dat beide kerk en staat hulle gesag van God ontvang. Rondom die eeuwending (1900) het die Christelike gemeenskap tot die besef gekom dat dié twee samelewingsverbande onderling verwant ("inter-related") is en dat die een nie oor die ander een moet heers nie. Daar is dus 'n duidelike **onderskeid** tussen kerk en staat, maar dit beteken nie **skeiding** nie (Kranendonk, 1978:66; De Jong, 1982:15). Die taak van die staat is volgens die Skrif nie onderwys nie, maar die handhawing van wet en orde en die uitoefening van gesag (Dreckmeyr, 1986:35). As die staat, soos in die jongste tyd, sy gesag grond op iets uit die skepping - soos demokrasie - is dit 'n vorm van afgodery (Kranendonk, 1978:66). Deur die handhawing van allerlei besluite dat godsdiens totaal geskei moet word van onderwys, regering, burgerlike verantwoordelikheid en van wetenskapsbeoefening, het die regterlike mag van die VSA die godsdiens van sekulêre humanisme aangeneem en word dit bevorder deur hofuitsprake in die onderwys (De Jong, 1982:14).

Die staat ontvang sy gesag van God om te sorg vir geregtigheid en onderhorigheid aan die Wet van God (Deut.6:1-13 en Matt.22:37-40). Volgens Kranendonk (1978:65) rig bogenoemde Skrifverwysings vandag nog die taak van die staat.

### *3.2.7 Kennisbeskouing (epistemologie) van die NR*

Die basis van 'n Christen se kennis is geloof in die Woord van God. Die Drie-enige God is alomteenwoordig: daarom kan geen kennis los van God verkry word nie. Die kennis van God is die integrerende beginsel van kennis: enige ander beginsel is 'n daad van afgodery (Fowler [ed.] et al., 1990:24). God openbaar Hom in die Bybel asook in die skepping. Die Bybel is die bron van kennis oor hoe, waarom en met watter doel alles geskape is. Hierdie kennis kan nie deur die filosofie of wetenskaplike navorsing of deur waarneming verkry word nie (Kranendonk, 1978:48; Fowler [ed.] et al., 1990:24). Dit wat God in die skepping geopenbaar het, kan alleen reg verstaan word in die lig van die Bybel as die onfeilbare Woord van God.

Kranendonk (1978:49) maak Hebr.11:3 hier van toepassing: "Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is; die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie".

In die Christelike onderwys is dit nie genoeg om net te sê dat kennis met die dien van die Here begin nie (Spr. 1:7). Dit is 'n uitdaging dat studente/leerlinge so gelei word dat hulle in die praktyk kan sien dat alle kennis, van die mees aardse tot die mees verborge teoretiese aangeleenthede, geïntegreer is met die kennis van God en wat hy geopenbaar het (Fowler [ed.] et al., 1990:25). Die erkenning dat die kennis van God ware integrering van kennis teweeg bring, beteken dat aanbidding ("worship") in die Christelike skool 'n integrale komponent van leer moet wees. Aanbidding en leer moet nie in afsonderlike kompartemente geskei word nie. Ware kennis oor God lei 'n mens onweerstaanbaar tot die dien van God. Wanneer 'n mens terugskouend na al sy kennis kyk en dit kan saambind tot 'n eenheid met die kennis van God, is hy ryker (Fowler [ed.] et al., 1990:25).

Die Christen glo dat die mens deur God geskape is om Hom te dien. As dit die vertrekpunt is, bou die mens sy teorieë, filosofieë, metodes en aktiwiteite onder die besef van die soewereiniteit van God (Kranendonk, 1978:50).

Die nie-Christen se kennis is ook gebaseer op geloof, maar dis geloof in 'n god wat hyself geskep het, naamlik die rede (Kranendonk, 1978:49; Kurtz, 1980:15). Die nie-Christen rig hom op iets uit die skepping om sy ontstaan en bestaan te verklaar. Dit word sy godsdiens. So is die evolusieteorie 'n voorbeeld van geloofsverbintenis aan 'n teorie (Kranendonk, 1978:50). Dit moet aan leerlinge verduidelik word dat, al sou hulle die kennis van God verwerp, hulle nogtans nie godsdienstig neutraal kan wees nie (Fowler [ed] et al., 1990:26, 174).

Epistemologies is dit onaanvaarbaar om soos die pragmatis te glo dat niks vas is nie ("nothing is absolute") en soos die humanis te glo dat die mens die absolute maatstaf van alle waarheid is (De Jong, 1977:51).

Ware kennis kan nie los van God verkry word nie. As die mens al sy kennis saambind tot 'n eenheid met die kennis van God, is hy 'n ryker mens.

## 3.3 Enkele teoretiese grondslae van die NR

### *3.3.1 Algemeen*

Die NR staan afwysend teenoor die relativering van waardes en beginsels in die onderrig en oor die feit dat in die openbare skool aanvaar word dat daar nie iets soos vaste, aanvaarbare waardes is nie (Van der Walt & Postma, 1987:5).

### *3.3.2 Die wetenskaplike vertrekpunt van die NR*

Die NR se wetenskaplike vertrekpunt ten opsigte van die onderwys is die Bybel as Woord van God. God het die hele skepping voortgebring en bepaalde wetmatighede daarvoor gegee.

Deur die sekulêre humanisme aan te val, val die NR ook die elemente in die openbare skool aan wat "vrye kritiese denke" bevorder (Van der Walt & Postma, 1987:5).

Die NR verkies om nie intellektualistiese metodes aan te wend nie, maar wil ook nie in anti-intellektualisme verval nie (Van der Walt & Postma, 1987:19).

### *3.3.3 Die aard van wetenskaplike kennis*

Die basis van die Christen se kennis is geloof in die Woord van God (Kranendonk, 1978:47). Seker kennis, naamlik kennis van God asook die kennis oor hoe, waarom en met watter doel God alles geskape het, kan nie deur die filosofie of die wetenskap verkry word nie. Dis eers in die lig van kennis van die Woord van God dat dit wat God in die skepping geopenbaar het, reg verstaan kan word (Kranendonk, 1978:48,49).

Die sekulêre humanisme se vertrekpunt is relativisties (Van der Walt & Postma, 1987:7): alles word bevraagteken. Gesag word verwerp in die naam van "wetenskaplike objektiwiteit". Die waarheid word vervang deur die pragmatiese, die nuttige en die operasionele (Van der Walt & Postma, 1987:7). Die menslike rede en wetenskaplike metode is die betroubaarste manier om die menslike intelligensie te ontwikkel (Kurtz, 1980:20). Daarteenoor is die NR se vertrekpunt dat die Woord van God die enigste en vaste waarheid is.

*3.3.4 Kennis soos uitgedruk en saamgevat in skoolvakke (vergelyk ook 3.4.3)*

Die Christenonderwyser moet in kurrikuleringsprosesse gelei word deur die Bybelse siening van openbaring en kennis. Die onderwyser in die Evangeliese skool (Reformatories-Christelik) glo dat alles wat hy doen en wat in die skole gebeur 'n weerspieëling moet wees van die Christelike gemeenskap, van verantwoordelikheid om te dien, van die opdrag om alle dele van God se skepping te ontwikkel en op God se roeping te antwoord (Van der Walt & Postma, 1987:11; De Graaff, 1966:111).

Volgens die kritici van die NR is Christelike onderwys minder intellektualisties. Die NR verkies egter om nie van intellektualistiese metodes gebruik te maak nie (Van der Walt & Postma, 1987:11). Die feit dat die onderrig van leerlinge, hulle handboeke, hulle lewe, van 'n Bybelse geloof deurdronge is en dat Bybelse stof in die vakkurrikulum ingesluit is, maak die onderwys vir hulle nie minder intellektueel nie. Tewens, Christelike onderwys gee meer vastigheid aan leerlinge as die sekulêre humanistiese opvoeding in die openbare skool. Intellektuele ontwikkeling moet nie oorbeklemtoon word nie (Fowler [ed.] et al., 1990:177).

Humanisme veroorsaak volgens die NR dat die samelewing veranderend, skuiwend en onnet is. Hierdie "galopperende" humanisme is aggressief en anti-Christelik. Teenoor hierdie mag staan die kerk, en saam met die kerk die Christian Day School Movement (Van der Walt & Postma, 1987:6).

Indien Bybelse stof dus in die vakkurrikulum ingesluit is, beteken dit nie noodwendig dat onderwys in Christelike skole minder intellektueel is as in openbare skole nie.

## 3.4 Opvoedingsteorie van die NR

### *3.4.1 Die wese van opvoeding*

Daar kan slegs van 'n Christelike opvoedingsteorie sprake wees as dié teorie gefundeer is op en gerig word deur die Woord van God, meen De Graaff (1966:118). Opvoeding wat onderneem word op die basis van geloof in die Woord van God vereer en dien die soewereine God. Daarteenoor is opvoeding wat uit die mens is en op die mens gerig is, opvoeding tot eer van Satan (Kranendonk, 1978:53). Onderwys en godsdiens ("religion") is onafskeidbaar aan mekaar verbonde (Reese, 1985:190).

Die feit dat die mens 'n religieuse wese is, beïnvloed sy hele bestaan en maak opvoedende onderwys 'n normatiewe taak (De Graaff, 1966:100,112). Opvoedende onderwys impliseer altyd 'n bewuste poging van die opvoeder om die kind in 'n spesifieke rigting te lei aan die hand van sekere norme (De Graaff, 1966:110). Hierdie norme word uit die Woord van God afgelei. Alle opvoedende onderwyssituasies word genormeer deur die verbondmatige verhouding tussen God en die mens (De Graaff, 1966:95). Die kind moet leer om hom gewillig te onderwerp aan die wet van God (De Graaff, 1966:99).

Die NR is nie in eerste instansie oor die ontiese status van die opvoedende onderwys as verskynsel besorg nie; opvoedende onderwys is vir die NR Christelik van aard en karakter. Volgens Van der Walt en Postma (1987:17) en ander (vergelyk verwysings algaande) geld die volgende vir die NR ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys:

* Dit stel kinders in staat om "meer Christelik" te word.
* Christene het die waarheid en Christelike opvoedende onderwys is 'n aanvaarbare alternatief vir die groeiende ontnugtering met die openbare skool.

Voorts moet Christelike opvoedende onderwys

* in radikale teenstand wees met die Noord-Amerikaanse humanisme;
* die kind leer om 'n getroue dienaar van Christus te wees;
* 'n totale breuk met die gees van die tyd beteken;
* die kind toerus tot dissipelskap van God;
* die kind leer om die sekularisme vaarwel toe te roep, sy sondes te bely en sy weë te verander (De Graaff, 1987:7, 23,24-25);
* die mens help om die eise van selfstandige volwassenheid beter te hanteer, op 'n wyse wat in 'n Christelike gemeenskap aanvaarbaar sal wees;
* foutiewe grondslae vervang en strukture en lewenswyses tot stand laat kom wat in die Woord van God gewortel is;
* die kind toerus om te kan antwoord op God se roeping (vergelyk ook De Graaff, 1966:111);
* deur die werking van die Heilige Gees die kind verander van wat is na wat hy/sy **behoort** te wees (De Graaff, 1966:71), en
* op God gerig wees. Dit is nie net deel van die klaskameraktiwiteit nie: dit is "part and parcel of life" (De Jong, 1977:86).

Dit is dus nodig om 'n Skriftuurlik-georiënteerde opvoedingsteorie te hê wat op die Woord van God gebaseer is.

### *3.4.2 Die doel van opvoedende onderwys*

Die sekulêre opvoedingsdoel is om 'n humanistiese samelewing te ontwikkel (Van der Walt & Postma, 1987:17; Kurtz, 1980:22). Die openbare skole word gekenmerk deur "skuiwende" doelwitte na gelang van nuwe opvoedkundige strominge. In die openbare skole heers daar groot verwarring en doellose ronddolery ("wandering") (De Jong, 1977:68). Daarteenoor wil Christenopvoeders:

* kinders verantwoordelike lede van die Christelike samelewing maak;
* kinders wys laat word deur hulle nalewing van Christus;
* 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing sowel as 'n Christelike lewenswyse by die kind tuisbring (vergelyk ook Reese, 1985:189);
* die kind leer om God, sy naaste en die wêreld te dien (Van der Walt & Postma, 1987:18), en
* die kind vorm sodat hy God se roeping op elke terrein van die lewe sal erken en die kind voorberei om die skepping te laat ontplooi (Van der Walt & Postma, 1987:18).

Die doel van opvoedende onderwys is nie om te evangeliseer nie, maar om die kind se totale lewe te ontwikkel sodat hy kan antwoord op sy roeping in die lewe (Kranendonk,1978:56). Opvoedende onderwys help om die kind se persoonlikheid te ontwikkel (De Graaff, 1966:100), maar die kind ontwikkel nie as 'n persoon nie: hy **is** 'n persoon - 'n religieuse wese (De Graaff, 1966:111).

### *3.4.3 Inhoud (kurrikulum)*

Die woord **kurrikulum** (Latyn: curriculum) beteken hardloop, renbaan of strydwa ("chariot"). In werklikheid is die kurrikulum nie 'n renbaan nie, maar dit is beslis 'n versnelde ervaring, ontwerp om die leerproses te versnel (De Jong, 1977:80). Letterlik beteken **kurrikulum** die weg waarlangs gehardloop moet word. Wanneer dié weg in fyn besonderhede beskryf word, dui dit op die plan waarvolgens vaardigheids- en leerinhoude ontsluit en tot eie kennis en vaardigheid van die leerder gemaak moet word, hetsy deur onderrig deur leermeesters of deur selfonderrig (Greyling, 1993:K5).

Die kurrikulum is 'n katalogus van die kursusse wat 'n skool aanbied. Tog is dit ook méér as net 'n katalogus, want die onderwyser is die primêre bepaler van die kurrikulum, omdat hy die vakinhoud vul met sy oortuigings. Die kurrikulum het nie net met die verlede te make nie, maar met die verlede, hede en die toekoms omdat 'n Christen anders leef as die eksistensialis. Die Christen het ook die toekoms in gedagte (De Jong, 1977:78,79).

Christenskole moet hulle beywer vir voortreflikheid. God is net met 'n mens se allerbeste tevrede. Selfs al sou die skoolkurrikulum deurdrenk wees met Christelike perspektiewe, is dit nie rede vir selfvoldaanheid nie. Die strewe na voortreflikheid geld ook vir onderrigvaardigheid ("instruction"), onderwysprogramme en ander fasiliteite (Bordewyk [ed.], 1991:4).

Die kernkurrikulum sal in 'n Christelike skool wesenlik anders wees as in 'n nie-Christelike skool. In die Christelike skool kan die kurrikulum voortdurend getoets en hervorm word om in ooreenstemming met die Woord van God te bly (Kranendonk, 1978:44). Kennis en die kurrikulum kan nie neutraal wees nie: "Value-free education does not exist" (Fowler [ed.] et al., 1990:174). Die kurrikulum reflekteer altyd opvattings wat in 'n bepaalde wêreldbeskouing gewortel is (Fowler [ed.] et al., 1990:174).

In 'n kritiese opmerking oor die NR sê Brodinsky (1982:94) dat die NR 'n groot dosis Bybelse inhoud in die kurrikulum wil hê. Daardeur sou opvoedkundige denke, teorie en praktyk volgens hom geïsoleer raak van nuwe denkrigtings.

Onalee McGraw (1982:94) vereenselwig haar nie met bogenoemde kritiek nie. Oor kritici soos Brodinsky sê sy: "Trapped in the sterile wasteland of process sociology and humanistic psychology, these 'educators' view the 'enemy' solely in political terms". Oor opvoedende onderwys in die kurrikulum sê sy voorts dat konserwatiefgesindes se reaksie teen sekulêre opvoeding uit oortuigings spruit wat bo politieke selfsug uitstyg. Ouers het geleer om omsigtige "verbruikers" van opvoedende onderwys te wees, omdat betroubare opvoedende onderwys vir hulle meer werd is as 'n nuwe huis of motor (McGraw, 1982:94).

Reese (1985:188) het ook sy bedenkinge oor sommige Christelike skole, omdat die kurrikulum van skole wat van die Accelerated Christian Education-programme gebruik maak nie altyd goedopgeleide onderwysers verg nie. Dit mag lei tot "deskilling of teaching".

Fowler ([ed.] et al., 1990:177) maak die stelling dat in die verlede in Noord-Amerika nie genoeg gebruik gemaak is van die beskikbare kurrikulêre vryheid nie. Te dikwels is van programme gebruik gemaak waarvan die onderliggende filosofie skadelik is vir Christelike oortuigings. Hy noem drie voorbeelde:

1 **"A narrow academic orientation."** Tradisionele leerinhoude word gebruik om die krag van die menslike rede te demonstreer.

2 **"A process orientation."** Dit oorbeklemtoon intellektuele ontwikkeling. Hiervolgens bestaan morele standaarde nie. Situasies in die gewone gesinslewe word nie uitgebeeld nie sodat kinders wat nie in 'n gewone gesinsituasie leef nie, nie ontstel word nie. Dit is 'n "misguided sense of freedom" (Fowler [ed.] et al., 1990:177).

3 **"A social relevance orientation."** Dit bevorder 'n valse optimisme in die ingeskape goedheid van die mens en 'n blinde geloof in die wetenskap en tegnologie. Baie moderne handboeke argumenteer nie teen God nie, maar beïnvloed die denke so dat die vraag na God nie eers voorkom nie (Fowler [ed.] et al., 1990:179).

Die NR se vereistes vir 'n kurrikulum kan soos volg saamgevat word: Die kurrikulum moet

* in alle gevalle geïntegreerd Christelik wees;
* nie isolasionistiese tendense in die hand werk nie;
* so gestruktureerd wees dat kinders kan ontdek, ervaar, vrae stel en antwoorde vind oor die wonders van die skepping;
* laat blyk dat daar waarde geheg word aan identiteit, rigting in die lewe en die grondslae van die lewe;
* 'n alternatief bied vir die sekulêr-humanistiese benaderings in die openbare skool (vergelyk ook Fowler [ed.] et al., 1990:180);
* getuig van 'n Bybelse siening van openbaring en kennis (Van der Walt & Postma, 1987:11);
* so saamgestel wees dat leerlinge nie slegs 'n beroepsopleiding sal kry nie, maar ook opleiding as koninkryksburgers (Van der Walt & Postma, 1987:19);
* gebruik word om die verwysingsraamwerk van 'n Christelike lewensvisie te ontplooi (Fowler [ed.] et al., 1990:180), en
* leerlinge toerus om hulle Godgegewe talente in liefdevolle en gelowige diens aan God en hulle naaste te wy (Fowler [ed.] et al., 1990:180).

Om 'n Christelike kurrikulumbenadering te laat slaag is persoonlike toewyding ("commitment") van onderwysers, opvoedkundige leierskap van die skoolhoof en ondersteuning van die Christelike gemeenskap nodig (Fowler [ed.] et al., 1990:188).

### *3.4.4 (Opvoedende) onderwysmetodes*

Kranendonk (1978:49-50) beklemtoon die belangrikheid van 'n gesistematiseerde metodologie wat gebaseer is op gesonde en vaste beginsels, anders word kennis 'n onsamehangende meedeel van feite wat die kind nie self in sy verwysingsraamwerk sal kan inpas nie. Voorts word die metodes en beginsels van opvoeding/ onderwys beïnvloed deur die kennis van wie die mens is en wat sy herkoms en bestaansdoeldoel is.

Die NR staan afwysend teenoor die kindbeskouing en dus ook teenoor die metodebeskouing van die openbare skool. Die NR staan nie intellektualistiese metodes voor nie omdat hierdie metodes nie rekening hou met die kind se ervaring en ontwikkeling nie (Van der Walt & Postma, 1987:20; De Graaff, 1966:156). Omdat die mens gesien word as beeld van God, staan die NR ook nie behavioristiese opvoedings- en onderwysmetodes voor nie, omdat hierdie metodes op 'n meganistiese mensbeeld gefundeer is. Metodes wat van 'n eksistensialistiese mensbeeld uitgaan, is ook onaanvaarbaar (Van der Walt & Postma, 1987:19-20).

### *3.4.5 Die noodsaaklikheid van opvoedende onderwys*

Kranendonk (1978:44) gee die volgende redes waarom Christelike opvoeding noodsaaklik is:

* Die stryd tussen Christus en Satan gaan steeds voort.
* In die Christelike skool waar die kind 'n Christelike opvoedende onderwys kry, kan sy talente ontwikkel word deur die werking van die Heilige Gees met die oog op huidige en toekomstige diens in die koninkryk van God.
* Christelike opvoedende onderwys speel 'n direkte rol om die kind voor te berei op 'n produktiewe lewe, omdat 'n groot deel van die kind se ontwikkeling in die skool plaasvind.
* In die Christelike skool kan die kurrikulum voortdurend getoets en hervorm word sodat dit in ooreenstemming kan bly met die Woord van God.

* Die Bybelse waarskuwing om nie met ongelowiges in dieselfde juk te trek nie (II Kor. 6:12 - 7:1) word deur Kranendonk (1978:44) op die Christelike skool van toepassing gemaak.

### *3.4.6 Die Christelike skool*

In die opvoedende onderwyssituasie in die Christelike skool kan die kind die beste opvoeding ontvang: "Schools cannot perform their teaching function properly without addressing the religious heart of their students" (Fowler [ed.] et al., 1990:140). Volgens Kranendonk (1978:55,56) word die argument dikwels geopper dat kinders uit Christelike gesinne juis die openbare skool moet bywoon sodat hulle daar as Christengetuies kan optree. Dié argument is egter nie oortuigend nie, om die volgende redes:

* So 'n aanname veronderstel dat die kind 'n bepaalde vlak van Christelike volwassenheid moes bereik het. Kinders is gewoon nog net nie volwasse genoeg om op dié manier op te tree nie.
* Kinders lê gewoonlik eers in die laat tienerjare belydenis van geloof af. Daarvoor verwag die kerk 'n bepaalde vlak van Bybelkennis en Skrifinterpretasie. Voor hierdie stadium kan nie van 'n jong kind verwag word om 'n suiwer en betroubare getuienis in 'n nie-Christelike opset te lewer nie.
* Die moontlikheid is eerder dat die nie-Christen onderwyser die Christenkind negatief kan beïnvloed tot die aanvaarding van 'n nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouing. [Portuurgroepdruk kan moontlik ook 'n rol speel- HJ.]
* Die doel van opvoeding is nie om te evangeliseer nie, maar om die kind se totale lewe te ontwikkel sodat hy kan antwoord op sy roeping in die lewe.
* Die kind se opvoeding rus op drie pilare: die Christelike kerk, skool en huis. Die openbare skool voldoen nie aan hierdie vereistes nie (vergelyk 3.2.5).

Kranendonk (1978:50) maak die stelling dat opvoedende onderwys gekoppel is aan 'n religieuse grondmotief en dat daar nie iets soos neutrale onderwys bestaan nie. Daar is twee tipes opvoeding: Christelik of nie-Christelik.

Ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys is daar twee keuses. Ongelukkig is die onderskeid tussen die twee nie baie logies en duidelik nie; daar is baie "grys skakerings" tussenin (Kranendonk, 1978:51). Eerstens is daar mense wat redeneer dat 'n mens net Skriflesing en gebed by die openbare onderwys kan voeg. Die probleem met hierdie uitgangspunt is egter dat daar nie raakgesien word nie dat die

kernkurrikulum, insluitend "reading, writing and arithmetic" in 'n Christelike skool in beginsel anders sal lyk as in 'n nie-Christelike skool.

Tweedens is daar ondersteuners van 'n afsonderlike Christelike onderwysstelsel wat glo dat 'n mens se geloofsverbondenheid ("faith commitment") alle leerinhoude raak. In die ontwikkeling van die kind in sy geheel is alle leerinhoude deureengeweef. In dié geval sal die geloofsverbondenheid wat uit die Skrif afgelei is, die beginsels en metodes beïnvloed. Hoewel die tegniese aspekte van die kurrikulum dieselfde is, is die rasionaal daaragter nie dieselfde nie (Kranendonk, 1978:51).

Ten opsigte van nie-Christelike onderwys is daar ook twee moontlikhede. Daar is openbare skole waarvan die meerderheid ouers Christene is. In sulke skole sal Christelike onderwys 'n mate van erkenning geniet - selfs Skriflesing en gebed mag beoefen word. In ander nie-Christelike skole word die gesag én bestaan van God ontken (Kranendonk, 1978:52).

Dit is dus duidelik dat die NR 'n Christelike skool verkies waar opvoedende onderwys, gegrond op die Woord van God die uitgangspunt is.

### *3.4.7 Tug*

Oor die begrip **tug** bestaan daar heelwat wanopvattings. Soms word tug en (lyf)straf met mekaar verwar, hoewel daar 'n verband tussen hulle mag wees. **Tug** beteken **trek**: om die opvoedeling nader te trek en nie weg te dryf nie. Tug staan in diens van die opvoedingsgebeure om ordelike ontsluiting te bewerkstellig. Tug is nie 'n vergeldingsmaatreël nie en staan onder leiding van die liefde. Dit sou onskriftuurlik wees indien tug (en straf) met skelwoorde en verkleinerende opmerkings gepaard gaan (Van der Walt et al., 1985:140).

Met die voorafgaande stellings word nie bedoel dat die NR 'n wanopvatting oor tug het nie, maar Reese (1985:192) toon tog aan dat daar onder Christenouers uiteenlopende menings oor lyfstraf is ("corporal punishment"). Dit blyk dat Christenouers lyfstraf as vorm van tug goedkeur in gevalle waar dit redelikerwys toegepas word in skole.

### *3.4.8 Gesag en dissipline*

#### 3.4.8.1 Algemeen

Die NR poog ernstig om 'n Bybelsverantwoorde siening oor gesag en dissipline daarop na te hou.

#### 3.4.8.2 Gesag

Volgens Rom. 13:1-5 kom alle gesag van God af. Absolute gesag is net aan Jesus Christus gegee (Matt. 28:18). Dit impliseer dus dat geen mens absolute gesag het nie, dat menslike gesag grense het en dat enige menslike instelling wat op absolute gesag aanspraak maak, hom teen die heerskappy van Jesus Christus verset (De Jong, 1977:16; Fowler [ed.] et al., 1990:132).

De Jong (1977:17) onderskei tussen primêre en sekondêre terreine van menslike gesag. Primêre gesagsterreine is die gesin, die kerk en die staat. 'n Mens staan kragtens sy geboorte in sekere gesagsverhoudings. Alle kinders is binne die een of ander gesinstruktuur gebore. Primêre gesagstrukture is meer bindend as ander. So kan kinders nie aan die gesag van hulle ouers ontkom nie. Fowler ([ed.] et al., 1990:132) sê dat die gesag waarmee mense beklee is, altyd 'n gekwalifiseerde tipe gesag is. 'n Onderwyser se gesag is anders as dié van 'n administratiewe beampte of dié van 'n student. Elkeen beklee gesag wat by sy amp pas. Die een het nie noodwendig meer gesag as die ander nie.

Dis nie net individuele persone wat gesag het nie. 'n Gemeenskap het ook 'n gemeenskaplike gesag. So het die staat as politieke gemeenskap die gesag om toe te sien dat geregtigheid tussen individue en gemeenskappe binne sy grense gehandhaaf word. Die skool as opvoedkundige gemeenskap het die gesag en amp om aan leerlinge leiding te gee in die leerproses (Fowler [ed.] et al., 1990:132).

Kranendonk (1978:61) is van oordeel dat wanneer die Bybelse opvatting oor gesag, verantwoordelikheid en verantwoording verwerp word, dan is die resultaat daarvan dít wat 'n mens in die nie-Christelike openbare skool sien.

Reese (1985:191) is egter op sy beurt versigtig om die openbare skool as totaal gesagloos te bestempel. Respek vir gesag is 'n oogmerk wat die openbare skool nooit

laat vaar het nie, maar in die "fundamentalist education" is dit van sentrale belang. Hy noem enkele voorbeelde:

* Drag- en gedragreëls kom algemeen voor in Christelike dagskole.
* Daar is 'n verband tussen gehoorsaamheid en patriotisme, daarom word eerbied aan die landsvlag betoon. Leerlinge wat in hulle studiehokkies werk, steek 'n landsvlaggie op as hulle die onderwyser se hulp verlang.
* Verskeie skole verwag van leerlinge om onder meer beloftes af te lê oor oneerlikheid, vloek, rook, dobbel, dans, drink, gebruik van onwelvoeglike taal, dwelmmiddels en die vertoon van die vredesteken.
* Leerlinge word geleer dat dit 'n sonde is om gesag uit te daag (behalwe in gevalle van goddelose staatsgesag).

Volgens Kranendonk (1978:59) is:

* gesag: om te lei en rigting te gee;
* verantwoordelikheid: om te leer en te reageer, en
* verantwoording: om gehoorsaam te wees en 'n mens te onderwerp aan God.

Kranendonk (1978:60) verkies om van **toerekenbare gesagsverantwoordelikheid** ("accountable authority-responsibility") te praat.

3.4.8.3 Dissipline

**Dissipline** beteken nie noodwendig om goeie beheer oor leerlinge uit te oefen nie, aangesien die woord afgelei is van 'n term wat **volgeling** beteken (De Jong, 1977:62). Die uitoefening van (gesag en) dissipline stel die volgende vereistes aan die opvoeder en kind:

* Die kind moet gelei en begelei word sodat hy sy verantwoordelikheid kan opneem en 'n eie verwysingsraamwerk vir sy lewe kan opbou.
* Kinders moet weet dat daar grense vir hulle gedrag is.
* Opvoeders wat in die Bybelse lig wil opvoed, moet sorg vir 'n opvoedingsatmosfeer wat ferm, maar liefdevol, gestruktureerd dog sinvol is.
* Opvoeders moet konsekwent, ferm, gevoelig en regverdig optree.
* Die opvoeder moet begrip hê vir die opvoedeling, sy ontwikkelingsvlak en die situasie waarin hy hom bevind (Van der Walt & Postma, 1987:22).

Gesag en dissipline vorm in 'n Bybelsgefundeerde opvoeding 'n eenheid. Dit moet deur die opvoeder reg toegepas word en deur die kind reg verstaan word.

*3.4.9 Die rol van die ouer in die opvoedingsituasie*

Ouers is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders (Bordewyk [ed.], 1991:4; De Graaff, 1966:1). Die natuurlike hulpeloosheid van kinders, hulle afhanklikheid van opvoeding en die unieke band van liefde tussen ouers en hulle kinders, maak opvoeding in die huis onvervangbaar (De Graaff, 1966:134).

Na aanleiding van die openbare skooldebat glo Christenouers dat dit die ouers se verantwoordelikheid is om om te sien na hulle kinders se onderwys en godsdienstige opvoeding. Dit is 'n Bybelse opdrag (Reese, 1985:180). Die probleem is nie "busing" of integrasie nie. Die vraag is wel: wie beheer die opvoedende onderwys van kinders? 'n Ander vraag wat Reese (1985:180) stel, gaan oor keusevryheid vir mense wat wel vir hulle kinders Christelike opvoedende onderwys wil gee. Die afleiding word gemaak dat ouers die keusevryheid behoort te hê om te besluit dat hulle kinders 'n Bybelsgefundeerde opvoedende onderwys moet kry (Reese, 1985:181). Volgens Reese (1985:176) neem ouers in baie fundamentalisties-protestantse gemeenskappe die beheer van hulle kinders se opvoedende onderwys oor en dreig selfs om staatsgesubsidieerde openbare skole te ondermyn.

Op grond van Deut. 6 is die gesin primêr verantwoordelik vir die opvoeding van kinders. Hoewel die gesin 'n deel van sy opvoedingsverantwoordelikheid aan die skool afgestaan het, bly hy aan God verantwoording verskuldig vir wat die kind in die kerk en skool leer (Kranendonk, 1978:58).

Die rol van die ouer is dus:

* om die kind so groot te maak dat hy volgens Ef.6:4 nie tot opstandigheid gedryf sal word nie. Binne die gesinsverband moet die kind as koninkryksburger opgevoed word (Kranendonk, 1978: 58);
* om toe te sien dat onderwysers aangestel word wie se lewens in ooreenstemming is met die grondwet van die Christelike skool en wat kinders sodanig sal onderrig (Kranendonk, 1978:94), en
* om aan die Christenonderwyser volle ondersteuning te gee sodat die religieuse kontinuïteit tussen huis en skool vir die kind duidelik blyk (Kranendonk, 1978:95).

Die kind behoort van nature aan die ouer en die identiteit van die Christelike skool hang nou saam met vryheid wat Christenouers het om die leerlinge te plaas in die skool van hulle keuse (Van der Walt, et al., 1993:22).

*3.4.10 Die rol van die onderwyser*

Die onderwyser het 'n direkte invloed op die kind. As hy nie 'n toegewyde Christen is nie, kan hy nie die leerinhoud op 'n Christelike manier (opvoedende onderwys) oordra nie. Een van die grootste gevare in die openbare skool is dat ouers geen beheer het oor die aanstelling van onderwysers nie (Kranendonk, 1978:52). Daarbenewens is onderwysers by Christelike skole toegewyde Christene wat kurrikulummateriaal met 'n unieke Christelike perspektief gebruik (Kranendonk, 1978:87). Die NR maak seker dat slegs toegewyde Christenonderwysers aangestel word in skole (Van der Walt & Postma, 1987:8).

Volgens Reese (1985:188) onderskei onderwysers aan Christelike skole hulle van hulle eweknieë in die openbare skool, omdat hulle vanweë hulle vaste geloofsoortuigings, deeglike voorbereiding en morele agtergrond meer toegewyd is.

Kranendonk (1978:95-96) en ander (vergelyk verwysings algaande) wys op enkele vereistes waaraan onderwysers moet voldoen om hulle rol in die Christelike onderwys te vervul:

* Benewens die spesiale ouer-onderwyserverhouding, is die onderwyser verantwoording aan die bestuursraad verskuldig en is hy/sy beklee met gesagsverantwoordelikheid ("authority-responsibility") ten opsigte van die leerlinge.
* Die onderwyser se onderrig moet in ooreenstemming met die fundamentele beginsels van die skool wees.
* Die onderwyser moet 'n meelewende lidmaat van 'n Evangeliese kerk wees.
* Die onderwyser moet die wense ("desires") van die bestuursraad ten uitvoer bring.
* Die bestuursrade van Christelike skole gee voorkeur aan onderwysers met onbesproke karakter en oortuiging (Reese, 1985:188).
* Een van die beginsels van die International Union of Christian Schools is dat onderwysers in hulle gehoorsaamheid aan God en in samewerking met ouers 'n unieke opvoedingsverantwoordelikheid het (Kranendonk, 1978:108).

* Die onderwyser moet sy Godgegewe gesag gebruik om die leerling te help om meer verantwoordelik te wees in sy besluite ten opsigte van die leerhandeling (Fowler [ed.] et al., 1990:140).
* Al het die kind sy lewe op Jesus gerig, sal hy soms nog verkeerd optree. Die onderwyser speel 'n sleutelrol om rigting aan te dui en 'n atmosfeer van veiligheid te skep (Fowler [ed.] et al., 1990:141).
* Elke kind is uniek - daarom sal verskillende kinders se bydraes in die klaskamer verskil. Die onderwyser moet dus verskillende benaderings gebruik en werkopdragte differensieer. Hy moet bou op die kind se goeie hoedanighede ten einde selfvertroue te bevorder (Fowler [ed.] et al., 1990:141).

Dit is dus nie te betwyfel nie dat die toegewyde Christenonderwyser 'n prominente rol speel in die opvoeding van kinders.

*3.4.11 Kindbeskouing*

Reese (1985:180) haal 'n spreuk aan wat lui: "You own nothing as important as the children God has entrusted into your care". God hou nie die kerk of die staat verantwoordelik vir kinders se opvoeding nie; Hy hou hulle ouers daarvoor verantwoordelik.

Die NR staan afwysend teenoor die kindbeskouing wat in die openbare skool gehandhaaf word (Van der Walt & Postma, 1987:19). Kinders moet ook as mense beskou word en daar moet begryp word dat hulle ten volle in staat is om te antwoord op God se roeping (Van der Walt & Postma, 1987:14).

Kranendonk (1978:20) is van oortuiging dat die probleme in die openbare skool daaraan toegeskryf kan word dat die Bybel uit die skool verwyder is. Volgens hom leer die humanistiese opvoedingsteorie kinders dat elke mens sy eie god is en dat kinders die vryheid het om self te besluit wat reg en wat verkeerd is. Hierdie kindbeskouing staan lynreg teenoor dié in die Christelike skool. In die Christelike skool word die kind geleer wie hy is en in watter verhouding hy tot God staan (Kranendonk, 1978:81). Die mens is aan God verantwoording verskuldig vir wat hy in die wêreld doen (Kranendonk, 1978:84).

De Graaff (1966:11) meen dat daar in die Amerikaanse denke oor die mens 'n basiese (wan)opvatting na vore kom, naamlik dat daar naturalisties en evolusionisties oor die

mens gedink behoort te word. Volgens dié opvatting is daar slegs 'n graadverskil tussen die mens en die dier. Hierdie denkwyse oor die mens laat min ruimte om die mens te sien as 'n religieuse wese wat na die beeld van God geskape is.

Die mens was volmaak geskape, maar dit was van korte duur as gevolg van die sondeval. De Jong (1977:61-64) wys daarop dat die Christenonderwyser moet onthou dat alle mense (ook kinders) sondaars is. Die kind is ook 'n dissipel (volgeling, leerling) en mag nie op 'n dwaalspoor gelei word nie. Daarbenewens is hy ook priester en profeet, 'n gelowige wat in 'n verbondsverhouding met God staan.

*3.4.12 Die gemeenskap*

Kranendonk (1978:59-61) maak die volgende stellings oor die rol van die gemeenskap ten opsigte van Christelike onderwys:

* Die ondersteunende gemeenskap behoort ('n mate van) seggenskap te hê ten opsigte van die aanstelling van onderwysers in die Christelike skool.
* Die gemeenskap bestaan uit gesinne waarvan die kinders in die besonder leerlinge in die skool is en in die algemeen lede van Christus is.
* Die kerngesin (ouers en kinders) het die spesifieke verantwoordelikheid om kinders groot te maak in die vrese van die Here en die gemeenskap het 'n algemene ondersteunende verantwoordelikheid om die gesin hierin by te staan.
* Die gesin (in die enger sin van die woord) en die gemeenskap (in die wyer sin van die woord) moet leiding en rigting gee oor die werksaamhede en beleidsontwikkeling van die Christelike skool.
* Wanneer hierdie direkte betrokkenheid (van die gemeenskap) verwyder word, sal die gesonde interaksie, wedersydse verhoudings en interafhanklikheid tussen huis, skool en Christelike gemeenskap in die slag bly. Uit 'n ander hoek gesien, kan die Christelike skool help om die gemeenskap 'n beter plek te maak, omdat kinders van kleins af leer wat dit beteken om 'n Christenburger te wees (Kranendonk, 1978:84).

*3.4.13 Die kerk*

3.4.13.1 Algemeen

Om die verhouding gesin-kerk-skool in perspektief te plaas, sê Kranendonk (1978:56), is dit die gesin se primêre verantwoordelikheid om te sorg vir voedsel, kleding en

behuising en om die kind groot te maak in die vrese van die Here. Die opvoedingstaak van die kerk is weer om die kind te koester in die Bybelse Godsopenbaring soos dit in die belydenisskrifte vertolk word. Die kerk se kwalifiseringsfunksie is die geloof (die pistiese funksie) en daarom kry die onderrig van geloofsake in die kerk spesiale klem (De Graaff, 1966:146). In soverre as wat kinders van gelowige ouers ten volle lede van die gemeente is, is die kerk gedeeltelik verantwoordelik vir hulle geloofsgroei; daarom is die kerk geregtig daarop om van ouers te verwag om hulle kinders na die kategese te stuur (De Graaff, 1966:148).

Die opvoedingstaak van die skool is ook om die kind bekend te maak met die openbaring van God, maar met die klem op die skepping (Kranendonk, 1978:56). Daarnaas het die kerk die taak om sy lidmate in die geloof te onderrig. Omdat iemand nie gelei kan word om te glo nie, kan hy hoogstens geleer word wat hy **behoort** te glo en wat dit vir sy daaglikse lewe beteken (De Graaff, 1966:142). Geloofskennis kan nie begryp word deur analitiese denke nie, maar om te glo is om te weet en om te weet is om te glo (De Graaff, 1966:140).

Beide kerk en skool versterk en sit die opvoeding voort in die gees waarin die kind dit in die huis ontvang het (Kranendonk, 1978:56). Kranendonk (1978:56) verwys na Matt. 5:17-19 en Rom. 1:18-32 vir die Bybelse fundering van opvoeding. Elke vorm van opvoeding (insluitend die van die kerk) moet die leerder se ontwikkelingsvlak en omstandighede in ag neem (De Graaff, 1966:10).

Die gesin verwag van die kerk om die Skrif uit te lê asook die leerstellings wat die geloofswaarhede saamvat. Die Bybel word in die skool, kerk en huis gelees as bron van herskepping/hervorming en nie as handboek nie (Kranendonk, 1978:58). De Graaf (1966:152) meen dat die belydenisskrifte alleen nie kan dien as basis vir kategese-onderrig nie. Soms handel die belydenisskrifte breedweg oor 'n onderwerp en kry moderne probleme nie die nodige aandag nie. Aktuele probleme behoort aandag te kry in die kategeseprogram. Formulerings in die belydenisskrifte is ook soms verouderd ("out-dated").

Daar is dus 'n hegte vennootskap tussen die gesin, kerk en skool sover dit die Christelike opvoeding van kinders betref. Hoewel die klem ten opsigte van opvoeding in die gesin, kerk en skool telkens verskuif, is die Christelike opvoeding (opvoedende onderwys) by aldrie 'n gemeenskaplike faktor. Die NR wil hê dat dié goue draad deurgaans sigbaar moet wees. Van die kerk word verwag om die Skrif uit te lê en die belydenisskrifte so te vertolk dat aktuele probleme die nodige aandag kry.

3.4.13.2 Die doel van die kerk se opvoedende onderwystaak

Die algemene doel van die kerk se opvoedende onderwystaak is:

* om die individu by te staan in sy lewenslange groei na Christelike volwassenheid (De Graaff, 1966:11);
* om kinders te lei tot die dieper en ryker verstaan van die Woord van God (De Graaff, 1966:148);
* om jong lidmate daarop voor te berei om hulle verantwoordelikhede as volwassenes in die gemeente na te kom (De Graaff, 1966:148);
* om kinders te laat kennis maak met die kerklike lewe, byvoorbeeld die belydenisskrifte, kerkgeskiedenis, kerklike sorg en diakonaat (De Graaff, 1966:148), en
* om jong lidmate voor te berei vir die aflê van geloofsbelydenis en te laat besef waartoe hulle hulle hom verbind (De Graaff, 1966:148).

3.4.13.3 Metodes in kategese-onderrig

Die metodes van onderrig wat in die kategese gebruik word, moet in ooreenstemming wees met die unieke karakter van geloofsonderrig. Heelwat verskillende metodes (bespreking, skyfievertonings, rolspel, luister na opnames, onderhoude met die predikant, diaken of gevangeniskapelaan en besoeke aan ander kerke) kan gebruik word, maar De Graaff (1966:155) waarsku teen metodes wat te intellektualisties is.

## 3.5 Samevatting

In die geraadpleegde literatuur is daar, sover vasgestel kan word, nie 'n volledige uiteensetting van die NR se opvoedingsteorie te vind nie. Dit beteken egter nie dat die NR 'n onverantwoordbare opvoedingsteorie handhaaf nie.

Die NR is ernstig en opreg in sy strewe na Christelike opvoedende onderwys vir kinders. In 'n Christelike skool kan hierdie ideaal volgens die NR verwesenlik word. Die openbare skool voldoen vir die NR nie aan die vereistes wat behoort te geld vir Christelike opvoedende onderwys nie.

Probleemhistories en vanuit 'n Reformatoriese oogpunt beskou, is die NR se opvoedingsgedagtes 'n antwoord op die tydsgees in Noord-Amerika: op die skeiding van kerk en staat (skool), op die wetgewing wat die openbare skool gepaganiseer het

en op die sekulêre en ateïstiese humanisme wat in die skool hoogty vier (Van der Walt & Postma, 1987:23).

Christene in die RSA bevind hulle tans ook midde-in groot politieke, sosiale en grondwetlike veranderinge. Al hoe meer stemme gaan op dat die Christendom in Suid-Afrika nie meer in die "bevoorregte" posisie van die verlede gaan verkeer nie. Die openbare skool wat nog altyd op Christelike grondslag gefunksioneer het, gaan waarskynlik ook onder die invloed van die sekulêr-humanistiese kultuur deurloop, vervlak en "neutraal" word. In die volgende hoofstuk word dus nou ook aandag gegee aan die betekenis van die NR vir moontlike onderwysontwikkeling in die RSA.

# 4 DIE BETEKENIS VAN DIE <u>NEW RIGHT</u> VIR (MOONTLIKE) ONDERWYSONTWIKKELING IN DIE RSA

## 4.1 Inleiding

De Klerk (1993:H2) het onlangs 'n stelling gemaak wat daarop dui dat die onderwysstelsel van die verlede nie langer regverdigbaar is nie en dat 'n enkele onderwysstelsel wat gelykwaardige onderwysgeleenthede aan almal bied, noodsaaklik is.

Onder andere in die lig van hierdie uitspraak is dit belangrik om te let op enkele vraagstukke in die onderwysontwikkeling in die RSA en dan te poog om vas te stel hoe die NR soortgelyke probleme in die VSA hanteer (het). In hierdie hoofstuk word besin oor die betekenis van die NR vir onderwysontwikkeling in die RSA. Onderwysontwikkeling as sodanig is 'n omvattende begrip, en daarom word in hierdie hoofstuk net aandag gegee aan sake wat Christelike opvoedende onderwys raak, veral vakke soos Bybelkunde en Bybelonderrig.

Dit moet steeds hierby in ag geneem word dat die NR nie 'n direkte invloed op onderwysontwikkeling in die RSA het of kan hê nie, omdat die NR geen direkte verband met onderwys in die RSA het nie.

In Noord-Amerika is die Westerse demokrasie al vir etlike dekades ingeburger. In die RSA het die **demokratiese beweging** (vergelyk ook 4.2.2) sedert 2 Februarie 1990, toe sekere politieke partye ontban is, sigbaar momentum begin opbou. Deur die loop van die beredenering in hierdie hoofstuk word algaande na sommige van die demokratiese beweging se standpunte oor onderwys verwys, omdat dié beweging gesien kan word as 'n potensiële draer van die sekulêre humanisme in die RSA (vergelyk 4.2.10.3 en 4.2.11.).

Nadenke oor die betekenis van die NR vir die **moontlike** onderwysontwikkeling in die RSA impliseer dat daar oor die toekoms van onderwys in die RSA gedink sal moet word. Politieke kragte en prosesse wat tans in die RSA aan die werk is, plaas egter 'n digte newel oor die toekomstige bedeling, ook in die onderwys (Maree[1], soos aangehaal; Anon., 1992(c):1). Alle lewensterreine in die RSA is tans in die draaikolk van verandering.

---

1 Hierdie soort verwysing dui op 'n ongepubliseerde toespraak wat gerapporteer word.

* Eerstens is dit nie altyd en vir almal duidelik waarnatoe "oorgegaan" word nie.
* Tweedens is dit tans nog onduidelik wat die uiteinde van die onderhandelingsproses vir Christelike onderwys sal wees.
* Derdens vind veranderings teen 'n ongekende tempo plaas en word dit heel dikwels voorafgegaan deur onrusbarende gerugte.

Die sekulêre humanisme, soos blyk in 2. hierbo het hom deeglik op die Noord-Amerikaanse samelewing gewreek. Alles dui tans daarop dat Suid-Afrika 'n soortgelyke aanslag bes moontlik nie gaan vryspring nie. Boonop is die veranderinge in die RSA nie altyd bloot ewolusionêr nie, maar daar is sterk onder- en botone van rewolusionêre bedrywigheid (vergelyk hieroor veral McAlvany, 1992?:17; Raath, 1993:11[b]). Die nuwe regering wat na 27 April 1994 in beheer gekom het, het dit tewens hoofsaaklik op rewolusionêre wyse, dog sonder grootskaalse bloedvergieting soos elders in die wêreld, gedoen. Die gebeurtenisse wat die April 1994-verkiesing voorafgegaan het en sprekers wat mekaar met gebalde vuiste op openbare verhoë as "comrade" aanspreek, is tekenend van sodanige rewolusionêre ingesteldheid. Veral die Christelike opvoedende onderwys in die RSA staan in die branding.

Dit is verder moeilik om oor onderwysontwikkeling te handel, aangesien gevestigde gebruike en praktyke vinnig en onverwags verander. Enersyds het die onderwys 'n speelbal van politici geword en andersyds word onderwys in verskillende kringe beskou as 'n instrument om sosiaal-politieke veranderinge in die land teweeg te bring (Van der Walt, 1992[c]:1; vergelyk ook ANC, 1992:30). Ernstige kommer oor die aard en karakter van die onderwys in die toekoms heers onder opvoedkundiges sowel as by diegene wat betrokke is by die praktiese opvoeding en onderwys in die daaglikse lewe (Van der Walt, 1992[c]:1).

Die Staatspresidentsrede tydens die parlementsopening op 2 Februarie 1990 en die daaropvolgende gebeure in die RSA het daartoe meegewerk dat die onderwys hom tans in 'n vaartversnelling bevind, want dit is 'n algemeenbekende feit dat die onderwys in noue samehang met ander staatkundige strukture (moet) funksioneer. Daarom is sekere verstellings aan die onderwys onafwendbaar (Schoeman, 1991:17). Die ontwikkelinge en gebeure in die onderwys sedert 17 Februarie 1992, toe 'n nuwe bedeling vir die RSA deur die Staatspresident aangekondig is, het teen 'n ongekende tempo plaasgevind (Anon., 1992[b]:2). Onderwysontwikkeling gedurende 1992 en 1993 is verder gekenmerk deur 'n hoë mate van onsekerheid (Anon., 1992[c]:1). Verder toon die boustene vir die nuwe onderwysstelsel 'n uiterste verskeidenheid (Anon., 1993[d]:2).

Verder toon die boustene vir die nuwe onderwysstelsel 'n uiterste verskeidenheid (Anon., 1993[d]:2).

Maree (soos aangehaal; Anon., 1992[c]:1) wys op 'n aantal faktore wat die oorgang na 'n nuwe bedeling bemoeilik:

* Ou magsbasisse en invloedskringe is besig om uit te faseer. Nuwe rolspelers in sleutelposisies het na vore getree.
* Binne die georganiseerde onderwysprofessie staan verhoudinge in bepaalde gevalle op wankelrige voete. Nuwe alliansies en groeperinge het hulle verskyning gemaak.
* Daar is berekende pogings om die invloed van die Afrikanergeorganiseerde onderwysprofessie stelselmatig te neutraliseer.
* In amptelike onderhandelinge speel Afrikaans tweede viool.
* Die ingewikkeldheid van die onderwysproblematiek het toegeneem.
* Die onderwysprofessie vind dit moeilik om vinnige en bevredigende oplossings van politieke besluitnemers en onderwysbeheerowerhede te verkry.

Soos blyk uit 2. hierbo, is die NR opreg besorgd oor veral Christelike onderwys in Noord-Amerika. Soortgelyke besorgdheid kom in die RSA onder Christenopvoedkundiges voor.

## 4.2 Enkele prinsipiële onderwysvraagstukke in die RSA

### *4.2.1 Inleiding*

Met die huidige veranderinge op politieke en ander terreine in die Suid-Afrikaanse samelewing in gedagte, kan aanvaar word dat die onderwys ook groot veranderings gaan beleef en dat dit bepaalde vraagstukke meebring. Enkele prinsipiële vraagstukke waaroor in die toekoms besin sal moet word, word hierna bespreek. Hier word slegs gefokus op probleemareas wat op die een of ander manier met Christelike opvoedende onderwys verband hou. Verder word in die geval van sommige toepaslike vraagstukke aangetoon wat die NR in Noord-Amerika aan soortgelyke probleme gedoen het of watter standpunte hulle daarteenoor ingeneem het.

Vir die Christenopvoedkundige is die demokratiese beweging se siening oor onderwys problematies en onaanvaarbaar omdat dié beweging se opvattings oor onderwys suiwer gegrond is op waardes wat nie volledig en eksplisiet strook met die riglyne van die Bybel as Woord van God nie. Die uitgangspunt van die demokratiese beweging is dus in wese sekulêr-humanisties.

*4.2.3 Toepassing van die beginsels uitgespel in die RGN-verslag (1981)*

Van der Walt (1991:3) stel die vraag in 1991 of die RGN-verslag (beter bekend as die De Lange-verslag) enige betekenisvolle veranderinge in die onderwys in die RSA meegebring het.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat die verslag 'n besondere bydrae gemaak het tot onderwysvernuwing met sy formulering van elf beginsels vir onderwysvoorsiening. Twee van die beginsels is vir die Christenonderwyskundige belangrik, omdat dit enersyds die religieuse en lewensbeskoulike diversiteit en andersyds die kulturele diversiteit in die onderwys erken en moontlik maak. Daarbenewens het tegniese en beroepsonderwys besondere aandag in die verslag gekry (Van der Walt, 1991:5). Volgens die **Onderwysvernuwingstrategie** (OVS) kan die elf beginsels in die De Lange-verslag egter nie vir onderwysvernuwing gebruik word nie, omdat 'n onaanvaarbare en onderwyskundig nierelevante basis vir die akkommodering van verskeidenheid, naamlik ras, in die stelsel van onderwysvoorsiening gebruik is (DNO, 1992:17).

Verder het die De Lange-verslag nie bygedra om die onrus, wat toe in die onderwys geheers het, tot bedaring te bring nie. Teen 1989 vind ontwikkeling in die onderwys nie meer plaas onder die stukrag van die De Lange-verslag nie.

* Aktivistiese denkers het met "People's education" na vore gekom.
* 'n Gees van hervorming onder druk van omstandighede in verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap het die Regering laat besluit om drie nuwe modelle van toelating tot die voormalige blanke skole aan te kondig. Van der Walt (1991:6) was reeds in 1991 van mening dat die drie modelle volgens alle aanduidings nie die krisis in die onderwys vir swartes gaan oplos nie, maar dat dit 'n betekenisvolle stap van die Regering was op sy pad na 'n nuwe Grondwet en onderwysbedeling vir die land.

In 'n latere verwysing na die De Lange-verslag wys Van der Walt (1992[c]:11) daarop dat die elf beginsels vir onderwysvoorsiening steeds in die toekoms erkenning behoort te ontvang. Met die tema van hierdie verhandeling in gedagte, word gekonsentreer op die religieuse diversiteit wat onder die mense in die RSA bestaan. Vir Christene is dit byvoorbeeld belangrik dat daar ruimte geskep sal word vir Reformatoriese (Christelike) skole (Van der Walt, 1992[c]:12). Hiermee saam moet die onderwysvoorsiening in die toekoms op 'n goedgefundeerde mensbeeld gebou wees. Vir die Reformatoriese opvoeder (ouer en onderwyser) kan dit nie anders nie as dat hierdie mensbeeld op die Heilige Skrif gefundeer sal moet word (Van der Walt, 1992[c]:13). Dit bly 'n vraag of al die akteurs op die politieke terrein dié uitgangspunt sal aanvaar.

Sekere aanbevelings in die De Lange-verslag het dus onder druk van omstandighede op die onderwysterrein en as gevolg van latere verwikkelinge nie gerealiseer nie.

### *4.2.4 Een onderwysstelsel vir almal*

Die kwessie van een onderwysstelsel en een onderwysdepartement vir alle groepe in die land skyn onontwykbaar te wees in die toekoms (Van der Walt, 1992[c]:12), maar dit bly 'n probleem om verskillende politieke groeperinge in dieselfde stelsel te akkommodeer (Anon., 1993[d]:2). Daar is dele van dié onderwysstelsel wat met 'n hoogs gesofistikeerde eerstewêreldstelsel vergelyk en ander wat die eienskappe van 'n ontwakende derde wêreld vertoon. Politieke groeperinge wat oneindig ver van mekaar verwyderd is, moet in een onderwysstelsel geakkommodeer word (Anon., 1993[d]:2).

Die beleid van skeiding in verskillende onderwysdepartemente is onbekostigbaar duur en dit ontlok beswaar van sommiges dat onderwys in sekere departemente minderwaardig is. Volgens die OVS word een demokratiese, nierassige stelsel met verskillende onderwysdepartemente op streeksvlak dus in die vooruitsig gestel (DNO, 1992:17,18 en 143).

Uit die demokratiese beweging in die RSA se gebruik van die woord **demokraties** is dit nie altyd duidelik wat met die begrip bedoel word nie. Die sogenaamde demokratiese beweging word verder in sommige kringe beskou as deel van 'n breë aanslag om die land onregeerbaar te maak (Anon., 1993[e]:3; vergelyk ook McAlvany,1992?:5). Demokratiseringsaksies waaraan die land tot dusver nie gewoond was nie ontwrig die opvoedende onderwys in die skole.

'n **Handves van Menseregte** (Hoofstuk 3 van die Grondwet, no. 200/1993) vorm ook deel van 'n nuwe oorgangsbedeling en so 'n **Handves** sal sy demokratiseringsinvloed in skole laat geld en skole sal vinnig moet beplan om by die nuwe **Handves van Menseregte** in te skakel (Anon., 1993[a]:12). In sy voorlopige evaluering van 'n tentatiewe **Handves van menseregte** (1991) dui Van der Walt (1992[a]:18) aan dat die **Handves** waardes stel wat in hulle huidige vorm humanisties van aard is, omdat hulle nie in die perspektief van die Bybel as Woord van God gestel is nie, maar in algemeenmenslike konteks.

Van Staden (1991[a]:10) maak die stelling dat die Christelike karakter van die onderwys bedreig word deur stemme wat opgaan vir 'n eenheidsbestel in Suid-Afrika. 'n Verdere vraag ten opsigte van een onderwysstelsel vir almal is hoe die religieuse diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing in so 'n nuwe onderwysbestel geakkommodeer kan word ten einde konflik te vermy (Van Staden, 1991[a]:10). Die demokratiese beweging se aandrang op 'n enkele onderwysstelsel ("unitary system") vir almal kom met refreinagtige reëlmaat in al die NECC se navorsingsverslae oor die onderwys voor. So 'n eenheidsbestel sou die rasgebaseerde apartheidserfenisse teenwerk en die beginsels van gelykheid en regverdigheid bevorder. Dit sou ook voorkeur gee aan die behoeftes van die meerderheid van die bevolking en nie net van 'n "elite minderheid" nie (NECC, 1992[a]:3).

Die gevaar is egter dat die huidige aandrang op homogene onderwys die heterogeniteit van die Suid-Afrikaanse samelewing kan miskyk. Van Brummelen (1989:27) wys daarop dat die sterk Noord-Amerikaanse visie van een uniforme onderwyssisteem wat sou lei tot die "ever better society" besig is om te vervaag na 150 jaar. Selfs binne die openbare skool in die VSA word gekyk na alternatiewe om in die behoeftes van sosiale subgroepe te voorsien. 'n Betekenisvolle segment/gedeelte van Noord-Amerika se nie-etniese Protestantse gemeenskap skaar hulle by Katolieke, Lutherse, Calvinistiese en Joodse eweknieë in die verwerping van die ideaal van een algemene skool om in almal se behoeftes te voorsien (Van Brummelen, 1989:27).

Een onderwysstelsel vir almal skyn 'n belangrike vereiste te wees vir 'n nuwe onderwysstelsel in die RSA, maar in die lig van die politieke, kulturele en veral religieuse diversiteit van die bevolking bly dit egter 'n brandende vraagstuk en netelige probleem.

### *4.2.5 Die vraag na relevante onderwys*

Uit die ervaring met "people's education" in die RSA in die middel 1980's is die les geleer dat onderwys vir die mense in al die gemeenskappe relevant moet wees (Van der Walt, 1992[c]:13). Hersiening van die onderrigprogramme op pretersiêre vlak behoort onderneem te word met die oog op relevantmaking van die kurrikulum (Kurrikulummodel, 1991:4).

Die nuutste Bybelonderrigsillabusse vir standerd ses tot tien het tussen September en November 1993 verskyn. Besondere klem word daarin op relevantmaking van die Bybelboodskap gelê (DOK, 1993: ongenommer). (**Relevant** beteken hier om die Bybelboodskap in die lewe van vandag van toepassing te maak.)

By die demokratiese beweging kom eweneens 'n sterk beklemtoning van relevante onderwys voor. Met **relevante onderwys** word egter waarskynlik onder meer bedoel dat onderwys meer beroepsgerig en minder akademies moet wees (vergelyk ANC, 1994:69). Die huidige onderwysstelsel word gekritiseer omdat dit op blanke inisiatief berus (NECC, 1992[a]:11, 27), gegrond is op Christelik-nasionale Onderwys (NECC, 1992[a]:11), te burokraties en te akademies is (NECC, 1993:44). Die demokratiese beweging dring aan op 'n onderwysstelsel wat sal lei tot 'n demokratiese samelewing, wat meer toeganklik vir die massas is, ekonomiese rekonstruksie teweeg kan bring, mag in die hande van die "onderdrukte meerderheid" kan plaas, meer klem op vaardighede lê en sterker op die beroepswêreld gerig is (NECC, 1993:44).

Die handelsektor, finansiële instellings en soortgelyke instansies lê klem op die ekonomiese sy van die onderwys en veral op relevante onderwysvoorsiening met die oog op die mensekragbehoeftes van die land. Daarteenoor is kerke en kultuurgroepe meer begaan oor die lewensbeskoulike elemente van opvoedende onderwys, byvoorbeeld die Christelike karakter, kultuurgebondenheid en die moedertaalbeginsel (Van Deventer, 1993:8).

Die probleem rondom relevansie van die onderwys lê dus daarin dat daar vir die demokratiese beweging op die oomblik te min en vir die Christen te veel politieke druk in die proses van 'n nuwe onderwysstelsel is.

### *4.2.6 Soewereiniteit in eie kring*

In die verlede het die Regering dikwels die beginsel van soewereiniteit in eie kring oortree. Die hoop word egter gekoester dat die Regering van die toekoms sal toelaat dat ouers en ander oprigters/stigters van skole toegelaat sal word om self die toelatingsbeleid, gees en rigting (lewensbeskoulike inslag) van skole te bepaal (Van der Walt, 1992[c]:14).

Volgens die ANC se konseponderwysbeleid moet studente (leerlinge), ouers, onderwysers en werkers ook ingesluit word in die besluitnemingsproses, omdat daar in die huidige onderwysstelsel 'n gebrek aan demokratiese beheer is (ANC, 1994:2).

Dit wil dus voorkom of die voorstanders van Christelike opvoedende onderwys en die ANC se weë uiteen sal gaan wanneer die vraagstukke van soewereiniteit in eie kring ter sprake kom. Vir die Christen is die uitgangspunt die Woord van God en ouerbeheer oor die onderwys. Vir die ANC is die uitgangspunt demokrasie en die mag in die hande van die mense ("people").

### *4.2.7 Die invloed van rasionalisering in die onderwys op Bybelonderrig*

Om die onderwys meer vaartbelyn en koste-effektief te maak, word daar in talle opsigte in die onderwys gerasionaliseer. Personeelvermindering word byvoorbeeld in blanke onderwys toegepas om die onderwyser-leerling-verhouding aan te pas.

Volgens die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse onderwysersvereniging is die rasionaliseringsprogram egter lomp en onkonsekwent gehanteer (Anon., 1993[f]:1). 'n Mens kry die indruk dat hierdie rasionaliseringsproses alreeds nadelig begin deurwerk het na 'n vak soos Bybelonderrig.

Omdat minder onderwysers nog steeds die akademiese en administratiewe werklading van voorheen moet dra, moet hulle in toenemende mate meer as een vak aanbied - selfs 'n vak soos Bybelonderrig waarin hulle nie ondervinding en/of opleiding het nie. Bybelonderrig word by sommige skole so gefragmenteer dat onderwysers wat spesialiseer in ander vakrigtings se periodes aangevul word met Bybelonderrig. Dit kan oor die algemeen aanvaar word dat Christenonderwysers dié ekstra werk met toewyding benader, maar dit plaas 'n groot werksdruk op hulle. Om die nuwe sillabus korrek te implementeer verg gespesialiseerde vakkennis en behoorlike voorbereiding. Die onvermydelike gevolg van rasionalisering is dus verlaging van onderwysstandaard

in Bybelonderrig. Maree (soos aangehaal; Anon., 1992[c]:1) waarsku egter ernstig teen 'n verlaging in onderwysstandaard. Bybelonderrig kan beskou word as die hoekpilaar van Christelike onderwys omdat die vak direk met die Bybel as Woord van God werk.

Stone (soos aangehaal; Anon., 1993[h]:1) is op sy beurt van mening dat die beoogde verandering in die onderwys nie huidige standaarde sal aantas nie omdat die bestaande eksamenstelsel, goedgekwalifiseerde personeel en departementele voorskrifte behou word. (Die stelling mag waar wees ten opsigte van eksamenvakke, maar dit moet in gedagte gehou word dat Bybelonderrig nie 'n eksamenvak is nie.)

Na aanleiding van die voorafgaande argumente kan aanvaar word dat rasionalisering 'n nadelige invloed op opvoedende onderwys in die algemeen het of kan hê, maar in die besonder op 'n belangrike vak soos Bybelonderrig. In 1. hierbo is aangetoon dat die NR ernstig gekant is teen die verlaging van onderwysstandaarde as gevolg van die invloede van die sekulêre humanisme.

### *4.2.8 Onderwysvernuwingstrategie (1992)*

Na aanleiding van die Regering se **Onderwysvenuwingstrategie** (OVS) sê die Transvaalse Onderwysvereniging (TO) dat die OVS sekere vrae laat onstaan het oor die moontlike nadelige invloed van dié strategie op opvoedende onderwys (Anon., 1993[b]:2). Enkele opmerkings oor die gedagtes en bedenkinge wat die TO oor die OVS het:

* Die doodsklok het vir rasgeskeide onderwysstelsels gelui.
* Die Afrikaner is nie genoegsaam 'n rol gegun in die oorgangs- en die aanstaande nuwe onderwysbedeling nie.
* Etnisiteit moes groter erkenning gekry het in die beplanning van 'n nuwe bedeling. Daarbenewens word groter duidelikheid verlang oor die wyse waarop eiesoortige onderwys waarin taal, kultuur en godsdiens 'n rol gaan speel, verwesenlik gaan word.
* Demokratisering van die onderwys het nog nie kommunikasie verbeter nie. Daar is 'n gebrek aan inligtingsvloei.
* Die afleiding kan gemaak word dat die TO nie oortuig was dat genoeg kundiges in die oorgangsadministrasie 'n rol gaan speel nie.

Daar is tans nog nie genoeg duidelikheid oor al die vrae wat die OVS laat ontstaan het nie.

Die demokratiese beweging gee erkenning vir die feit dat die OVS een nierasgebonde onderwysstelsel aanbeveel, maar lewer ook skerp kritiek op die dokument. Enkele punte van kritiek oor die OVS:

* Die OVS het sy oorsprong by witgedomineerde en konserwatiewe burokrate wat die ongelykhede, die erfenisse van apartheid sou laat voortbestaan (NECC, 1992[b]:21).
* Die dokument se aanbevelings oor die toekomstige struktuur van die onderwys is vaag (NECC, 1992[b]:18).
* Daar word nie melding gemaak van hoe die onderwys gedemokratiseer moet word nie (NECC, 1992[b]:19).
* Die dokument is eensydig opgestel en nie verteenwoordigend nie (NECC, 1992[b]:21).
* In die dokument is daar sprake van desentralisasie en dit is onaanvaarbaar, omdat dit die eenheid van die onderwysstelsel in gedrang sou bring (NECC, 1992[b]:20).

In die lig van bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat die OVS in die toekoms min kans op implementering sal kry.

### *4.2.9 'n Algemene toestand van onsekerheid*

Dit kan sonder vrees vir teenspraak aanvaar word dat die grootste faktor in die Suid-Afrikaanse samelewing wat onsekerheid veroorsaak, op die politieke terrein lê (Greyling, 1993:K6). Hierdie onsekerheid beïnvloed alle lewensterreine en in hierdie geval veral die onderwys. Die onderwysbedeling van die toekoms sal grotendeels afhang van politieke besluite (Van der Walt et al., 1993:1), waarvoor daar nog tot op datum geen uitsluitsel is nie.

Dit is byvoorbeeld nog nie duidelik of 'n hoë mate van konsensus oor 'n oorgangsbedeling vir die onderwys en die finale vorm van 'n nuwe bedeling reeds bereik is nie. Die verwagte oorgangsbedeling sal nie sonder risiko's wees nie (Anon., 1993:11[a]) en dit skep onsekerheid.

Onderwysers is onseker en ongelukkig oor vele aspekte wat hulle toekoms in die onderwys raak (Powell, soos aangehaal; Anon., 1993[c]:1). Onsekerheid word aangeblaas deur gerugte oor allerlei sake soos salarisverminderings, behuisingsubsidies wat mag verdwyn of verminder, pensioene wat in die slag kan bly, belastingsverhoging en welvaartbelasting wat gehef kan word, die ekonomie wat verder kan verswak, taalkwessies wat spanning en onsekerheid kan meebring en ander aspekte wat nie hier bespreek kan word nie. Daar bestaan ook onsekerheid oor die moontlikheid en voortbestaan van Christelike onderwys in 'n toekomstige bedeling (Van Staden, 1991[a]:10).

### *4.2.10 Christelike onderwys in 'n toekomstige bedeling*

#### 4.2.10.1 Algemeen

Die (sekulêre) humanisme is, net soos in die VSA, 'n bedreiging vir Christelike onderwys in Suid-Afrika (Van der Walt & Postma, 1987:23; Van der Walt, 1992[c]:16). Wanneer daar oor die onderwys vir die toekoms in die RSA besin word, is daar kommer oor die Christelike karakter van die onderwys (Van der Walt et al., 1993:1; Van der Walt, 1992[c]:1; Van Staden, 1991[a]:10). Soos aangetoon bestaan daar gegronde onsekerheid oor Christelike onderwys in die toekoms in die RSA. Hierdie onsekerheid oor en oorgangsfase na 'n nuwe bedeling skep 'n gunstige klimaat vir die sekulêre humanisme om sy greep te verstewig op die Suid-Afrikaanse samelewing en op opvoedende onderwys.

#### 4.2.10.2 Historiese oorsig oor Christelike onderwys in Suid- Afrika

Suid-Afrika se onderwysstelsel het 'n lang geskiedenis van pogings ter bevordering van Christelike onderwys. Mettertyd het 'n benadering uitgekristalliseer wat bekend staan as "CNO" ( Christelik-nasionale Onderwys) in die onderwys in Suid-Afrika (Van der Walt, 1992[c]:15).

Vanweë die volkskulturele bedreiginge wat Afrikaners van die kant van Engelse oorheersing ervaar het (laat 19de en vroeg 20ste eeu), het die klem gaandeweg eerder op die "nasionale" geval. Deur die jare is die CNO-beleid op verskillende terreine deur verskillende liggame bevorder en het uiteindelik beslag gekry in Wet 39 van 1967 (Van der Walt, 1992[c]:15; Schoeman, 1991:17), maar in die nuwe onderwysbedeling wat met die WET OP DIE NASIONALE BELEID VIR

ALGEMENE ONDERWYSSAKE (Wet 76 van 1984) ingelei is, is die ideaal van Christelik-nasionale onderwys verswyg (Schoeman, 1991:17).

Op verskillende wyses is die CNO-gedagte ook uitgebrei na die onderwys van die nieblanke bevolkingsgroepe van die land. Tog was daar in die kringe van die nieblanke inwoners van die RSA nie vrede met al die owerheid se reëlings met betrekking tot die onderwys nie (Van der Walt, 1992[c]:15; NECC, 1992[a]:74-75).

Die CNO-gedagte het telkens die blaam ontvang vir die feit dat onderwysvoorsiening aan swartmense diskriminerend en minderwaardig sou wees. Onderwysvoorsiening vir die blanke (veral die Afrikaner) sou daarop gerig wees om die blanke in 'n bevoorregte posisie in die sosiopolitieke bedeling van die land te hou (Van der Walt, 1992[c]:16). "Onder die apartheidskapitalisme is die arbeid van die meerderheid gebruik om welvaart te genereer, maar die rykdom word besit en beheer deur 'n klein minderheid van die bevolking" (ANC, 1991:23).

Om hierdie vorm van diskriminasie uit die weg te ruim, word daar aangedring op 'n unitêre onderwysstelsel in een onverdeelde RSA, waarin CNO en die apartheidsbeleid geen rol meer speel nie (Van der Walt, 1992[c]:16).

Na aanleiding van bogenoemde sê Van der Walt (1992[c]:16):

* Bogenoemde aandrang kyk die diversiteit van die bevolking van die RSA mis.
* Die Christenopvoedkundige durf nie die religieuse diversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing miskyk nie en moet voorstelle aan die hand doen om Christelike, Skrifgefundeerde onderwys en skole in die toekoms te probeer verseker.
* Dit word verwag dat sekulêre en liberale onderwys in 'n toekomstige RSA in die openbare/staatskole gegee sal word. Laasgenoemde blyk onder andere uit die African National Congress (ANC) se besprekingsdokument waarin, ten opsigte van onderwys, geen woord gerep word oor Christelikheid of selfs nie eers "religion" nie (African National Congress, 1991).

### 4.2.10.3 Christelike onderwys in die toekoms (ook met verwysing na Bybelkunde en Bybelonderrig)

Onlangs is weer eens beklemtoon dat kinders Christelike kultuureie onderwys moet ontvang (De Klerk, 1993:H3). Met die huidige oorgang na 'n nuwe bedeling in die

RSA word dit egter duidelik dat Christelike onderwys toenemend onder druk sal kom. Christelike onderwys staan ook oop vir die vernietigende aanslag vanuit die kringe van die postmodernistiese tydsgees (Raath, 1993[a]:15). Die verskanste en beskermde posisie wat die Christelike geloof, godsdiens en Christelike onderwys tot dusver in Suid-Afrika geniet het, sal bes moontlik verdwyn (Jordaan [red.], 1992(a): ongenommer; Van der Walt et al., 1993:1; Le Roux, 1992:3).

Op grond van die lewensbeskoulike "neutraliteit" wat reeds in algemene onderwyswetgewing in die RSA skyn te bestaan en op grond van die toenemende heterogene religieuse karakter van leerlinge, kan beweer word dat Skrifgefundeerde onderwys toenemende aanslae sal moet verduur (Van Staden, 1991[b]:2).

Paine (soos aangehaal; Anon., 1993[g]:4) beveel aan dat die volgende noodsaaklik is vir die onderwys in die toekoms:

* Begeleiding oor morele sake deur die daarstelling van aanvaarbare Christelike norme en waardes om die gesag en dissipline te ondersteun wat nodig is vir effektiewe onderwys.
* Die keuse/seleksie van leerinhoude en kurrikula moet tred hou met die snelveranderende tegnologie en mensekragbehoeftes, maar moet terselfdertyd voorsien in die spesifieke behoeftes van leerlinge.

Enkele resente probleme ten opsigte van Christelike onderwys in die RSA is die volgende:

* Die woord **Christelik** het 'n betekenisverskraling ondergaan. Onder die verskraalde betekenis van die woord **Christelik** word verstaan dat sekere algemene Christelike deugde en beginsels toegepas moet word. Christelike onderwys sou dan wees om die kind akademies op te lei en aan hom sekere breë Christelike deugde oor te dra. Ware Christelike onderwys is daarenteen om in alles aan Christus gehoorsaam te wees en om die kind te lei tot persoonlike geloof in Jesus Christus (Vorster, 1983:19-20).
* Raath (1993[a]:14) voer aan dat Christelike onderwys in 'n geloofwaardigheidskrisis beland het as gevolg van die postmodernistiese tydsgees. Die woord **Christelik** het 'n vlag geword wat gehys word sonder om die lading van die vakinhoud te dek waarmee kinders op skool te make kry. Dit het 'n versuikerde lagie geword wat dikwels beperk bly tot die opening van die skooldag met gebed.

* Skeiding word tussen geloof en lewe gemaak (sekularisme). Op Sondag is die mens besig met geestelike dinge, maar vir die res van die week staan die normale (alledaagse) lewe en die geestelike lewe los van mekaar. Dieselfde skeiding vind plaas wanneer die skool met Skriflesing en gebed geopen word, maar deur die dag ontvang die kind neutrale akademiese onderwys (Vorster, 1983:20).
* Die persoonlike oortuiging van die onderwyser kan 'n probleem wees. 'n Verbondskind kan geen Christelike onderwys ontvang by 'n onderwyser wat ongelowig is of wat vaagweg 'n Christen genoem kan word nie (Vorster, 1983:19-20). Die onderwyser moet ook in 'n persoonlike verhouding met God staan (Van der Walt et al., 1993:14).
* Christelike onderwys het die instrument van instrumentalistiese sosiale en politieke manupilasietegnieke geword, wat die inhoud van Christelike vakonderwys ondermyn het (Raath, 1993[a]:14).
* Christelike onderwys het in die krisis van abstrakte teoretisering beland. Dit kom daarop neer dat die Christelike samelewing onder die illusie verkeer dat kinders teoretiese Christelike opvoeding 'gegee' kan word. Die kruks van die saak is egter dat Christelike skole die geleenthede moet skep dat leerlinge dít wat hulle geleer het moet uitleef ("to live their learning") (Raath,1993[a]:14).

Ten spyte van die feit dat 'n beduidende persentasie van die inwoners van die land hulleself as Christene beskou, is 'n algemene verwagting dat onderwys in die toekoms sekulêr en liberaal sal wees (Van der Walt, 1992[c]:16). Dié vermoede word versterk deur uitsprake soos dié van Naudé (1993: radioprogram Profiel), naamlik dat die RSA in die toekoms heel waarskynlik 'n sekulêre staat sal wees.

Van der Walt (1992[c]:16) het in 1992 verwag dat daar "vrye" skole sal mag wees wat deur die owerheid gesubsidieer sal word en waarin die ouergemeenskap 'n sterk finansiële bydrae sal moet maak. Dit sal vrye Christen-, Moslem-, Hindoe-, en ander skole mag wees en sal op die grondslag van privaatskole met owerheidsregistrasie, -toesig, en -voorskrifte bedryf kan word. Binne die vrye skole, so het hy verwag, mag verder gedifferensieer word ten opsigte van volkskulturele verskille soos vir Tswanas, Duitsers, Afrikaners, Zoeloes en dies meer. Dit sou volgens hom verantwoordbaar gewees het dat byvoorbeeld Christen-Engelse skole, Christen-Tswanaskole en dies meer tot stand mag kom. Moedertaalonderrig is wêreldwyd 'n erkende uitgangspunt in die onderwys. Net so is volkskulturele differensiasie in die onderwys ook algemeen erken (Van der Walt, 1992[c]:17). Resente ontwikkelinge dui egter daarop dat hierdie verwagtinge moontlik nie sal realiseer nie (Van der Merwe, 1994[a]:1).

'n Vraag wat tydens die huidige konstitusionele veranderinge aandag verdien, is watter rol of plek Bybelkunde en Bybelonderrig in die toekoms gaan hê. Gaan dié vakke bly voortbestaan of gaan hulle vervang word deur 'n humanistiese vak soos Lewensopvoeding of watter naam ook al aan die vak gegee word? Bybelonderrig, en dus ook Christelike opvoedende onderwys, het te doen met diepere lewenstoerusting en -vorming en die hedendaagse kind het dit net so nodig as afrigting in beroepsgerigte vaardighede (Van der Merwe, 1994[b]:3).

Van der Merwe (1994[b]:3) maak die bewering dat dit moeilik is om vas te stel wat die ANC se beleid oor Godsdiensonderrig/ Bybelonderrig is. Volgens hom is daar gerugte dat 'n sterk faksie in die ANC ten gunste is van die afskaffing van Bybelonderrig in skole om die volgende redes:

* Bybelonderrig is eksklusief en bevoordeel net sekere godsdienstige groepe.
* Bybelonderrig verskaf nie onderrig in vaardigheid nie en is daarom waardeloos.
* Bybelonderrig is in die verlede gebruik om apartheidswaardes te versterk.

Die demokratiese beweging in die RSA (en dus ook die ANC) se standpunt oor godsdienstige onderrig (Bybelonderrig) is kortliks die volgende:

* Die huidige kurrikulum is op Christelik-nasionale onderwys gebaseer en dit is onaanvaarbaar.
* Omdat Bybelonderrig verpligtend is, word religieuse diversiteit nie daardeur erken nie en word die demokratiese reg van studente om vry te wees van godsdienstige dwang ook nie erken nie (NECC, 1992[a]:74-75).

Die demokratiese beweging noem verskillende moontlikhede wat in die toekoms oor Bybelonderrig oorweging kan geniet:

* Totale afskaffing daarvan.
* Morele opvoeding ("moral education") kan van godsdiens geskei word en by ander ander vakke geïnkorporeer word.
* Parallelle programme vir verskillende godsdienstige groepe kan ontwikkel word.
* 'n Multigeloof en/of multitradisie godsdienstige opvoeding kan ontwikkel word. Dit sal studente **omtrent** godsdiens leer in plaas van om godsdiens te

**bevorder.** Dit sal ook verdraagsaamheid en begrip vir diversiteit bevorder (NECC, 1992[a]: 74-75).

Wanneer die nuwe Grondwet (Des. 1993) onder oë geneem word, blyk dit egter dat daar tog bepaalde moontlikhede geopen word wat implikasies kan hê vir Christelike onderwys:

* Volgens Artikel 32(c) van die nuwe Grondwet (200/93) het elke persoon die reg om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand te bring, met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras mag wees nie.
* **Mondstuk** (Anon., 1994[a]:1) noem dat die Grondwet van die RSA (Des. 1993) bepaal dat elke persoon die reg het om die taal en kultuur van sy keuse te gebruik.
* Artikel 14 stel onder andere die volgende met betrekking tot godsdiens, geloof en opinie:

  (1) Elke persoon het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie, waarby akademiese vryheid aan instellings van hoër onderrig inbegrepe is.
  (2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van subartikel (1), kan godsdiensbeoefening in staats- of staatsondersteunde instellings geskied kragtens reëls deur 'n toepaslike gesag vir daardie doel bepaal, mits sodanige godsdiensbeoefening op 'n billike grondslag geskied en bywoning daarvan vry en vrywillig is.

Toekomstige veranderinge op onderwysgebied in die RSA sal, volgens verwagting in sekere kringe, waarskynlik nie gerig en gelei word aan die hand van 'n duidelikooreengekome en omvattende onderwysbeleid nie (Anon., 1994[b]:1). Nuwe leiersfigure op uitvoerende vlakke sal, hoewel hulle oor kundigheid mag beskik, 'n gebrek aan ervaring hê (Anon., 1994[b]:1).

Gebeure in die onderwys sal na verwagting ook ernstige spanning in blanke geledere na vore bring, omdat daar verskillende gesigspunte heers oor die toekomstige onderwysbedeling. Een groep meen dat eiesoortige onderwys steeds moontlik is. 'n Ander meen dat die doodsklok vir volkseie onderwys gelui het. 'n Derde groep meen dat onderwys 'n universele karakter het en 'n sterk samebindende rol kan speel in 'n nuwe bedeling (Anon., 1994[b]:4).

'n Aantal aanpassings waaraan die tot nou toe blanke skole onderworpe sal wees, is onder andere: die kwessie van standaarde, beskikbare plek in onderbenutte skole wat

deur kinders van ander bevolkingsgroepe ingeneem sal word, groter klasgroepe, die hantering van ander kultuurgroepe se kinders, die hantering van nuwe beleidsvoorskrifte en die verrekening van die implikasies van 'n **Handves van Menseregte** (Anon., 1994[b]:7).

Samevattend kan dit gestel word dat die probleem rondom Christelike opvoedende onderwys in die toekoms tweërlei is. Enersyds is daar die kommer dat dit onder druk kom of uitgefaseer kan word. Andersyds is die probleem dat, al sou dit vir die toekoms behoue bly en in 'n mate deur die bogenoemde wetgewing toegepas kan word, daar gewaak sal moet word teen die aanslag van die sekulêre humanisme.

*4.2.11 Sekulêre humanisme in 'n nuwe bedeling in die RSA*

Politieke gebeure en onderwysontwikkeling kan nie van mekaar geskei word nie. Soos reeds voorheen genoem, beleef die RSA vogens sommiges 'n hewige rewolusionêre aanslag (vergelyk ANC, 1993:ongenommer; McAlvany, 1992?:17).

In die geraadpleegde literatuur in 2. (waarin die standpunte van die NR gestel word), word dikwels 'n verband tussen rewolusionêre aktiwiteite en sekulêre humanisme gelê (vergelyk Viguerie, 1980). In sy uiteensetting van die rewolusionêre aanslag teen die RSA noem McAlvany (1992?:17) enkele sake wat, as hulle van nader beskou word, in hoë mate neerkom op die sekulêre humanisme wat in Noord-Amerika deur die NR beveg word:

* Maak die jeug korrup. Kry hulle weg van godsdiens en maak hulle geïnteresseerd in seks, dwelmmiddels en pornografie.
* Kry mense se gedagtes weg van die realiteit af deur te fokus op sport, televisie, seksueelprikkelende boeke en opvoerings en ander beuselagtighede ("trivialities").
* Diskrediteer die gesin as instelling en breek die ouer-kind-verhouding af.
* Moedig promiskuïteit, afwykende seks en egskeiding aan.
* Hou homoseksualiteit voor as "normaal en sosiaal aanvaarbaar". Die ANC ondersteun byvoorbeeld "Gay Rights".
* Gebruik radikale oorsese groepe om druk uit te oefen op Westerse regerings om Marxistiese beginsels te onderskryf.
* Beklemtoon altyd "demokrasie", maar neem politieke mag so vinnig moontlik oor. Daar bestaan 'n direkte verband tussen demokrasie en sekulêre humanisme (Kurtz, 1980:22,23).

Teen die bogenoemde agtergrond, en met die geestelike en morele vervlakking wat reeds in die Suid-Afrikaanse samelewing merkbaar is, bly die sekulêre humanisme 'n vraagstuk waarmee die onderwys in die toekoms rekening sal moet hou.

Die tydsgees wat by jongmense te bespeur is, is dié van 'n **weggooisindroom**, 'n **verbruikersmentaliteit.** Gebruiksartikels word in weggooibare vorm vervaardig. Net so bestaan die opvatting by jongmense dat dít wat in die ouerhuis geleer is, maar geïgnoreer kan word. Op hierdie wyse het die waardesisteem van die Christen vloeibaar en pragmaties geword en in 'n toestand van gewigloosheid beland. Daar is duidelik tekens van morele verval en 'n moraliteitskrisis (Naudé, 1992:2). Immorele optrede word veroorsaak deurdat die Christen 'n proses van sekularisering ondergaan wat hom stelselmatig van God vervreem. Die Christen se lewe het al hoe meer vervlak, selfs tot op die vlak van ongeloof (Naudé, 1992:2). Greyling (1993:K7) stel dit nog sterker as hy waarsku dat Suid-Afrika op die rand van 'n morele senu-instorting staan. In 'n wêreld, wat as die era van "hooligans" getipeer kan word, het die onverfyndheid en onbeskaafdheid selfs God verban.

'n Verskynsel wat volgens Le Roux (1992:3) met die humanisme saamhang, is die beklemtoning van menseregte. In talle verklarings en dokumente speel die mens en menseregte 'n belangrike rol. 'n Mens sou ook kon sê dat humanisme 'n sterk ondertoon handhaaf in 'n dokument soos die "Draft declaration on the rights and responsibilities of religious people" (WCRP-SA, 1992?). In sy kommentaar oor hierdie Suid-Afrikaanse Konferensie vir Godsdiens en Vrede se konsepverklaring oor die regte en verantwoordelikhede van godsdienstige mense maak Le Roux (1992:3) enkele opmerkings:

* Suid-Afrika sal nie meer as 'n Christelike staat beskou kan word nie (vergelyk ook Van der Walt, 1992[b]:15).
* Die verslag beoog samewerking en verdraagsaamheid tussen verskillende godsdienste.
* Die doel van godsdienstige onderrig in skole sal wees om begrip vir, waardering van en verdraagsaamheid teenoor alle godsdienstige tradisies te bevorder en verder om 'n demokratiese en nierassige gemeenskap te bevorder.
* Godsdienste en hulle lede behoort hulle energie en talente aan te wend tot diens van hulle landgenote.

**Gevolgtrekkings:**

* In die verklaring word geen ruimte gelaat vir die feit dat die oorgrote meerderheid van die bevolking tot die Christendom behoort nie.
* In die begrip **samewerking en waardering** tussen verskillende godsdienste is tekens van sinkretisme te bespeur.
* As die oogmerk met godsdienstige opvoeding die bestryding van diskriminasie is, is daar sterk politieke klanke in die verklaring. (Paragraaf 3.3 van die verklaring stel dit selfs as die verantwoordelikheid van 'n godsdienstige samelewing om hulpbronne tot die voordeel van die "landless" aan te wend.) Volgens paragraaf 3.5 is dit die verantwoordelikheid van godsdienstige samelewings om alle sosiale, ekonomiese en politieke strukture en hulle aktiwiteite krities te evalueer. Daarbenewens is "religious community" so wyd gedefinieer, dat dit bykans enige groep mense kan aandui: " ... a group of people who follow a particular system of belief, morality and worship, either in recognition of a divine being, or in the pursuit of spiritual development, or in the expression of a sense of belonging through social custom and ritual;...).
* Die mens en sy regte word beklemtoon bo die eise van God en sy Woord.
* Die klem word eensydig geplaas op die ekumene en die regte van mense, terwyl daar geen sprake van die vertikale verhouding tussen God en die mense is nie nie (Le Roux, 1992:3).

Aangesien daar in die genoemde verklaring soveel klem gelê word op die mens, sy waardigheid en regte, kan dit as wesenlik **humanisties** beskou word. Die verklaring kan ook in sy wydste sin as **sekulêr** beskou word, aangesien daarin geen sprake van die verhouding tot en eise van God en sy Woord is nie. Die verklaring is godsdienstigneutraal geformuleer, klaarblyklik om wye steun te kan geniet. Godsdienste wat voorheen nie algemene erkenning en steun "verwerf" het nie, sal volgens hierdie verklaring wetlik so bevoordeel word, dat hulle die Christelike godsdiens in 'n beskeie hoekie in sal kan verdring.

Uit wat voorheen (in 4.2.9.3) oor die demokratiese beweging se standpunte oor Bybelonderrig gesê is, blyk hulle verbintenis tot sekulêre humanisme en sinkretisme baie duidelik. 'n Totale verwerping van 'n Skrifgefundeerde religieuse grondmotief ten opsigte van onderwys blyk verder uit die demokratiese beweging se verbintenis tot humanistiese riglyne soos nierassigheid, nieseksisme, 'n eenheidstelsel, demokrasie en regstelling ("redress") (NECC, 1992[a]:3,4).

Die pasgenoemde vyf beginsels word regdeur al dertien van die NECC se navorsingsverslae oor onderwys beklemtoon. Hierby voeg die ANC se konsepbeleidsdokument oor onderwys en opleiding ook nog die beginsels van ontwikkeling van die menslike potensiaal, vryheid, gelykheid en geregtigheid ("justice"), politieke bemagtiging ("empowerment"), samewerking, kritiese denke, burgerlike verantwoordelikheid en deelname aan alle aspekte van die gemeenskap (ANC, 1994:3,4).

Uit die geraadpleegde literatuur in 2. is dit duidelik dat die sekulêre humanisme onberekenbare skade aan die opvoedende onderwys in Noord-Amerika aangerig het en dat dieselfde bedreiging die RSA in die gesig staar. Die verwydering van die Bybel uit die Noord-Amerikaanse openbare skool was direk verantwoordelik vir die bevordering van die ateïstiese sekulêre humanisme (Kranendonk, 1978:20-21) en dit is waarom die NR Christelike privaatskole sien as die antwoord op die Noord-Amerikaanse onderwysvraagstukke (Dreckmeyr, 1986:36). Hierdie tendens het sedert die 1960's duideliker geword (Evearitt, 1982:26).

Net soos wat sedelike vervlakking in die VSA toegeneem het as gevolg van die invloed van die sekulêre humanisme, is dit duidelik ook besig om in die RSA te gebeur.

Die konstitusionele veranderinge in die RSA is 'n belangrike verwikkeling wat kommer oor die toekoms van Christelike opvoedende onderwys wek. Die vraag kan selfs gevra word of die sekulêre humanisme nie saam met Westerse demokrasie die land ingesmokkel word nie aangesien daar volgens Kurtz (1980:22,23) 'n verband tussen die ideale van demokrasie en die sekulêre humanisme is.

Aangesien die NR goeie ondervinding het van die stryd teen die sekulêre humanisme, moet daar kennis geneem word van wat die NR daaraan gedoen het, anders bestee Christenopvoedkundiges te veel tyd en energie aan sake waaroor die NR reeds kundigheid opgebou het.

Aangesien die sekulêre humanisme die godsdiens van 'n nuwe era is, moet Christene bedag wees op die invloed op kontemporêre onderwys (Pierard, 1987:135). Die sekulêre humanisme vertoon nie net 'n nie-Christelike karakter nie, maar selfs 'n anti-Christelike karakter (Carper, 1983:136; vergelyk ook Kurtz, 1980:7) en juis daarom is dit een van die belangrikste vraagstukke waarmee die NR te kampe het.

*4.2.12 Skeiding tussen kerk en staat*

Die uitdrukking "wall of separation" verwys na die kunsmatige skeiding tussen kerk en staat in die konstitusie van die VSA. Die NR het nie vrede met dié skeiding nie, omdat die heerskappy van God op alle lewensterreine daarmee ontken word (De Jong, 1982:14).

Hoewel die skeiding tussen kerk en staat in die RSA nog nie so skerp as in die VSA is nie, kan die skeiding in die toekoms skerper word soos die sekulêre humanisme groei (vergelyk Naudé, 1993:radioprogram, Profiel).

Suid-Afrika sal waarskynlik in die toekoms 'n regstaat word en sal nie meer as 'n Christelike staat bekend staan nie. Die groter godsdienstige diversiteit in die Tussentydse Uitvoerende Oorgangsraad en in die nuwe Regering van die RSA is reeds 'n aanduiding daarvan.

Uit die NR se ervaring in die VSA is dit duidelik dat die skeiding tussen kerk en staat hoogs onwenslik is, want daardeur word die gesag van God op alle lewensterreine ontken. As die staat sy gesag op iets uit die skepping grond, soos byvoorbeeld demokrasie, is dit 'n vorm van afgodery (Kranendonk, 1978:67). In die RSA sal dus gewaak moet word teen dieselfde interpretasie oor die verhouding tussen kerk en staat as wat in die VSA gangbaar is.

*4.2.13 Die gesinslewe*

'n Gesonde gesinslewe is hoog op die NR se prioriteitslys (Viguerie, 1980:199). Volgens Viguerie (1980:195) word die gesin uit liberale oorde as dood verklaar. Die NR beywer hom egter vir die bestryding van liberalistiese maatreëls wat die gesinslewe benadeel. Vraagstukke wat met die gesinslewe verband hou, is onder meer: egskeiding, buite-egtelike geboortes, aborsie, geslagsiektes en (kinder)pornografie. Viguerie (1980:196) sien die veranderende en veranderde rol van die vrou in die samelewing ook as een van die grootste bedreigings vir die tradisionele gesin. In die RSA gaan ook al hoe meer stemme op ten opsigte van vroueregte. (Die (on)wenslikheid daarvan word nie hier bespreek nie.)

Enkele aanbevelings van Viguerie (1980:204) ten opsigte van die gesinslewe is:

* die inflasiekoers moet afgebring word, sodat moeders nie nodig het om te werk nie en hulle kinders kan versorg;
* dwelmmiddels moet uit die skole en gemeenskappe geweer word;
* die minimumtoelaag vir werklose jongmense moet verlaag word sodat hulle aangemoedig word om te werk;
* kry gebed terug in die skole, en
* verwyder seks en geweld van die televisie af en uit tydskrifte en video's uit.

Ook Van Deventer (1993:8) beklemtoon dat 'n herwaardering nodig is van die rol van die ouer, die huwelik en die gesin in 'n nuwe Suid-Afrikaanse bedeling. In elke ouerhuis sal ook 'n herwaardering moet kom van waardes, beginsels, dissipline en orde ter wille van die kind en sy totale opvoeding. As huwelike en gesinne op 'n gelukkige en gelowige grondslag geplaas is, sal die opbouende krag daarvan uitkring in die breë samelewing, ongeag die heersende politieke bestel en onderwysbedeling.

Die toepaslike insigte van die NR kom dus daarop neer dat die beskerming van die gesinslewe 'n belangrike prioriteit is en dat daar gewaak moet word teen invloede wat die gesinslewe bedreig.

*4.2.14 Christelike opvoedende onderwys deur middel van privaatskole*

Nadat 'n aantal onderwysvraagstukke in die RSA nou bespreek is, en vasgestel is watter toepaslike insigte van die NR daarop betrekking het, blyk dit dat daar telkens één moontlike oplossing uitkristalliseer, en dit is die stigting van privaatskole.

Volgens die NR is die sekulêre humanisme verantwoordelik vir die laagtepunt in die Noord-Amerikaanse onderwys. Daardeur is kinders se geestelike welvaart op die spel geplaas (Bordewyk [ed.], 1991:4). In 2.5.4 hierbo is die kritiek teen die openbare onderwys in Noord-Amerika bespreek, waaronder die rol van hofuitsprake wat Skriflesing en gebed in die openbare skool verbied het en sodoende die godsdiens van die sekulêre humanisme gevestig het (Carper, 1983:140).

Die NR verwerp een homogene onderwysstelsel vir almal asook neutrale, ateïstiese en sekulêre onderwys. Daarenteen beywer die NR hom vir Christelike, Skrifgefundeerde onderwys, Skriflesing en gebed in die skool, die afskaffing van die "busing"-beleid om rassesegregasie teen te werk, beskikbaarheid van gekeurde handboeke, verantwoordelike hantering van seksopvoeding, stigting van Christelike privaatskole,

samewerking tussen die huis, kerk en skool, ouerbetrokkenheid in die onderwys, Christenonderwysers en Bybelsgefundeerde kurrikula.

Die NR moedig ouers aan om finansiële opofferings te maak ten opsigte van Christelike privaatskole, maar ook om aan te dring op regverdige befondsing van Christelike skole. In hierdie verband word aan die hand gedoen dat daar in die RSA ernstig besin en beplan sal moet word in die rigting van die stig van Christelike privaatskole (Van der Walt et al., 1993:5), dog met inagneming van die ernstige finansiële implikasies wat dit vir die betrokke ouers mag inhou.

Die NR maak van verskillende middele gebruik om bogenoemde sake te bevorder, byvoorbeeld die radio, televisie, koerante en ander gedrukte media en invloedryke organisasies. In 2.5.5.5 is ook ander aanbevelings genoem wat die NR maak om die krisis in die Noord-Amerikaanse onderwys die hoof te bied.

Die stigting van Christelike privaatskole in die VSA het sekere implikasies wat ook op die RSA betrekking kan hê. Die volgende kan onderskei word:

* 'n Neiging tot pluralisme in die onderwys en groter verdraagsaamheid ten opsigte van onderwysdiversiteit.
* Hoër akademiese en lewensbeskoulike standaarde as in die openbare onderwys.
* Beter samewerking tussen verskillende denominasionele groepe.
* Groter ouerbetrokkenheid en inspraak ten opsigte van die Christelike opvoeding van kinders.

Uit Steyn (soos aangehaal; Anon., 1992[a]:7) se opmerkings oor artikel 18 van die voorgestelde voorlopige **Handves van menseregte**, blyk dit dat die **Handves** verreikende implikasies vir Bybelonderrig in skole mag inhou. Daar sal deur ouers en bestuursliggame sterk aangedring moet word om uiterste interpretasies van wette soos dit in die VSA toegepas word, naamlik dat Bybelonderrig en gebede in die skole verbied word, te voorkom.

Die kurrikulum in die Christelike privaatskool moet nie slegs voorsiening maak vir akademiese en/of beroepsgerigte onderwys nie, maar ook om kinders op te lei as Koninkryksburgers. Daar moet daadwerklik aandag gegee word aan Christelike vakinhoude in alle vakke, anders sal die laaste spore van Christelike onderwys spoedig verdwyn (Raath, 1993[a]:15). Raath (1993[a]:15) noem 'n aantal moontlikhede oor

hoe die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) Christelike onderwys sou kon bevorder:

* Skakeling met koepelliggame en bestuursliggame van Christelike skole.
* Behulpsaamheid met die verbesondering van die breë kurrikulum.
* Die organiseer en motiveer van kundiges om Christelike vakhandboeke te skryf.
* Beskikbaarstelling van modules handboeke vir opleiding van Christelike onderwysers.
* Die ondersoek van die vraag na afstandsonderrig in Christelike onderwys en die inwerkingstelling daarvan.
* Lewering van 'n Christelik-prinsipiële vakadviesdiens by die skryf van Christelike handboeke.

Van der Walt (1984[a]:ongenommer) wys samevattend daarop dat dit vir Christenouers en -onderwysers in die RSA noodsaaklik is om te let op die NR se standpunte oor Christelike opvoedende onderwys en werksaamhede aangaande Christelike privaatskole om Christelike onderwys te laat slaag.

## 4.3 Gevolgtrekking

Om Christelike opvoedende onderwys in die RSA te wapen teen 'n moontlike vloedgolf van sekulêre humanisme, is daar drie belangrike vennote, naamlik die gesin, kerk en skool.

Christelike opvoeding begin immers by die gesin en ouers is in die eerste plek verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders. Die opbouende krag van 'n gesonde gesinslewe kring uit na die samelewing. Tussen die gesin en die kerk is logiese natuurlike en geloofsbande. Die kerk is as liggaam van Christus betrokke by opvoedende onderwys (vergelyk 3.2.6.2) en is verantwoordelik om deur Skrifuitleg en prediking lidmate se geloof te versterk.

In die skool is goedtoegeruste, toegewyde en opgeleide Christenonderwysers nodig. Hiermee word nie gesuggereer dat die huidige onderwysers nie oor bogenoemde eienskappe beskik nie. Dit word egter beklemtoon dat onderwysers wat in die toekoms opgelei moet word, meer spesifiek geskool sal moet word vir die taak van Christelike opvoedende onderwys in alle vakke, maar in die besonder vir vakke soos

Bybelonderrig en Bybelkunde. Onderwysers moet die gevare van die sekulêre humanisme ken en dit die hoof kan bied.

In die RSA sal, ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys, gekyk moet word na die gehalte van onderwysopleiding by universiteite en onderwyskolleges. Hiermee word nie 'n ongekwalifiseerde stelling gemaak dat daar iets skort met onderwysopleiding (voor April 1994) nie, maar as die sekulêre humanisme die opvoedende onderwys bedreig, moet daarteen gewaak word dat die sekulêre humanisme nie via onderwysopleiding die klaskamer binnesluip nie. Daar sal antwoorde gevind moet word op vrae soos die volgende:

* Hoedanig is die opleiding van Bybelkunde- en Bybelonderrigonderwysers?
* Word onderwysers opgelei om die skoolsillabusse in bogenoemde vakke te kan onderrig?
* Hoe sien die onderwysopleiding ten opsigte van Christelike onderwys in elke vak daar uit?
* Word Bybelkunde en Bybelonderrigdosente aangestel ter wille van sport en hulle periodes aangevul met "godsdiens"?

Uit die NECC se navorsingsverslag oor onderwysopleiding (National Education Policy Investigation, 1992) word die feit dat Fundamentele Pedagogiek die oorheersende vereiste en opvoedingsteorie vir onderwysopleiding in die RSA is, ronduit verwerp. Fundamentele Pedagogiek het volgens hierdie dokument 'n verswakkende uitwerking op onderwysopleiding en is onder meer intellektueel skadelik, omdat dit die gesprek oor opvoeding (educational discourse) neutraliseer en ontpolitiseer (NECC, 1992[b]:17). Dit wil dus voorkom of Fundamentele Pedagogiek as 'n uitwas van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel beskou word, en saam met laasgenoemde verwerp word.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die weë van Christen-opvoedkundiges en dié van die demokratiese beweging in die RSA uiteen gaan ten opsigte van (ten minste sommige aspekte van) Christelike opvoedende onderwys. Die afleiding kan gemaak word dat onderwys(opleiding) in die toekoms toenemend sekulêr-humanisties en gepolitiseer sal word, omdat die Christelik-religieuse grondmotief in die onderwys in hoë mate misken en ontken word.

Hoewel die NR nie vry te spreek is op alle punte van kritiek nie, lê sy betekenis vir Christelike opvoedende onderwys in die RSA daarin dat dit vir almal wat by

opvoedende onderwys betrokke is, 'n toonbeeld is van onvermoeide ywer en opregte toewyding in 'n Skrifgefundeerde geloofstryd teen die vernietigende mag van die sekulêre humanisme.

Ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys kan die NR-beweging se insigte in hierdie verband van groot hulp wees vir moontlike toekomstige onderwysontwikkeling in Suid-Afrika.

# 5 BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 Inleiding

In hierdie ondersoek is gepoog om na te gaan wat die ontstaansoorsake van die NR-beweging is, en daar is vasgestel dat dié beweging in Noord-Amerika in reaksie opgekom het teen die sekulêre humanisme, dat sy opvoedingsteorie antiteties teenoor die sekulêr-humanistiese ideologie staan en dat daar sekere insigte van die NR is wat vir die situasie in die RSA betekenis kan hê.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die NR nie 'n regstreekse invloed op die RSA het nie, maar dat daar hoogstens ooreenkomste en soortgelyke omstandighede bestaan in Christenopvoedkundiges se stryd teen die sekulêre humanisme in die twee lande. Uit die verloop van die navorsing kan die afleiding gemaak word dat die sekulêre humanisme wel 'n sterk invloed op die RSA (gaan) uitoefen. Die twee wagwoorde van die sekulêre humanisme, naamlik vryheid en demokrasie (vergelyk 2.3.5), figureer reeds sterk op die politieke en onderwysterreine en diskoers in die RSA en daardeur word die Christelike opvoedende onderwys bedreig.

Hoewel die sekulêre humanisme op verskillende lewensterreine 'n negatiewe invloed uitoefen vanweë sy "neutrale" en apostatiese religieuse grondmotief, is in hierdie ondersoek aanvanklik gefokus op die invloed daarvan op die terrein van die opvoedende onderwys in die VSA.

In hierdie hoofstuk word nou gepoog om aan te toon dat daar in die Christelike opvoedende onderwys in die RSA rekening gehou sal moet word met die gevaar van die sekulêre humanisme en dat dit die hoof gebied (sal) moet word. Dit blyk verder dat daar in die RSA tans twee moontlikhede is om Christelike opvoedende onderwys te verseker en dit is deur middel van die staatsondersteunde skole en Christelike privaatskole, waarin ouerinspraak en -beheer 'n deurslaggewende rol behoort te speel.

## 5.2 Bevindings

Die NR is 'n kollektiewe benaming vir 'n ongestruktureerde, maar identifiseerbare segment van die Amerikaanse bevolking wat van oortuiging is dat Noord-Amerika sy Christelike waardes oorboord gegooi het. Die NR beskou die Woord van God as primêre riglyn vir die Christen se geloof en lewe (vergelyk 2.2).

Die ontstaan van die NR hou verband met sekere konserwatiewe bewegings in Noord-Amerika se verset teen fundamentele veranderings wat in die samelewing plaasgevind het gedurende die afgelope drie of vier dekades (vergelyk 2.1). Daar kan godsdienstige en politieke redes vir die ontstaan van die NR aangetoon word (vergelyk 2.4.1). Die belangrikste ontstaansoorsake van die NR sluit die volgende in: die invloed van die sekulêre humanisme, Christelike beginsels wat verwaarloos is, die skeiding tussen die kerk en die staat, kwynende standaarde in die openbare skool, die ontstaan van die Christian Day School Movement (vergelyk 2.4.3).

Sekulêre humanisme is die lewensbeskouing waarvolgens God, die Bybel en geloof beperk word tot die mens se geestelike lewe en niks te make het met die res van die mens se lewensbestaan nie. Die wêreldse (sekulêre) dinge en die wel(-)syn van die mens word beklemtoon en geloof in God word ontmoedig en as onsinnig beskou (vergelyk 2.3.3 en 2.3.4).

In sy stryd teen die sekulêre humanisme fokus die NR veral op drie sake, naamlik die televisie, die gesin en die skool (vergelyk 1.2). In die VSA is die Christelike opvoedende onderwys in die openbare skool met die verloop van tyd ernstig benadeel as gevolg van die invloed van die sekulêre humanisme.

In die RSA weer verloop die konstitusionele veranderinge op rewolusionêre wyse. Die duidelike sekulêr-humanistiese grondmotief van die demokratiese beweging maak dit vir Christenopvoedkundiges in die RSA noodsaaklik en aktueel om ernstig te besin en soos die NR weerstand te bied teen die gevare wat die sekulêre humanisme vir die opvoedende onderwys in die RSA inhou.

In 3. is ondersoek ingestel na die opvoedingsleer van die NR-beweging. Hoewel die NR as konserwatiewe bewussynsbeweging nie oor die ontiese status van opvoedende onderwys as verskynsel besorg is nie, kan daar nogtans uit sy opvattings oor Christelike onderwys 'n opvoedingsleer gerekonstrueer word (vergelyk 3.2.4 en 3.4.1).

Dit is duidelik dat die NR se opvoedingsleer in ooreenstemming is met dié van voorstanders van Christelike opvoedende onderwys in die RSA. Opsommend kom dié opvoedingsgedagtes op die volgende neer:

* Onbevange geloof in die Drie-enige God (vergelyk 3.2.1).

* Christelike opvoedende onderwys het 'n Skrifgefundeerde religieuse grondmotief as uitgangspunt (vgl 3.2.3).
* Die religieuse grondmotief van skepping-sondeval-verlossing beheers opvoedende onderwys as handeling (vergelyk 3.2.4).
* Moraliteit word nie op die menslike rede gebaseer nie, maar op die waardes en norme wat in die Woord van God voorkom (vergelyk 3.2.5).
* Daar kan slegs van 'n Christelike opvoedingsteorie sprake wees as dié teorie gerig word deur die Woord van God (vergelyk 3.4.1).
* Opvoedende onderwys staan op drie pilare, naamlik die gesin, kerk en skool (vergelyk 3.2.6.1).
* Christelike opvoeding wil van kinders verantwoordelike lede van die Christelike samelewing maak, 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing by hulle tuisbring, hulle leer om God, die naaste en die wêreld te dien en om te antwoord op die roeping van God (vergelyk 3.4.2).
* Die kurrikulum vir Christelike opvoedende onderwys moet getuig van 'n Bybelse siening van openbaring en kennis. Dit moet nie slegs gerig wees op beroepsopleiding nie, maar ook op opleiding as Koninkryksburgers (vergelyk 3.4.3).
* In die Christelike skool moet opvoedende onderwys gegrond wees op die Woord van God as uitgangspunt, waar gesag en dissipline gefundeer is op Bybelse riglyne en in liefde toegepas word (vergelyk 3.4.6).
* Die ouer dra die primêre verantwoordelikheid vir die opvoeding van sy kinders en moet ondersteuning aan die onderwyser gee sodat die religieuse kontinuïteit tussen die huis en die skool duidelik blyk (vergelyk 3.4.9).
* Die onderwyser het as opvoeder 'n direkte invloed op die kind en moet 'n toegewyde Christen en meelewende lidmaat van die kerk wees. Die Christenonderwyser lewer 'n beter gehalte opvoedingswerk as een wat uit humanistiese vertrekpunte "opvoed" (vergelyk 3.4.10).
* Die kerk moet die kind koester in die Bybelse Godsopenbaring soos dit in die belydenisskrifte vertolk word (vergelyk 3.4.13).
* Die NR tree in die VSA daadwerklik op in sy reaksie teen die sekulêre humanisme. Die NR se reaksie blyk onder andere duidelik uit sy steun vir die stig van Christelike privaatskole. Die NR beskou onderwys in die openbare skool as ontoereikend, mensgerig en daarom sekulêr-humanisties. Die sekulêre humanisme is in botsing met die gees en rigting van die Christelike opvoeding wat die kind tuis en by die kerk ontvang.

In die RSA is ook situasies aan die ontwikkel wat sterk optrede teen die sekulêre humanisme verg (vergelyk 4.2.11). Politieke gebeure en 'n geweldkultuur (vergelyk 4.1) laat hulle merk op 'n afgematte bevolking. Morele vervlakking (vergelyk 4.2.11), veranderinge in die onderwys (vergelyk 4.2.10.3), onsekerheid oor die toekoms van Christelike opvoedende onderwys (vergelyk 4.2.9 en 4.2.10.3) en 'n politieke beheptheid met menseregte (vergelyk 4.2.11) skep 'n gunstige klimaat waarin die sekulêre humanisme sy greep op die samelewing versterk.

## 5.3 Gevolgtrekkings

5.3.1 'n Religieuse grondmotief speel 'n deurslaggewende rol in opvoedende onderwys. Onderwys kan slegs opvoedend wees as dit Christelik-Skrifgefundeerd is. Daar bestaan nie so iets soos neutrale opvoeding nie (vergelyk 1.1). Christelike norme en waardes is noodsaaklik om die gesag en dissipline te ondersteun wat nodig is vir effektiewe opvoedende onderwys (vergelyk 4.2.10.3). Die openbare onderwys in die VSA blyk ontoereikend te wees om vir kinders 'n Christelike opvoeding te gee. Daarom is Christelike privaatskole 'n sinvolle alternatief vir openbare onderwys (vergelyk 2.5.5.2 en 2.5.5.6).

5.3.2 Die NR het ontstaan uit reaksie teen die bedreiging wat die sekulêre humanisme vir die Noord-Amerikaanse samelewing inhou (vergelyk 2.7), maar veral ook uit reaksie teen die invloed van die sekulêre humanisme op die Christelike opvoedende onderwys (vergelyk 2.4 en 2.7).

5.3.3 Hoewel die NR nie oor 'n volledige uitgewerkte opvoedingsleer beskik nie (vergelyk 3.5), bestaan daar genoegsaam duidelike filosofiese uitgangspunte aan die hand waarvan 'n opvoedingsteorie gerekonstrueer word (vergelyk 3.4).

5.3.4 Om Christelike opvoedende onderwys te laat slaag, is aktiewe ouerbetrokkenheid nodig sonder om in te meng in die professionele aangeleenthede van die onderwysers in die skole. Die rol van die ouer word sterk beklemtoon deur diegene wat besorg is oor Christelike opvoedende onderwys. Ouerbetrokkenheid is 'n voorwaarde vir enige beplanning van onderwyshervorming in die toekoms (vergelyk 3.4.9 en 4.2.14).

5.3.5 Met die totstandkoming van 'n sekulêre staat in die RSA, sal die onderwys waarskynlik ook toenemend "neutraal" en sekulêr-humanisties word. Die postmodernistiese tydsgees skep 'n gunstige klimaat vir die bedreiging wat die sekulêre humanisme vir Christelike opvoedende onderwys inhou (vergelyk 4.2.10.3).

5.3.6 Die ontwikkeling van Noord-Amerikaanse Calvinistiese skole kan nie verstaan word sonder om in ag te neem dat hulle wortels teruggaan tot in Nederland nie (vergelyk 2.5.5.2). Dieselfde geld vir Calvinsties-reformatoriese onderwys in die RSA. Hieruit blyk daar dus 'n verband tussen die NR en Christelike onderwys in die RSA.

5.3.7 Die NR het perspektiewe onder woorde gebring wat as antwoord kan dien vir enkele onderwysvraagstukke in die RSA. Hierdie antwoorde sluit die volgende in:

* Die behoud van Christelike opvoedende onderwys in alle vakke (vergelyk 4.1 en 4.2.10).
* Bekamping van die sekulêre humanisme (vergelyk 4.2.11).
* Die stig van Christelike privaatskole (vergelyk 4.2.14).

5.3.8 Die lewensbeskoulike neutraliteit in die ANC en sy ondersteuners se beleidsdokumente oor onderwys wek kommer onder Christene oor die toekoms van Christelike opvoedende onderwys. As die onderwys gepolitiseer word met humanistiese uitgangspunte soos demokrasie, een onderwysstelsel vir almal en regstellende aksie (vergelyk 4.2.2; 4.2.4; 4.2.5 en 4.2.10.3), sal die Christelik-religieuse grondmotief in die opvoedende onderwys misken word (vergelyk 4.3).

## 5.4 Aanbevelings

### *5.4.1 Aanbevelings voortvloeiend uit die studie*

5.4.1.1 Om die sekulêr-humanistiese aanslag teen die RSA die hoof te bied, behoort kinders Christelike kultuureie onderwys te ontvang en lewensbeskoulike neutraliteit behoort teengewerk te word deur Christelike opvoedende onderwys (vergelyk 4.2.10.3).

5.4.1.2 Die effektiefste manier waarop Christelike opvoedende onderwys in die toekoms sal kan plaasvind, is deur middel van Christelike privaatskole (vergelyk 4.2.10.3 en 4.2.14).

5.4.1.3 Kwaliteitopvoeding vir kinders is en moet ook verskans word in die beginsel van staatsondersteunde skole (vergelyk 4.2.10.3).

5.4.1.4 Christelike opvoedende onderwys moet in alle vakke geïmplementeer word (vergelyk 4.2.10.3). Ten opsigte van kurrikulumontwikkeling in Christelike onderwys, word aanbeveel dat die kurrikulum nie slegs voorsiening maak vir akademiese en/of beroepsgerigte onderwys nie,

maar dat daadwerklike aandag gegee moet word aan Christelike vakinhoude (vergelyk 4.2.14).

5.4.1.5 Daar moet steeds toegesien word dat toegewyde en belydende Christenonderwysers in die onderwysprofessie staan (vergelyk 4.2.10.3 en 4.3).

5.4.1.6 Prioriteit moet gegee word aan die behoud en die verdere uitbouing van vakke soos Bybelkunde en Bybelonderrig (vergelyk 4.2.10.3).

5.4.1.7 Die ouergemeenskap moet voortdurend aangemoedig en gemotiveer word om op allerlei wyses betrokke te wees, maar veral wat hulle beheer, finansiële verpligtinge en inspraak ten opsigte van die gees en rigting van die Christelike skool betref (vergelyk 4.2.10.3).

5.4.1.8 Onderwysstudente sal opgelei moet word om alle vakke uit 'n Christelike perspektief te onderrig om sodoende die verwagte toekomstige lewensbeskoulike neutraliteit en die gepaardgaande sekulêre humanisme teen te werk (vergelyk 4.3).

5.4.1.9 Soos die NR in die VSA, moet Christelike opvoedende onderwys in die RSA aggressief maar stylvol "bemark" word deur gebruik te maak van publikasies, nuusbriewe, die radio, die televisie, tydskrifte, koerante en kerklike publikasies (vergelyk 2).

5.4.1.10 In hierdie ondersoek is nie intensief aandag gegee aan die rol van die kerk ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys in die RSA nie (vergelyk egter 3.4.13 ten opsigte van die VSA). Dit kan egter sonder 'n lang betoog aanvaar word dat die kerk in samewerking met die skool en die gesin, veral sy jong lidmate sal moet oortuig en motiveer dat 'n Christelike opvoedende onderwys noodsaaklik is om die gevaar van die afgodiese sekulêre humanisme te bekamp.

### *5.4.2 Aanbevelings vir verdere navorsing*

Die volgende navorsingstemas het uit hierdie studie na vore getree:

5.4.2.1 Die stig, beheer en bedryf/befondsing van Christelike privaatskole.

5.4.2.2 Die plek en rol van Bybelkunde/Bybelonderrig in 'n nuwe onderwysbedeling in die RSA.

5.4.2.3 Die rol van die kerk in Christelike opvoedende onderwys.

5.4.2.4 Die verband tussen 'n gesonde gesinslewe en Christelike opvoedende onderwys. (Alternatief: Omdat die gesonde gesinslewe bedreig word, kom Christelike opvoedende onderwys in gedrang.)

5.4.2.5 Opleiding van onderwysers met die oog op Christelike opvoedende onderwys vir die toekoms.

5.4.2.6 Sinvolle ouerbetrokkenheid in Christelike opvoedende onderwys.

5.4.2.7 Westerse demokrasie as draer van die sekulêre humanisme.

5.4.2.8 Die opvoedingsleer van die demokratiese beweging is sekulêr-humanisties en daarom vir Christene onaanvaarbaar.

## 5.5 SAMEVATTING

'n Lewe in ooreenstemming met die Bybelse norme plaas verpligtings en verantwoordelikhede op die Christenmens om eties korrek op te tree, in God te glo en die geloof in God uit te leef.

Volgens die sekulêr-humanistiese beskouing plaas die pasgenoemde sake 'n beperking op die mens se vryheid. Die sekulêre mens wil nie voorgeskryf word nie. Hy wil self besluite neem omdat die lewe hier en nou vir hom belangrik is. Die ewigheidsperspektief is by hom uit die oog verloor.

Sekulêre en ateïstiese humanisme spruit uit 'n opvoedkundige sisteem wat die feit verwerp dat daar 'n soewereine God is wat oor alles heers. Die onvermydelike gevolg van die ateïstiese sekulêre humanisme is totale anargie. Daarteenoor is Christelike opvoedende onderwys 'n belegging in die groei van die kerk van Jesus Christus en dit bevorder interaksie tussen alle lede van 'n Christelike gemeenskap terwyl godsdiens op sy beurt weer die hele opvoedingsproses besiel en lei.

Christene in die RSA moet kennis neem van die NR se beginselvaste standpuntinname teenoor die sekulêre humanisme, en wel om die volgende redes:

* Dit kan verwag word dat die samelewing en die onderwys in die RSA op die voetspoor van die vervlakte humanistiese kultuur van die VSA gaan sekulariseer.
* Die kloof tussen Christene en heidene gaan groter en dieper word.
* Dié kloof gaan na verwagting ook die openbare skool in die RSA tref.

Die pasafgelope verkiesing van 'n regering van nasionale eenheid in die RSA (27,28 April 1994) word dikwels 'n bevrydingsverkiesing genoem. Die hoop word uitgespreek dat dit vir alle Christene ook 'n bevrydingsverkiesing was en dat hulle deur simpatieke en begripvolle optrede deur die nuwe Regering bevry sal word van die

ernstige en gegronde kommer en vrese oor die toekoms van Christelike opvoedende onderwys.

In die RSA sit baie Christene tans nog in 'n demokratiese oorgangshipnose vasgevang. Christene sal met dieselfde ywer en toewyding as die NR in die VSA in reaksie moet kom teen die vernietigende invloed van die sekulêre humanisme. Die kundigheid om leiding te neem bestaan onder opvoedkundiges en onderwyskenners. Daar moet dus gedink, besin, beplan en gedoen word, maar boweal ook gebid word.

**BRONNELYS**

AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 1991. Discussion paper for the ANC on Education Policy. 38 p.

AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 1992. Ready to govern. ANC policy guidelines for a democratic South Africa adopted at the National Conference 28-31 May 1992. Johannesburg. 45p.

AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 1993. The success story: our struggle for liberation. Circular, 213-6, June.

AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 1994. A policy framework for education and training. Education department African National Congress. Johannesburg. January.

ANC **Kyk** AFRICAN NATIONAL CONGRESS.

ANON. 1992(a). 'n Handves van fundamentele menseregte en die moderne skool. Mondstuk, 21(243):1,7, Sept.

ANON. 1992(b). Goeie inligtingsvloei noodsaaklik. Mondstuk, 21(244):2, Okt.

ANON. 1992(c). Toekomstige bedelings: 'n digte newel. Mondstuk, 21(245):1,4, Nov.

ANON. 1993(a). Begin van 'n nuwe tydvak. Mondstuk, 22(247):1, 11, 12, Jan.

ANON. 1993(b). Die TO het 'n standpunt oor hervorming. Mondstuk, 22(248):2, Febr.

ANON. 1993(c). FOR ontevrede oor hantering van salarisse. Mondstuk, 22(249):1, Mrt.

ANON. 1993(d). Onderwyskoördinering. Mondstuk, 22(249):2, Mrt.

ANON. 1993(e). Blanke skole word teiken. Mondstuk, 22(251):3, Mei.

ANON. 1993(f). Sogenaamde onderwyskrisis: skerp reaksie. Mondstuk, 22(252):1,5-8, Junie.

ANON. 1993(g). Education symposium. Onderwysnuusflitse, 96:3-6, Aug.

ANON. 1993(h). Nuwe onderwysbedeling. Mondstuk, 22(248):1, Febr.

ANON. 1994(a). Die Grondwet en die onderwys. Mondstuk, 23(260):1, Febr.

ANON. 1994(b). Onsekere pad van oorgang. Waarheen met die onderwys? Mondstuk, 23(259):1,4,7. Jan.

ASIMOV, I. (ed.). 1986. Dialogue ... Dialogue ... Dialogue. Education and free inquiry. A statement from the Academy of Humanism. Contemporary education, 58(1):40-41, Fall.

BARR, J. 1981. Fundamentalism. Rev. ed. London : SCM Press. 378 p.

BISSCHOFF, T.C. & KRUGER, E.G. 1981. Boustene in die metapedagogiek: van Sparta tot Spencer. Durban : Butterworth. 255 p.

BOHANNON, M., BUCKLEY, M. & OSBORNE, D. 1983. The New Right in the States: the groups, the issues and the strategies. Conference on Alternative State and Local Policies. Washington, DC : Center for Policy Alternatives. 92 p.

BORDEWYK G.L. (ed.). 1991. Public schools and Christian Schools. Christian home and school, 69(1):4 Jan/Feb.

BOTHA, E.M. 1990. Metateoretiese perspektiewe op die sosiale wetenskappe. Potchefstroom : PU vir CHO. 240 p.

BRODINSKY B. 1982. The New Right: The movement and its impact. Phi Delta Kappan, 64(2):87-93, Oct.

BRODINSKY, B. 1983. The New Right and its impact on Education. The Education digest, 48(6):6-9, Feb.

BULLOCK, A. & FROMBLEY, S. 1988. The Harper Dictionary of modern thought. New York : Harper & Row. 917 p.

BUSH, L.R. 1984. What is secularism. Southwestern journal of theology, 26(2):5-14, Spring.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybel-genootskap van Suid-Afrika.

CARPER, J.C. 1983. The Christian day school movement. The Educational forum, 47(2):135-149, Winter.

DAVID, M.E. 1984. Teaching and preaching sexual morality: The New Right's anti-feminism in Britain and the USA. Journal of education, 166(1):63-76,

DE GRAAFF, A.H. 1966. The educational ministry of the Church: a perspective. Delft : NV Verenigde Drukkerijen. (Academisch proefschrift.) 175 p.

DE GRAAFF, A.H. 1987. Return to basics: temptation and challenge. Christian educator's journal, 17(4):7, 23, 24-25, March/April.

DE JONG, N. 1977. Philosophy of education: a Christian approach. Nutley, N.J. : Presbyterian and Reformed Pub. Co. 87 p.

DE JONG, N. 1984. Should Church and state be separated? Christian educator's journal, 23(3):14-16, Feb/March.

DE KLERK, F.W. 1993. Toespraak. (In Transvaalse Onderwysvereniging. Notule van die drie en tagtigste algemene vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging gehou op Vrydag, 26 Maart en Saterdag, 27 Maart 1993 in die Normaalsaal van die Onderwyskollege van Pretoria. Bylae:H 1-6.)

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1991. Besprekingsdokument. 'n Kurrikulummodel vir onderwys in Suid-Afrika. Pretoria. 71p.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING. 1992. Onderwysvernuwingstrategie. Bestuursoplossings vir onderwys in Suid-Afrika. Pretoria. 145p.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR. 1993. Administrasie: Volksraad. Transvaal Onderwysdepartement. Werkskema vir Bybelonderrig Standerd 6.

DNO **Kyk** DEPARTEMENT van Nasionale Opvoeding.

DOK **Kyk** DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR

DOOYEWEERD, H. 1953. A new critique of theoretical thought, vol. 1. Amsterdam : Paris. 566 p.

DRECKMEYR, M. 1986. Die Noord-Amerikaanse skoolbeweging. Educare, 15(2):34-42.

ELLERIN, M. & KESTEN, A.H. 1981. The New Right: an emerging force on the political scene. USA Today, 109:10-15, March.

EVEARITT, T. 1982. The fundamentalist Christian boom. Christian educator's journal, 22(4):25-26, April/May.

FARMER, R.B. 1982. Secular humanism: the newest controversy in education. College student journal:158-162, Summer.

FOWLER, S. (ed.), VAN BRUMMELEN, H. & VAN DYK, J. 1990. Christian schooling. Education for freedom. Potchefstroom: PU for CHE. 197 p. (Institute for Reformational Studies. No. 39.)

GREYLING, D.J. 1993. Toespraak. (In Transvaalse Onderwys-vereniging. Notule van die drie en tagtigste algemene vergadering van die Transvaalse Onderwysersvereniging gehou op Vrydag, 26 Maart en Saterdag, 27 Maart 1993 in die Normaalsaal van die Onderwyskollege van Pretoria. Bylae:K 1-15.)

GROBLER, D.C. 1992. Simposium oor die onderwys. Opvoeding en kultuur, 15(3):29-31, Nov.

GRONDWET **Kyk** SUID-AFRIKA

JOHNSTON, E.D. 1984. Social scientists examine the New Religious Right. Teaching political science: politics in perspective, 12(1):4-11, Fall.

JORDAAN, C.L. (red.) 1992(a). Die werklike referendum. Serkos-Kompas (Sentrum vir Reformatoriese en Komtemporêre studies) 1/92:ongenommer, Maart.

JORDAAN, C.L. (red.) 1992(b). 'n Visie vir 'n Christelike RSA. Serkos-Kompas (Sentrum vir Reformatoriese en Kontemporêre studies) 2/92:ongenommer, Mei.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing: deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Potchefstroom: PU vir CHO. 33 p. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H. Inougurele Rede nr. 125).

KERR, J.S. & LUTZ, C. 1969. A Christian dictionary. Philadelphia : Fortress Press. 178 p.

KRANENDONK, D.L. 1978. Christian day schools: why and how. St. Catharines, Ontario, Canada : Paideia Press. 118p.

KURTZ,P. 1980. A secular humanist declaration. Reprinted from Free Inquiry, 1(1):5-29. Winter.

KURRIKULUMMODEL **Kyk** DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING.

LE ROUX, C. 1992. Godsdiens in 'n toekomstige bedeling. Die Hervormer, 85(12):3. Sept.

MCALVANY, D. 1992?. South Africa's descent into communism and the new world order: revolution, betrayal, surrender (and hope). Arcadia: The McAlvany Intellgence Advisor. (Posbus 26148, Arcadia, 0007) 56p.

MCCARTHY, M. 1985. Religion and public schools: emerging legal standards and unresolved issues. Harvard educational review, 55(3):278-317, Aug.

MCGRAW, O. 1982. Where is the public in public education? Phi delta kappan, 64(2):94. Oct.

MELICHBAR, D. 1983. A leap of faith: The New Right and secular humanism. English journal, 72(6):55-58, Oct.

NAUDé, R.M. 1992. Konferensie oor moraliteitskrisis. Die Hervormer, 85(12):1-2, Sept. 15.

NAUDé, B. 1993. Radioprogram: Profiel, uitgesaai op 1 Julie om 10:15 op Afrikaans Stereo.

NECC **Kyk** NATIONAL EDUCATION CO-ORDINATING COMMITTEE

NATIONAL EDUCATION CO-ORDINATING COMMITTEE. 1992(a). Curriculum. Report of the NEPI Curriculum Research Group. A project of the National Education Co-ordinating Committee. Cape Town : Oxford University Press/NECC. 105 p.

NATIONAL EDUCATION CO-ORDINATING COMMITTEE. 1992(b). Teacher education. Report of the NEPI Teacher Education Research Group. A project of the National Education Co-ordinating Committee. Cape Town : Oxford University Press/NECC. 91 p.

NATIONAL EDUCATION CO-ORDINATING COMMITTEE. 1993. Education planning, systems & structure. Report of the NEPI Teacher Education

Research Group. A project of the National Education Co-ordinating Committee. Cape Town : Oxford University Press/NECC. 111 p.

PARK, J.C. 1987. The religious right and public education. Educational leadership, 44(8):5-10, May.

PIERARD, R.V. 1987. The new religious right and censorship. Contemporary education, 58(3):131-137, Spring.

PIERARD, R.V. & CLOUSE, R.G. 1983. What's new about the New Right. Contemporary education, 54(3):194-200, Spring.

POSTMA, W. & VAN DER WALT, J.L. 1984. 'n Leer- en werkboek in die Fundamentele Opvoedkunde vir HOD(N)-, HOD(S)IV- en Opvoedkunde II- en III-studente. Potchefstroom : Pro Rege. 257p.

RAATH, A.G.W. 1990. Moontlike implikasies van die Regskommissie se voorgestelde handves van menseregte. Roeping en riglyne, 38(4):5-7, Des.

RAATH, A.G.W. 1993(a). Die VCHO en perspektiewe op Christe-like skoolonderwys. Roeping en riglyne, 41(2):1,14,15, Jun.

RAATH, A.G.W. 1993(b). Calvinistiese verset teen die revolusionêre tydsgees. Roeping en riglyne, 41(4):11-14, Des.

RAVITCH, D. 1983. Confronting New Right attacks on public education. Education digest, 48(7):6-9, March.

REESE, W.J. 1985 Soldiers for Christ in the army of God: the Christian school movement in America. Educational theory, 35(2):175-194, Spring.

SCHOEMAN, P.G. 1978. Elementêre grondbegrippe van die pedagogiek. Fokus, 6(3):801, Aug.

SCHOEMAN. P.G. 1983. Wysgerige pedagogiek. Pretoria : Sacum. 309 p.

SCHOEMAN, S. 1991. Ons pad vorentoe met Christelik- nasionale onderwys. Konteks, 2(1):17-18, Jan.

SUID-AFRIKA. 1993. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, nr. 200 van 1993. Staatskoerant: 15466, Januarie 28, 1994.

VAN BRUMMELEN H.W. 1986. Telling the next generation. Educational development in Northern American Calvinist Christian schools. University Press of America. 318 p.

VAN BRUMMELEN, H.W. 1989. The new Christian Right and North American education. Potchefstroom : PU for CHE. 31p. (Institute for Reformational Studies. Study pamphlet no. 258.)

VAN DER MERWE, M. 1994(a). Ontnugtering vir skole wat skop teen gekleurdes. Beeld :1, Jan. 24.

VAN DER MERWE, P.J. 1994(b). Godsdiensonderrig in ons skole na 27 April 1994. Die Hervormer 86(23):3, 15 Maart.

VAN DER WALT, B.J. 1978. Heartbeat: taking the pulse of our Christian theological and philosophical heritage. Potchefstroom : PU for CHE. (Series F: Institute for Advancement of Calvinism.)

VAN DER WALT, B.J. 1994. Godsdiensverskeidenheid, -gelykheid en -vryheid in Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. 41 p. (Instituut vir Reformatoriese Studie. Studiestuk no. 314.)

VAN DER WALT, J.L. 1982. Die navorsingsmetodologie van die fundamentele opvoedkunde Koers, 47(1):28-44.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Enkele irrasionele strominge in die fundamentele opvoedkunde. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks J: Potchefstroomse studies in Christelike wetenskap. Monografie nr. 3.)

VAN DER WALT, J.L. 1984(a). Die vierde muur. Fokus, 12(3):ongenommer. Aug.

VAN DER WALT, J.L. 1984(b). A rationale for differentiation in education on the basis of religion and life view. Suid-Afrikaanse tydskrif Opvoedkunde, 4(2):77-83.

VAN DER WALT, J.L. 1988. Navorsing in die filosofiese wetenskappe, met verwysing na die fundamentele opvoedkunde. Koers, 53(2):215-232.

VAN DER WALT, J.L. 1991. 10 Jaar na De Lange: Het iets gebeur? Woord en daad, 31(334):3-6, Mei.

VAN DER WALT, J.L. 1992(a). Die onderwys en die Handves van menseregte. Die Kerkblad, 94(2885):18-20, Febr. 12.

VAN DER WALT, J.L. 1992(b). Konsepverklaring. Die Kerkblad, 95(2899):15-17, Sept.9.

VAN DER WALT, J.L. 1992(c). Enkele prinsipiële onderwysvraagstukke vir die toekomstige RSA. Potchefstroom : PU vir CHO. 22 p. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Instituut vir Reformatoriese studie. Studiestuk nr. 289.)

VAN DER WALT, J.L., BLAAUWENDRAAT, E. & KOLE, I.A. 1993. Die unieke identiteit van die Christelike skool in die toekomstige Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. 30 p. (Instituut vir Reformatoriese studie. Studiestuk no. 303.)

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E. & VAN DER WALT, I.D. 1985. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. 273 p. (Wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO. nr. 18.)

VAN DER WALT, J.L. & POSTMA, W. 1987. Strominge in die opvoedingsteorie 2. Kaapstad : Owen Burgess-uitgewers. 258 p.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1990(a). Humanisme is heidendom. Konteks, 1(7):14, Okt.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1990(b). Humanisme is heidendom. Konteks, 1(8):14, Nov.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1990(c). Humanisme en godsdiens. Konteks, 1(9):14, Des.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1991. Humanisme is heidendom. Konteks, 2(1):14, Jan.

VAN DEVENTER, H.T. 1993. Die plek van die Christenouer in 'n toekomstige onderwysbedeling. Die Hervormer, 86(16):8, Nov. 15.

VAN STADEN, J.G. 1991(a). Die kompleksiteit van godsdiens in die onderwys. Roeping en riglyne, 39(2):10-11, Jun.

VAN STADEN, J.G. 1991(b). Godsdiens in onderwys. Roeping en riglyne, 39(3):2, Sept.

VENTER, J.C. 1983. Die bepaling van opvoedingsgrondtrekke deur middel van die struktuur-empiriese metode. (Verhandeling - M.Ed.) Potchefstroom : PU vir CHO. 178 p.

VIGUERIE, R.A. 1980. The New Right: we're ready to lead. Viguerie Company USA. 243 p.

VORSTER, J.M. 1983. Christelike onderwys: noodsaak en praktyk. Woord en daad, 23(252):19-20, Aug.

WCRP **Kyk** WORLD CONFERENCE ON RELIGION AND PEACE, SOUTH AFRICA.

WELSCH, D., MEDEIROS, D.C. & TATE, G.A. 1981. Education, religion and the New Right. Educational leadership, 39:203-208, Dec.

WORLD CONFERENCE ON RELIGION AND PEACE, SOUTH AFRICA. 1992? Draft declaration on the rights and responsibilities of religious people. 4p. (WCRP-SA, P.O.Box 19354, Pretoria West 0117).